

DEPARTMENT HANDELSREG

**MAATSKAPPYEREG
LML406T**

Studiebrief 102/3/2010

Geagte Student

Teen hierdie tyd behoort u reeds Studiebrief 101/2010, wat uiters belangrike inligting oor hierdie module in maatskappyereg bevat, te ontvang het. Indien u dit nie ontvang het nie, moet u dadelik via die Unisa Kontaksentrum by 0861 670 411 (vir RSA-oproepe) of +27 11 670 9000 (vir internasionale oproepe) met die Departement Versending in verbinding tree.

Inhoud

- 1 INLEIDING**
- 2 ALGEMENE INLEIDING TOT MAATSKAPPYEREG**
- 3 STUDIE-EENHEDE 1 TOT 11**

1 INLEIDING

Hierdie studiebrief bevat die studiegids wat u saam met die voorgeskrewe handboek, *Maatskappy en ander besigheidstrukture in Suid-Afrika*, deur Dennis Davis, Farouk Cassim *et al* (2009) Oxford University Press Southern Africa moet bestudeer. Wanneer ons in hierdie studiegids van “die handboek”, “u handboek” of “die voorgeskrewe (hand)boek” praat, is die verwysing telkens na hierdie bron. Nadere besonderhede oor u voorgeskrewe studiemateriaal, met inbegrip van die handboek, word in Studiebrief 101 vir hierdie module verskaf.

Dit is uiters belangrik om hierdie studiegids te gebruik wanneer u die handboek deurwerk, want die studiegids –

- dui die hoofstukke en gedeeltes van hoofstukke in die handboek aan wat vir hierdie module voorgeskryf word
- bevat 'n lys van voorgeskrewe sake en ander materiaal wat u uit die voorgeskrewe boek, *Hahlo's South African Company Law Through the Cases*, deur Pretorius *et al*, vir 'n spesifieke studie-eenheid moet bestudeer
- bevat bykomende inligting wat u vir die eksamen moet bestudeer
- verduidelik 'n paar moeilike begrippe in meer besonderhede
- stel soms 'n ander standpunt as dié wat in die handboek verduidelik word

Hierdie studiebrief (wat die studiegids is) maak dus ook deel uit van u studiemateriaal, hoewel die voorgeskrewe boek die primêre bron daarvan is.

WAT DIE MODULE “MAATSKAPPYREG (LML406T)” BEHEL

Hierdie module bestaan uit uitgesoekte onderwerpe oor maatskappyreg.

By voltooiing van dié module behoort u in staat te wees om ingewikkelde regsprobleme betreffende sekere aspekte van maatskappyreg te identifiseer, te ontleed en op te los, asook om regstekste uit te lê ten einde verskillende sienings oor aangeleenthede in verband met korporatiewe reg krities te evalueer. Verder behoort u die akademiese kennis en vaardighede in verband met korporatiewe reg te verwerf het, wat u in staat sal stel om met 'n regsloopbaan te begin.

MAATSKAPPYREG IN SUID-AFRIKA

Die Maatskappywet 71 van 2008 is in April 2009 goedgekeur en sal na verwagting in 2010 in werking tree. By sy inwerkingtreding sal dié Wet die Maatskappywet 61 van 1973 herroep en vervang, uitgesonderd Hoofstuk 14 van die 1973-Wet, wat steeds die likwidasië van insolvente maatskappye sal reël. (Die likwidasië van maatskappye maak nie deel uit van die voorgeskrewe werk vir hierdie module nie.)

Maatskappye gaan in die toekoms selfs belangriker word, aangesien die registrasie van nuwe beslote korporasies nie toegelaat gaan word wanneer die Maatskappywet van 2008 in werking tree nie, alhoewel bestaande beslote korporasies vir die afsienbare toekoms mag voortbestaan.

Hierdie module handel dus hoofsaaklik oor die Maatskappywet van 2008, maar enkele beginsels van ons gemenerereg, in soverre hulle nie deur die nuwe Maatskappywet herroep word nie, word ook bespreek aangesien hulle steeds van krag sal bly. Ons gemenerereg word deesdae meestal in uitsprake van die Hoë Hof, die Hoogste Hof van Appèl en die Konstitusionele Hof aangetref. Soos sy voorgangers is die Maatskappywet van 2008, dus nie 'n volledige kodifisering van ons maatskappyreg nie. Waar nodig, verwys ons soms na die bepalings van die Maatskappywet van 1973, om u te help om die bepalings van die nuwe Wet te begryp.

Hoewel hoofstuk 1 van u handboek nie voorgeskryf word nie, raai ons u sterk aan om dit deur te lees, want dit bevat 'n kort geskiedenis van die maatskappyreg in Suid-Afrika, asook 'n verduideliking van die agtergrond en ontwikkeling van die nuwe Wet, dit wil sê Wet 71 van 2008. Dit verskaf ook belangrike inligting oor die oogmerke, sleutelkonsepte en die struktuur van die nuwe Wet, wat u sal help om die bepalings van die Wet te begryp en uit te lê.

Afdelings 2.1 tot 2.11.4 van hoofstuk 2 word ook nie vir 'n spesifieke studie-eenheid voorgeskryf nie, maar u moet nietemin met die inhoud daarvan vertrou raak, veral as dit u eerste kennismaking met die Maatskappywet van 2008 is. Hierdie afdelings verduidelik die verskillende tipes maatskappye wat ingevolge die nuwe Wet geregistreeer kan word, asook die prosedure en samestellende dokumente wat vir inkorporasie voorgeskryf word. Ons gaan aanneem dat u op hoogte is van al hierdie aangeleenthede.

Die stelling in die handboek (afd 2.3) dat die Maatskappywet oor die lig van die korporatiewe sluierswyg, is nie korrek nie. Artikel 163(4) van die Wet, wat handel oor regsremedies en afdwinging, bepaal dat indien 'n hof bevind dat die inkorporasie van óf enige handeling deur óf enige gebruik van daardie maatskappy 'n onbillike misbruik van die regspersoonlikheid van die maatskappy uitmaak, die hof kan verklaar dat die maatskappy nie 'n regspersoon geag moet word ten opsigte van die regte, verpligtinge of aanspreeklikhede wat met die misbruik in verband staan nie.

Die bewoording van hierdie subartikel is 'n kombinasie van artikel 65 van die Wet op Beslote Korporasies, 1984, en die uitspraak in *Botha v Van Niekerk* (wat in die handboek vermeld word). Dit ignoreer egter die standpunt gestel in *Cape Pacific Bpk v Lubner Controlling Investments (Edms) Bpk*, wat die toets van onbillike onreg (*unconscionable injustice*) wat in *Botha v Van Niekerk* toegepas is, as te rigied beskryf. Die hof sal waarskynlik steeds die bestaande regspraak oor die gemeenregtelike reël betreffende die lig van die korporatiewe sluiers gebruik wanneer hulle moet beslis wat onbillike misbruik uitmaak.

Artikel 164(4) word in afdeling 11.7 van hoofstuk 11 van die handboek bespreek en hoewel dit nie voorgeskryf word nie, stel ons voor dat u dit wel aandagtig deurlees.

Raadpleeg ook die Algemene Inleiding tot Maatskappyreg hieronder vir 'n bondige samevatting van die kennis waarvoor u teen hierdie tyd behoort te beskik.

HOE OM HIERDIE STUDIEGIDS TE GEBRUIK

Aan die begin van elke studie-eenheid verstrek ons die nommers van die hoofstukke of gedeeltes van hoofstukke wat vir daardie studie-eenheid voorgeskryf word. Ons verdeel dan die studie-eenheid in verskillende dele en verskaf die nommers van die afdelings wat vir die betrokke gedeelte voorgeskryf word. Let asseblief daarop dat, wanneer byvoorbeeld afdeling 3.3 vir 'n bepaalde gedeelte voorgeskryf word, dit beteken dat u die hele afdeling 3.3, insluitende al sy onderafdelings, moet bestudeer. U moet dus van die begin van afdeling 3.3 af tot aan die einde van afdeling 3.3.9 bestudeer.

Onthou dat u **alles** in die voorgeskrewe gedeeltes van die handboek en die studiegids moet bestudeer, **insluitende die besliste sake wat daarin bespreek word**. Daarbenewens moet u die voorgeskrewe sake bestudeer wat aan die begin van elke studie-eenheid gelys word. Dié sake word vervat in *Hahlo's South African Company Law Through the Cases* (sien Studiebrieff 101 vir die besonderhede van dié boek); die nommer van elke voorgeskrewe saak word tussen blokhakies ná die naam en verwysing van die saak verstrek.

Die Maatskappywet 71 van 2008 word afsonderlik voorgeskryf en u moet u die artikels van die Wet bestudeer wat in die voorgeskrewe dele van die handboek en in hierdie studiegids behandel word. Aan die begin van elke studie-eenheid verstrek ons ook 'n lys van artikels wat vir daardie studie-eenheid ter sake is. U moet daardie artikels ook in die Wet self lees, want wanneer u dit in konteks lees, sal u dit beter begryp.

Ons stel voor dat u, wanneer u met 'n studie-eenheid begin, eers die deel van die handboek lees wat vir die hele studie-eenheid voorgeskryf word, sodat u 'n oorsig kan kry van die inhoud van die betrokke studie-eenheid.

Die volgende stap behels dat u elke onderafdeling van die studie-eenheid deurwerk deur die aantekeninge in die studiegids deur te lees en daarna terug te gaan na die betrokke voorgeskrewe deel van die handboek. Ons het probeer om dieselfde opskrifte as die handboek vir onderafdelings van die studie-eenheid te gebruik, maar soms het ons meer as een opskrif gekombineer. Lees daarna die relevante artikel(s) van die Maatskappywet van 2008 en die bykomende voorgeskrewe hofsake en aantekeninge in *Hahlo*. Deur slegs een deel van 'n studie-eenheid op 'n slag te bestudeer, word die werk in meer hanteerbare eenhede verdeel wat u makliker onder die knie behoort te kan kry.

Let asseblief daarop dat die terugvoering wat ná elke aktiwiteit gegee word, slegs riglyne gee oor hoe om die betrokke vraag aan te pak. Die terugvoering is **nie** 'n modelantwoord op die vraag nie.

Ons vertrou dat u dit sal geniet om hierdie module te bestudeer en dat die kennis wat u daardeur opdoen, vir u van groot waarde sal wees.

2 ALGEMENE INLEIDING TOT MAATSKAPPYREG

Tipes maatskappye

Ingevolge die Maatskappywet van 2008 kan twee hoofipes maatskappye geïnkorporeer word, naamlik maatskappye met winsoogmerk en maatskappye sonder winsoogmerk.

'n **Maatskappy met winsoogmerk** se oogmerk is om sy aandeelhouers finansiëel te verryk. Enige maatskappy met winsoogmerk kan deur een of meer persone geïnkorporeer word en daar is geen beperking op die aantal aandeelhouers wat dit kan hê nie. Dit verskil van die situasie ooreenkomstig die Maatskappywet van 1973 ingevolge waarvan 'n openbare maatskappy minstens sewe lede moet hê, terwyl 'n privaat maatskappy met slegs een lid geïnkorporeer kan word, maar nie toegelaat word om meer as 50 lede te hê nie.

Daar is vier soorte maatskappye met winsoogmerk: 'n maatskappy in staatsbesit, 'n openbare (publieke) maatskappy, 'n maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid (die opvolger van die a 53(b)-maatskappy ingevolge die 1973-Wet) en 'n privaat maatskappy. Die tipes maatskappye en hul kenmerke word in afdeling 2.6, hoofstuk 2 van die handboek bespreek.

'n *Maatskappy in staatsbesit* –

- beteken dieselfde as “nasionale regeringsbesigheidsonderneming” soos bepaal in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, of word deur 'n plaaslike owerheid besit
- is 'n sake-onderneming van die nasionale regering
- word ten volle of wesenlik befonds deur die Nasionale Inkomstefonds, belastings, heffings of ander statutêre fondse

Voorbeelde van maatskappye in staatsbesit is die WNNR en die SABS.

'n *Openbare (publieke) maatskappy* het die volgende kenmerke:

- Aandele kan aan die publiek beskikbaar gestel word en is vrylik oordraagbaar.
- Die maatskappy kan op die JSE Ltd gelys word.
- Die Akte van Oprigting (Engelse afkorting – MOI) is die regulerende dokument van hierdie maatskappy.

'n *Maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid* het die volgende kenmerke:

- Dit word hoofsaaklik deur professionele verenigings (soos prokureurs) gebruik.
- Direkteure is saam met die maatskappy gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir skulde en laste wat gedurende hul ampstermyn aangegaan is. Artikel 19(3) gebruik in die Engelse teks van die Wet die woord “contracted” en nie “incurred” nie; in *Fundtrust (Edms) Bpk (In Liquidation) v Van Deventer* 1997 (1) SA 710 (A) beslis die hof gevolglik dat hierdie aanspreeklikheid tot kontraktuele skulde beperk word, en dat deliktuele en statutêre aanspreeklikhede daarvan uitgesluit word.

'n *Privaat maatskappy* –

- se Akte van Oprigting verbied die aanbod van sy aandele aan die publiek; aandele kan nie vrylik oorgedra word nie

'n **Maatskappy sonder winsoogmerk** is 'n maatskappy wat voorheen kragtens die Maatskappywet van 1973 as 'n artikel 21-maatskappy geregistreer is. Sy doelstellings moet verband hou met sosiale aktiwiteite, openbare voordeel, kulturele aktiwiteite of groepbelange. 'n Maatskappy sonder winsoogmerk moet direkteure hê, maar hulle mag nie enige finansiële voordeel uit die maatskappy trek nie, behalwe vergoeding vir werk wat hulle gedoen het.

Verder is so 'n maatskappy nie verplig om lede te hê nie. Indien hy wel lede het, kan sommige van hulle stemregte hê en ander nie.

Voorinkorporasiekontrakte. Ingevolge die gemenerereg mag 'n persoon nie as 'n verteenwoordiger optree vir 'n prinsipaal wat nie bestaan nie. Dit hou in dat 'n persoon ingevolge die gemenerereg nie as verteenwoordiger kan optree vir 'n maatskappy wat nog nie geïnkorporeer is nie, omdat die maatskappy nie voor inkorporasie bestaan nie. Op sy beurt kan dit veroorsaak dat die maatskappy die geleentheid verbeur om voor inkorporasie voordelig kontrakte aan te gaan. Om dit te voorkom bepaal artikel 21 dat voorinkorporasiekontrakte aangegaan kan word namens die maatskappy wat nog geïnkorporeer moet word.

Artikel 1 van die Wet beskryf 'n voorinkorporasiekontrak as “'n ooreenkoms wat voor die inkorporasie van 'n maatskappy aangegaan is deur 'n persoon wat voorgee in die naam van, of namens, die maatskappy op te tree, met die bedoeling of verstandhouding dat die maatskappy geïnkorporeer sal word, en daarna deur die ooreenkoms gebind sal wees.”

'n Persoon wat so 'n kontrak aangaan, word gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik gehou vir aanspreeklikhede wat uit die voorinkorporasiekontrak voortvloei, indien die maatskappy nie geïnkorporeer word nie, of as die maatskappy ná inkorporasie enige deel van die ooreenkoms verwerp.

Artikel 21 sluit nie die gemenerereg uit nie, wat beteken dat 'n oprigter ook die gemeenregtelike alternatiewe mag benut: die kontrak tot voordeel van 'n derde party (*stipulatio alteri*), 'n trust of sessie en delegering. Die gemeenregtelike regsmittele het 'n belangrike voordeel bo 'n artikel 21-kontrak omdat die promotor ingevolge die gemenerereg nie outomaties aanspreeklik is as die maatskappy nie geïnkorporeer word nie, of nie die kontrak bekragtig nie.

Voorinkorporasiekontrakte word in afdeling 2.10 van u handboek bespreek.

Die konstitusie van die maatskappy

Die Akte van Oprigting (AO) is die stigtingsdokument van die maatskappy, wat die verhouding tussen die maatskappy en sy aandeelhouers uiteensit; die maatskappy en die direkteure; die maatskappy en ander partye binne die maatskappy asook die maatskappy en derde partye. Bepalings in die Akte van Oprigting kan van tyd tot tyd verander word.

Ingevolge die 1973-Wet moes twee dokumente by die Registrateur van Maatskappye vir inkorporasie ingedien word, naamlik die Akte van Oprigting en die statute. As hierdie twee dokumente nie ingedien is nie, kon inkorporasie nie plaasvind nie. In ooreenstemming met sy oogmerk om eenvoud na te streef, vereis die 2008-Wet slegs een stigtingsdokument, die Akte van Oprigting.

Ingevolge artikel 15(3), waar sowel die Maatskappywet as die Akte van Oprigting niks bepaal oor sekere aangeleenthede rakende die bestuur van die maatskappy nie, mag die direksie van die maatskappy gewoonlik reëls daarvoor maak, wysig, of afskaf.

Sulke reëls mag nie in stryd wees met die Akte van Oprigting van die maatskappy of die Maatskappywet nie. Voordat die reëls van die direksie in werking tree, moet hulle gepubliseer word op die wyse uiteengesit in die Akte van Oprigting of in die reëls self, en indien voorgeskryf deur die Akte van Oprigting of die reëls, moet die reëls soos voorgeskryf, ingedien word. 'n Reël of reëls tree 20 sakedae ná publikasie daarvan of ná die datum aangedui in die reëls (indien enige), in werking. Wanneer die reëls in werking tree, is hulle op 'n tussentydse grondslag bindend, totdat daar by die volgende algemene aandeelhouersvergadering daarvoor gestem word.

Sulke reëls word eers permanent nadat hulle by die algemene aandeelhoudersvergadering deur 'n gewone besluit bekragtig is.

Die beskerming van minderheidsbelange

Die beskerming van minderheidsbelange is nie 'n voorgeskrewe onderwerp vir hierdie module nie. U gaan egter in sommige van die voorgeskrewe studie-eenhede verwysings na moontlike handeling deur aandeelhouders teëkom. Onthou, maatskappyreg is gegrond op die beginsel van meerderheidsregering. Die meerderheid van stemme in 'n maatskappy bepaal hoe sy interne aangeleenthede hanteer word. Oor die algemeen is daar geen beperking op aandeelhouders oor hoe hulle moet stem nie en hulle het, anders as direkteure, nie enige vertrouensverpligting teenoor hul maatskappy nie. Boonop, aangesien 'n maatskappy afsonderlik bestaan, moet die maatskappy self teen oortreders optree. Indien die oortreders die maatskappy beheer, gaan dit waarskynlik nie gebeur nie. Hierdie beginsels staan gesamentlik bekend as die reël in *Foss v Harbottle*, na aanleiding van die Engelse beslissing in *Foss v Harbottle* (1843) 2 Hare 461, 67 ER 189. Die toepassing van hierdie reël en die noodsaaklikheid van persoonlike of afgeleide aandeelhoueroptrede om sy werking te versag, word in hoofstuk 11 van u handboek bespreek.

Studie-eenheid 1

Aandeelhouders en maatskappyvergaderings

Hierdie studie-eenheid handel oor die bepalings van die Maatskappywet met betrekking tot die verskillende soorte vergaderings, die belê daarvan, stemregte en besluite wat geneem kan word by aandeelhoudersvergaderings.

- ☺ **Bestudeer hoofstuk 4 van u voorgeskrewe handboek!**
- ☺ **Bestudeer artikels 58 tot 65, en 66(1) van die Maatskappywet!**

Voorgeskrewe sake vir hierdie studie-eenheid

Davey and Others v Inyanga Petroleum (1934) Bpk and Another (1954) (3) SA 133 (W) [130]
Ebrahim v Westbourne Galleries Bpk and Others [1973] AC H 360 (HL) [292]
Getz v Spaarwater and Another 1971(2) SA 423 (W) [132]
Gohlke and Schneider v Westies Minerale (Edms) Bpk 1970 (2) SA 685 (A) [36]
In re Duomatic Bpk [1969] 1 ALL ER 161 (Ch) [136]
Pender v Lushington (1877) 6 ChD 70 [124]
Sammel & Others v President Brand Gold Mining Co Bpk 1969 (3) SA 629 (A) [286]
 Hahlo teks op 207 en 235

1.1 Inleiding

Afdelings 4.1-4.2 van die handboek
 Artikel 66(1) van die Maatskappywet

In teenstelling met die Maatskappywet van 1973, waarin 'n aandeelhouer ook 'n lid van 'n maatskappy genoem word, gebruik die Maatskappywet van 2008 slegs die term "aandeelhouer" ten opsigte van maatskappye met 'n winsoogmerk. Die term "lid" word gereserveer vir maatskappye sonder 'n winsoogmerk wat nie aandeelhouders het nie. Daar word dus nou 'n definitiewe betekenisverskil tussen "lid" en "aandeelhouer" gemaak.

"Aandeelhouer" word in artikel 57(1) van die Wet omskryf as "n persoon wat daarop geregtig is om enige stemregte met betrekking tot 'n maatskappy uit te oefen, ongeag die formaat, regsanspraak, titel of aard van die sekuriteite waartoe daardie stemregte behoort".

Artikel 66(1) van die Maatskappywet van 2008 bepaal dat die bedrywighede en sake van 'n maatskappy bestuur moet word deur of onder die leiding van sy direksie, wat die gesag het om al die bevoegdhede uit te oefen en enige van die funksies van die maatskappy te vervul, buiten in die mate wat hierdie Wet of die maatskappy se Akte van Oprigting anders bepaal. Die direkteur is dus verplig om die maatskappy te bestuur, maar die aandeelhouders behou beheer oor die direkteur deur middel van hul bevoegdheid om direkteur aan te stel en uit hul amp te verwyder. Boonop moet heelwat belangrike beslissings van die direkteur deur die aandeelhouders goedgekeur word.

U sal weet dat u hierdie studie-eenheid begryp as u die volgende **sleutelvrae** kan beantwoord:

- Watter soorte vergaderings kan 'n maatskappy hou?
- Waarom en hoe word die vergaderings belê?
- Wat is verteenwoordiging deur 'n gevolmagtigde?
- Welke besluite vereis 'n spesiale besluit?
- Hoe oefen aandeelhouders hul stemregte uit?

1.2 Kennisgewing van vergaderings

Afdeling 4.3 van die handboek

Artikel 62 van die Maatskappywet

'n Maatskappy kan voorsiening maak daarvoor dat 'n aandeelhoudersvergadering deur elektroniese kommunikasie gehou mag word. Indien 'n maatskappy deelname aan 'n vergadering deur elektroniese kommunikasie toelaat, moet die kennisgewing vir die belê van die vergadering die aandeelhouders of hul gevolmagtigdes inlig dat elektroniese deelname moontlik is. Die aandeelhouer dra die koste verbonde aan sodanige deelname.

🌀Aktiwiteit 1.1

Die direksie van Zithulele (Edms) Bpk het 'n vergadering vir 26 Februarie 2010 belê. Mnr Ngcobo, 'n aandeelhouer van Zithulele (Edms) Bpk, het 'n kennisgewing gedateer 19 Februarie 2010 ontvang om die vergadering, wat om 10:00 sou begin, in die raadsaal van Zithulele (Edms) Bpk by te woon. Volgens die agenda vir die vergadering was die doel 'n bespreking van Zithulele (Edms) Bpk se besigheid.

Adviseer mnr Ngcobo of hy behoorlik kennis ontvang het.

➔Terugvoering

Artikel 62 bepaal dat 'n kennisgewing skriftelik moet wees, die datum, tyd en plek van die vergadering moet aandui, die algemene doel van die vergadering moet vermeld, 'n verklaring moet bevat dat 'n aandeelhouer daarop geregtig is om 'n gevolmagtigde aan te stel wat namens die aandeelhouer aan die vergadering mag deelneem en mag stem, moet aandui dat deelnemers op die vergadering bewys van identiteit moet voorlê, vergesel moet word deur 'n afskrif van enige beoogde besluit wat op die vergadering bespreek gaan word, en minstens 10 werksdae voor die datum van die vergadering gegee moet word.

Mnr Ngcobo het nie behoorlik kennis ontvang nie, want die kennisgewing het nie die doel van die vergadering vermeld nie, maar bloot gesê dat die besigheid van Zithulele (Edms) Bpk bespreek sal word. Voorts het dit mnr Ngcobo nie ingelig dat hy daarop geregtig was om 'n gevolmagtigde aan te stel nie, dit het nie genoem of hy bewys van identiteit sou moes voorlê nie en dit is nie vergesel deur 'n afskrif van 'n voorgestelde besluit nie. Kennis van die vergadering is ook nie 10 werksdae voor die vergadering gegee nie.

1.3 Verteenwoordiging deur volmag

Afdeling 4.4 van die handboek

Artikel 58 van die Maatskappywet

Ingre v Maxwell (1964) 44 DLR 765

Davey and others v Inyaminga Petroleum (1934) Bpk and Another 1954 (3) SA 133 (W)

Die aanstelling van 'n gevolmagtigde (*proxy*):

- moet skriftelik geskied en deur die aandeelhouer onderteken wees
- is vir een jaar geldig
- kan vir 'n bepaalde tydperk wees
- kan vir twee of meer persone gelyktydig wees wat stemregte vir verskillende aandele uitoefen
- 'n Gevolmagtigde kan die bevoegdheid om namens die aandeelhouer te handel aan 'n ander persoon delegeer.
- 'n Afskrif van die instrument waarin die gevolmagtigde aangestel word, moet voor die aandeelhoudersvergadering aan die maatskappy gelewer word.
- 'n Aandeelhouer is nie verplig om 'n gevolmagtigde onherroeplike aan te stel nie.

- 'n Aandeelhouer kan die volmag wysig deur dit skriftelik te kanselleer of 'n ander.. gevolmagtigde aan te stel.'n Afskrif van die herroeping moet dan gelewer word aan die gevolmagtigde sowel as die maatskappy

g Aktiwiteit 1.2

Die Akte van Oprigting van Zithulele (Edms) Bpk bepaal dat indien aandeelhouders die reg wil uitoefen om 'n gevolmagtigde aan te stel, hulle slegs een uit 'n lys wat die maatskappy verskaf, mag aanstel.

Adviseer mnr Ngcobo, 'n aandeelhouer van die maatskappy, wat 'n persoon wat nie 'n aandeelhouer van die maatskappy is nie as sy gevolmagtigde wil aanstel.

→Terugvoering

'n Aandeelhouer kan meer as een gevolmagtigde aanstel. Aandeelhouders kan op die maatskappy se vorm vir die aanstelling van gevolmagtigdes versoek word om 'n gevolmagtigde uit die lys wat die maatskappy verskaf, aan te stel. 'n Aandeelhouer is egter nie verplig om een of meer persone op die lys te kies nie. Die aanstellingsvorm moet voldoende ruimte laat waarin die aandeelhouer kan aandui of die gevolmagtigde vir of teen die voorstel sal stem. Mnr Ngcobo kan twee of meer gevolmagtigdes, wat stemregte verbonde aan verskillende van sy aandele sal uitoefen, gelyktydig aanstel.

1.4 Reg om 'n aandeelhoudersvergadering te eis

Afdeling 4.5 van die handboek

Artikel 61 van die Maatskappywet

'n Aandeelhoudersvergadering **kan** deur die direksie of enige persoon deur die Akte van Oprigting daartoe gemagtig, belê word (a 61). 'n Vergadering **moet** belê word indien dit deur die Wet of die Akte van Oprigting vereis word of indien aandeelhouders wat minstens 10% hou van die stemregte wat op daardie vergadering uitgeoefen mag word, versoek dat die vergadering belê word.

1.5 Ander aandeelhoudersoptrede as op 'n vergadering

Afdeling 4.6 van die handboek

Artikel 60 van die Maatskappywet

Gohlke and Schneider v Westies Minerale (Edms) Bpk 1970 (2) SA 685 (A)

In re Duomatic Bpk [1969] 1 ALL ER 161 (Ch)

Die Maatskappywet van 1973 bepaal dat 'n bepaalde algemene jaarvergadering nie gehou hoef te word indien al die lede wat daarop geregtig is om die betrokke vergadering by te woon, skriftelik daartoe instem nie. In so 'n geval word enige besluit wat op die vergadering ter sprake sou gekom het, geag geldig te wees indien dit op skrif gestel is en onderteken is deur al die lede wat daarop geregtig was om op die vergadering te stem. So nie, moet besluite op behoorlik gekonstitueerde ledevergaderings geneem word.

In Suid-Afrikaanse en Engelse regspraak word die gemeenregtelike reël van eenparige instemming egter erken. Kragtens hierdie reël kan sekere besluite geldig wees sonder dat 'n vergadering daarvoor gehou is, indien al die lede ten volle bewus is van die feite en almal daartoe ingestem het, hoewel sodanige instemming nie noodwendig skriftelik hoef te wees nie. In *Gohlke and Schneider v Westies Minerale (Edms) Bpk 1970 (2) SA 685 (A)* het die hof bevind dat lede geldiglik 'n direkteur in die direksie kon aanstel sonder dat 'n formele vergadering gehou is, omdat daar bewyse van hulle eenparige instemming was.

In *In re Duomatic Bpk* [1969] 1 ALL ER 161 (Ch) het die hof bevind dat die eenparige goedkeuring van direkteure se vergoeding deur die twee direkteure wat al die stemreg in 'n maatskappy gehad het, beskou kon word as 'n besluit van 'n algemene vergadering wat die betaling goedgekeur het.

Die situasie is nou deur die Maatskappywet van 2008 verander. Hoewel die algemene beginsel steeds geld dat aandeelhouders hul regte deur besluite op vergaderings uitoefen, kan 'n konsepbesluit aan aandeelhouders voorgelê word. Indien dit skriftelik deur die vereiste meerderheid aanvaar word, sal dit dieselfde uitwerking hê as wanneer dit op 'n vergadering aangeneem is, al is 'n werklike aandeelhoudersvergadering nie gehou nie (a 60). Dit beteken dat die eenparige instemming van al die aandeelhouders nie meer nodig is nie. Geen sake wat ingevolge die Wet of die maatskappy se Akte van Oprigting op 'n algemene jaarvergadering afgehandel moet word, mag egter deur middel van hierdie prosedure afgehandel word nie.

Aktiwiteit 1.3

Die aandeelhouders van Zithulele (Edms) Bpk wil mnr Khuzwayo as direkteur aanstel ten einde 'n direkteur wat oorlede is te vervang. Hulle wil weet of dit nodig is om 'n algemene vergadering van aandeelhouders vir hierdie doel te belê.

→Terugvoering

Die aandeelhouders van Zithulele (Edms) Bpk kan 'n direkteur verkies sonder 'n formele vergadering deur 'n skriftelike stemming te hou van alle aandeelhouders wat daarop geregtig is om oor sy verkiesing te stem. Die maatskappy moet dan binne tien werksdae nadat die besluit geneem is, 'n verklaring waarin die uitslag van die stemming, stemproses of verkiesing uiteengesit word, lewer aan elke aandeelhouer wat daarop geregtig was om oor die betrokke besluit te stem.

1.6 Algemene jaarvergadering

Afdeling 4.7 van die handboek

Artikel 61(7) tot (10) van die Maatskappywet

Ingevolge die Maatskappywet van 1973 moes elke maatskappy 'n algemene jaarvergadering belê op die tye wat die Wet voorgeskryf het, tensy alle lede wat daarop geregtig was om die vergadering by te woon, skriftelik toegestem het dat die vergadering nie gehou hoef te word nie. Ingevolge die Maatskappywet van 2008 het slegs publieke maatskappye 'n statutêre verpligting om algemene jaarvergaderings te belê.

Artikel 61(8) bepaal dat minstens die volgende sake op die algemene jaarvergadering afgehandel moet word:

- verkiesing van direkteure, in die mate vereis deur die Wet of die maatskappy se Akte van Oprigting
- aanstelling van 'n ouditeur vir die volgende finansiële jaar
- aanstelling van 'n ouditkomitee
- voorlegging van die direkteursverslag
- voorlegging van geouditeerde finansiële state vir die voorafgaande finansiële jaar
- voorlegging van 'n verslag van die ouditkomitee
- enige sake wat deur aandeelhouders geopper word

Aktiwiteit 1.4

Zithulele Bpk gaan binnekort 'n algemene jaarvergadering hou. Maak 'n lys van die sake wat op dié vergadering behandel moet word.

→Terugvoering

Sien die bostaande lys.

1.7 Die belê van 'n vergadering in spesiale omstandighede

Afdeling 4.8 van die handboek

Artikel 61(11) en (12) van die Maatskappywet

Die handboek maak dit nie baie duidelik dat twee verskillende situasies onder hierdie opskrif bespreek word nie. Die eerste kwessie, wat deur artikel 61(11) gereël word, kom ter sprake wanneer 'n maatskappy nie 'n vergadering kan belê nie omdat dit geen direkteur het nie of omdat al die direkteure onbekwaam is. Die tweede situasie, wat deur artikel 61(12) gereël word, kom voor wanneer 'n maatskappy om enige ander rede as dié beoog in subartikel (11) versuim om 'n algemene jaarvergadering of 'n vergadering vereis in die Akte van Inkorporasie of vereis deur aandeelhouers te belê.

1.8 Kworum

Afdeling 4.9 van die handboek

Artikel 64 van die Maatskappywet

Let daarop dat 'n kworum vereis word voor die aanvang van 'n vergadering sowel as vir die oorweging van elke bepaalde aangeleentheid.

📄Aktiwiteit 1.5

Die algemene jaarvergadering van Zithulele Bpk word bygewoon deur mnr Ngcobo, wat 5% van die stemregte hou, mnr Dlala wat ook 5% hou, en mnr Kwikkie wat 20% van die stemregte in die maatskappy hou.

Word daar voldoen aan die kworumvereistes van die Maatskappywet van 2008 met betrekking tot die vereiste kworum sodat die vergadering kan begin?

→Terugvoering

Artikel 64 bepaal dat 'n vergadering nie mag begin voordat genoeg persone wat minstens 25% van al die stemregte hou, aanwesig of verteenwoordig is nie. Voorts, indien 'n maatskappy meer as twee aandeelhouers het – soos hier duidelik die geval is – moet minstens drie aandeelhouers teenwoordig wees. Drie aandeelhouers wat 30% van die stemregte hou, is teenwoordig. Daar is dus 'n kworum en die vergadering kan dus begin.

1.9 Hou van vergaderings

Afdeling 4.10 van die handboek

Artikel 63 van die Maatskappywet

Let op die verskil in die aantal stemregte wat uitgeoefen mag word, afhangende daarvan of gestem word deur die opsteek van hande of deur stembriefies. Die handboek sê dat 'n persoon wat buite stemming bly of wat versuim om sy of haar stemregte oor 'n bepaalde besluit uit te oefen, geag word teen die besluit te gestem het. Dié stelling berus nie op enige bepaling van die Wet nie en moet nie geïnterpreteer word asof 'n onthoudingstem in ag geneem sal word wanneer bepaal moet word of 'n besluit aangeneem is of nie. Dit word uitdruklik vereis vir 'n spesiale sowel as 'n gewone besluit dat die vereiste meerderheid van die stemme **uitgeoefen** in die stemming ten gunste van die besluit moet wees ten einde dit 'n geldig aangenome besluit te maak. Slegs die stemme van aandeelhouers wat werklik stem word dus in ag geneem.

⌚Aktiwiteit 1.6

Die aandeelhouders van Zithulele Bpk gaan stem op 'n vergadering deur middel van stembriewe. Mnr Ngcobo hou 8% van die stemregte, mnr Dladla hou 10%, mev Dooka hou 12% en mnr Kwikkie hou 20% van die stemregte in die maatskappy. Mnr Kwikkie besluit om nie te stem nie. Adviseer die aandeelhouders oor wat die uitwerking daarvan sal wees op die geldige aanvaarding van 'n gewone besluit.

→Terugvoering

Aangesien die aandeelhouders van Zithulele Bpk deur middel van stembriewe stem, sal 'n aandeelhouer of sy of haar gevolmagtigde al die stemregte uitoefen wat aan hul aandele verbonde is. Die vereiste persentasie stemme wat op 'n besluit uitgeoefen moet word, is teenwoordig (minstens 25%). Slegs die uitgeoefende stemme op 'n besluit word in ag geneem. Aangesien slegs 30% van die stemregte uitgeoefen sal word, sal meer as die helfte (d.w.s. meer as 15%) van die totale stemregte ten gunste van die besluit uitgeoefen moet word om die besluit geldiglik aan te neem.

1.10 Meerderheidsbewind

Afdeling 4.11 van die handboek

Hierdie reël word nie in die Wet self aangetref nie, maar is 'n gemeenregtelike reël. Die beskerming van minderheidsaandeelhouders teen oorheersing deur die meerderheid as gevolg van meerderheidsbewind word in Hoofstuk 11 bespreek, wat nie voorgeskryf is vir hierdie module nie.

1.11 Uitoefening van stemregte

Afdeling 4.12 van die handboek

Artikel 57(2) tot (6) van die Maatskappywet

Pender v Lushington (1877) 6 ChD 70

Drie moontlike situasies word onder hierdie opskrif bespreek. Dit is, kort en bondig, die volgende:

- (1) 'n maatskappy met 'n winsoogmerk (uitsluitende 'n onderneming in staatsbesit ("State Owned Company")) met slegs een aandeelhouer:
 - Die aandeelhouer kan al die stemregte uitoefen.
 - Reëls met betrekking tot die bepaling van 'n rekorddatum ens. geld nie.
- (2) 'n maatskappy met 'n winsoogmerk (behalwe 'n onderneming in staatsbesit ("State Owned Company")) met slegs een direkteur :
 - Die direkteur kan te eniger tyd 'n bevoegdheid of funksie van die direksie uitoefen of verrig, behalwe insoverre die Akte van Oprigting andersins bepaal.
- (3) 'n Maatskappy met winsoogmerk waarin elke aandeelhouer ook 'n direkteur is (behalwe 'n onderneming in staatsbesit ("State Owned Company")) :
 - Die aandeelhouders kan, behoudens sekere uitsonderinge, sonder kennisgewing of voldoening aan enige interne formaliteite te enige tyd besluit oor enige aangeleentheid wat deur die direksie na die aandeelhouders verwys moet word, behalwe insoverre die Akte van Oprigting anders bepaal..

In *Pender v Lushington (1877) 6 ChD 70* verklaar die hof dat aandeelhouders, anders as direkteure, nie hul stemregte tot voordeel van die maatskappy uitoefen nie, en dat hulle geheel en al in hul eie belang kan optree. 'n Aandeelhouer is daarop geregtig om sy of haar stem te laat aanteken, selfs al maak daardie stem geen verskil aan die uiteindelijke resultaat nie.

☞ **Aktiwiteit 1.7**

Elke aandeelhouer van Zithulele (Edms) Bpk is ook 'n direkteur van die maatskappy. Adviseer hulle oor die vraag of hulle 'n formele vergadering van aandeelhouders moet belê ten einde aandag te skenk aan sake wat na die aandeelhouders verwys moet word.

→ **Terugvoering**

Indien elke aandeelhouer ook 'n direkteur van die maatskappy is, kan hulle oor enige aangeleentheid wat deur die direksie na die aandeelhouders verwys moet word, besluit sonder dat hulle kennis hoef te gee of ander interne formaliteite hoef na te kom, behalwe as die Akte van Oprigting anders bepaal. Elke direkteur moet teenwoordig wees op die direksievergadering waar die saak na hulle verwys word in hul hoedanigheid as aandeelhouders. Daar moet aan die kworumvereistes vir die voortgaan van die vergadering sowel as vir die neem van die besluit, hetsy dit 'n gewone of 'n spesiale besluit is, voldoen word. Dit geld dus vir Zithulele.

1.12 Aandeelhoudersbesluite

Afdeling 4.13 van die handboek

Artikel 65(7)-(11) van die Maatskappywet

Soos die Maatskappywet van 1973 maak die Maatskappywet van 2008 (in a 65(7) en (9)) ook voorsiening vir twee soorte besluite, naamlik 'n gewone besluit, wat meer as 50% van die uitgeoefende stemregte vir goedkeuring nodig het, en 'n spesiale besluit, wat minstens 75% van die uitgeoefende stemregte vir goedkeuring nodig het. 'n Belangrike verskil is egter dat die Maatskappywet van 2008 'n maatskappy toelaat om in sy Akte van Oprigting 'n hoër persentasie vir die goedkeuring van alle of sommige gewone besluite te stipuleer (behalwe in geval van besluite vir die ontslag van 'n direkteur). Daar kan ook 'n laer persentasie vir die neem van 'n spesiale besluit voorgeskryf word, op voorwaarde dat daar altyd 'n verskil van minstens 10% moet wees tussen die persentasies wat vir die onderskeie soorte besluite vereis word.

☞ **Aktiwiteit 1.8**

Onderskei tussen gewone en spesiale besluite.

→ **Terugvoering**

Gewone besluite

- Dit vereis meer as 50% van die uitgeoefende stemregte.
- Die Akte van Oprigting kan voorsiening maak vir 'n hoër persentasie.
- Die Maatskappywet bepaal dat daar 'n verskil van minstens tien persentasiepunte moet wees tussen die vereistes vir die goedkeuring van 'n spesiale besluit en dié vir 'n gewone besluit.

Spesiale besluit

- Dit vereis minstens 75% van die uitgeoefende stemregte.
- Die Akte van Oprigting kan voorsiening maak vir 'n laer persentasie.
- Daar moet 'n verskil van minstens tien persentasiepunte wees tussen die vereistes vir die goedkeuring van 'n spesiale besluit en dié vir 'n gewone besluit.

1.13 Wanneer 'n spesiale besluit nodig is

Afdeling 4.14 van die handboek

Sekere besluite moet ingevolge die Wet spesiale besluite wees, maar die Akte van Oprigting kan insgelyks bepaal dat sekere omstandighede deur spesiale besluit bepaal moet word.

1.14 Uitstel en verdaging van vergaderings

Afdeling 4.15 van die handboek

Artikel 62(4)-(13) van die Maatskappywet

☞Aktiwiteit 1.9

Op die aandeelhoudersvergadering van Zithulele (Edms) Bpk wil die voorsitter, mnr Phakathi, die vergadering verdaag aangesien daar nie genoeg aandeelhouders teenwoordig is om 'n kworum uit te maak nie.

Adviseer die aandeelhouders oor die vraag of die vergadering geldiglik uitgestel kan word.

→Terugvoering

'n Vergadering kan vir een week uitgestel word indien daar 'n uur ná die aangewese tyd waarop die vergadering moet begin, nog nie 'n kworum aanwesig is nie. Mnr Phakathi kan dié eenuurlimiet verleng ingeval van buitengewone omstandighede.

Kennis van uitstel word slegs gegee indien die vergaderplek van die uitgestelde vergadering verskil van dié van die oorspronklike vergadering. Zithulele (Edms) Bpk se Akte van Oprigting of reëls kan 'n ander tyd spesifiseer ter vervanging van die tydperk van een uur of die tydperk van een week. 'n Vergadering kan óf tot 'n vaste tyd en plek, óf tot verdere kennisgewing verdaag word. Wanneer 'n vergadering verdaag word, mag dit nie vir langer as 120 werksdae verdaag word nie

Studie-eenheid 2

Direkteure, direksiekomitees en die maatskappysekretaris

☺ **Bestudeer afdelings 6.1-6.13.6, 8.7 en 7.13**

van u voorgeskrewe handboek!

☺ **Bestudeer aa 1, 66, 67, 68, 69, 71, 72, 73, 75, 76, 78, 85, 86, 87, 88, 89 en 162 van die Maatskappywet!**

Voorgeskrewe sake vir hierdie studie-eenheid:

Robinson v Randfontein Estate Gold Mining Co Bpk 1921 AD 168 [**saak 75**]

Regal Hastings Bpk v Gulliver 1All ER 378(HL) [**saak 76**]

Atlas Organic Fertilizers (Edms) Bpk v Pikkewyn Ghwano (Edms) Bpk 1981 (2) SA 173 (T) [**saak 80**]

Sibex Construction (aA) (Edms) Bpk v Injectaseal CC 1988 (2) SA 54 (T) [**saak 81**]

Fisheries Development Corporation of SA v Jorgenson 1980 (4) SA 156 (W) [**saak 87**]

S v Marks 1965 (3) SA 834 (W) [**saak 221**]

Re Hydrodam (Corby) Bpk [1994] 2 BCLC 180 (Ch) [**saak 138**]

Panorama Developments (Guildford) Bpk [1971] 2 QB 711 [**saak 213**]

2.1 Inleiding

In **studie-eenheid 1** het u kennis gemaak met een van die organe van 'n maatskappy, naamlik die algemene vergadering van aandeelhouers. Die aandeelhouers van 'n maatskappy oefen hul regte uit en verrig die werksaamhede wat deur die Maatskappywet 71 van 2008 of die Akte van Oprigting aan hulle verleen of opgedra is, deur besluite by die algemene aandeelhouersvergadering aan te neem. In **studie-eenheid 2** gaan u kennis maak met die ander hoofgaan van die maatskappy, naamlik die direksie (al die direkteure wat gesamentlik optree).

Die funksies en verantwoordelikhede van 'n maatskappydirekteur ontstaan uit hoofde van die aard van die maatskappy. Soos u weet, is 'n maatskappy 'n regsentiteit wat afsonderlik van sy bestuur en aandeelhouers bestaan. Aangesien die maatskappy nie namens homself kan optree nie, word maatskappyhandelinge deur verteenwoordigers uitgevoer. Hierdie verteenwoordigers kan óf as organe óf as agente (verteenwoordigers in die streng sin van die woord) optree. Die direksie is een van die organe waardeur die maatskappy optree. U gaan ook kennis maak met een van die ampsdraers van 'n maatskappy, naamlik die bestuurder van 'n maatskappy.

U sal weet dat u hierdie studie-eenheid begryp as u die volgende **slutelvrae** kan beantwoord:

- Wat is die regsposisie van 'n maatskappydirekteur en die direksie?
- Watter verskillende soorte direkteure is daar?
- Wat is die verskil tussen direkteure en bestuurders?
- Welke persone is nieverkiesbaar of gediskwalifiseer om 'n direkteur te word?
- Hoe word direkteure aangestel en ontslaan?
- Hoe word direksievergaderings belê?
- Hoe die direksievergadering plaasvind?
- Hoe die maatskappysekretaris aangestel word?
- Wat is die verpligtinge van die maatskappysekretaris?

2.2 Betekenis van die woord “direkteur” en die verskillende soorte direkteure

Afdeling 6.1 van u handboek

Artikels 1, 66(4)(a)(i-iii), 66(4)(b) en 68 van die Maatskappywet

S v Marks [saak221]

Re Hydrodam (Corby) Bpk [saak138]

’n **Direkteur**, met inbegrip van ’n persoon wat die pos van direkteur of alternatiewe direkteur beklee, is ’n lid van die direksie van ’n maatskappy. Iemand word ’n direkteur

- slegs indien daardie persoon sy of haar skriftelike instemming om as direkteur te dien, aan die maatskappy gelewer het en
- eers wanneer hy of sy ooreenkomstig artikel 66 van die Maatskappywet aangestel of verkies is of die amp beklee

Verskillende **soorte** direkteure word deur sowel die King-verslag as die Maatskappywet erken. Die handboek verwys na die King 2-verslag van 2002 (in voetnoot 4), maar daar is nou ook ’n derde King-verslag, die “King Code on Corporate Governance”, ofte wel King III, wat in September 2009 in werking getree het. Dit verskil nie juis wesenlik van sy voorganger nie. Onthou egter dat die King-kodes nie wette is nie. Dit het nie regsrag nie en is dus nie afdwingbaar nie, behalwe dié dele wat in die Maatskappywet 2008 opgeneem is of wat op ’n ander wyse verpligtend geword het, byvoorbeeld deurdat dit vir maatskappye wat op die aandelebeurs wil noteer, by die noteringsvereistes van die JSE Beperk ingesluit is. Dit is riglyne wat die beginsels aandui wat ’n maatskappy moet volg met die oog op goeie korporatiewe bestuur.

Die **King-verslag** onderskei tussen die volgende soort direkteure:

- uitvoerende direkteure
- nie-uitvoerende direkteure
- onafhanklike direkteure

“Nie-uitvoerende” direkteure woon gewoonlik direksievergaderings by en stem by die vergaderings, maar werk nie voltyds vir die maatskappy en het geen dienskontrak nie. “Uitvoerende” direkteure het egter ’n dienskontrak ingevolge waarvan hulle voltyds vir die maatskappy werk. Die King-verslag (King Report on Corporate Governance (1994)) het vier belangrike funksies geïdentifiseer wat deel vorm van ’n nie-uitvoerende direkteur se pligte (opgesom deur Hahlo op 241.)

Let egter daarop dat die hof in *Howard v Herrigel* 1991 (2) SA 660 (A) bevind het dat dit onbehelpsaam en selfs misleidend is om maatskappydirekteure as “uitvoerend” of “nie-uitvoerend” te klassifiseer **vir doeleindes van die bepaling van hulle verpligtinge** jeens die maatskappy, of wanneer enige bepaalde of regstellende optrede van hulle verwag word. Indien iemand ’n aanstelling as direkteur aanvaar, is hy of sy verplig om die uiterste goeie trou teenoor die maatskappy te openbaar, ongeag of hy of sy ’n “uitvoerende” of ’n “nie-uitvoerende” direkteur is.

Twee kategorieë van *de facto*-direkteure kan onderskei word. In die eerste plek is daar persone wat as direkteure optree sonder dat hulle as sodanig aangestel is op die wyse voorgeskryf in die Akte van Oprigting. Die persone wat genomineerde direkteure beheer, word by hierdie kategorie ingesluit, hoewel hulle nie intern as direkteure beskou word nie. Byvoorbeeld, hulle is nie geregtig op direkteursvergoeding nie en indien die Akte van Oprigting ’n gewone direkteur sou toelaat om ’n buitengewone algemene vergadering byeen te roep, sou die *de facto*-direkteur dit nie kon doen nie. Die tweede kategorie van *de facto*-direkteure bestaan uit persone wat inderdaad in die amp aangestel is, maar waar daar die een of ander gebrek in hul aanstelling of kwalifikasies is. Hierdie persone is regtens nie direkteure nie, alhoewel sommige van hulle as sodanig behandel word. Handeling van hierdie direkteure vóór die ontdekking van die gebrek in hul aanstelling of kwalifikasies is nietemin geldig. Sien *Re Hydrodam (Corby) Bpk* [saak 138].

Die **Maatskappywet** erken die volgende soorte direkteure:

- 'n *ex officio*-direkteur
- 'n direkteur aangestel kragtens die Akte van Oprigting
- 'n plaasvervangende of alternatiewe direkteur
- 'n verkose direkteur
- 'n tydelike direkteur aangestel om 'n vakature te vul

🌀 **Aktiwiteit 2.1**

Bestudeer afdeling 6.1 van die handboek en doen dan die volgende:

Onderskei tussen die verskillende soorte direkteure wat in die Maatskappywet erken word.

➔ **Terugvoering**

Raadpleeg afdeling 6.1 van die handboek en maak seker dat u die verskille tussen die verskillende soorte direkteure begryp. U behoort die eienskappe van elke soort direkteur te kan gee.

2.3 Direkteure en bestuurders

Afdeling 6.2 van u handboek

Moresby White v Rangeland Bpk [saak159]

Robinson v Randfontein Estates Gold Mining Co Bpk 1921 AD 168 [saak187]

Daar is heelwat verskille tussen 'n direkteur en 'n bestuurder. 'n **Bestuurder** is 'n **werknemer** van die maatskappy, terwyl 'n **direkteur nie 'n werknemer hoef te wees nie**. Daar is ook verskille tussen die rolle van bestuurders en direkteure met betrekking tot onder meer leidinggewing, besluitneming en hulle onderskeie pligte en verantwoordelikhede. Die direksie is byvoorbeeld daarvoor verantwoordelik om leiding te gee aan en die rigting te bepaal van die maatskappy, terwyl dit die bestuurders se taak is om die strategie namens die direksie uit te voer. Direkteure is ook verantwoordelik vir organisatoriese besluitneming, terwyl die bestuurder gemoeid is met die toepassing van die besluite en beleid.

'n **Besturende direkteur** het gewoonlik die bevoegdheid om die hele, of 'n wesenlike gedeelte, van die maatskappy se sake te hanteer en om alles te doen wat daarvoor noodsaaklik is. Sien hieroor *Moresby White v Rangeland Bpk* [saak159].

Vir 'n gedetailleerde uiteensetting van die verskille tussen direkteure en bestuurders raadpleeg bladsye 86 tot 88 van u handboek.

🌀 **Aktiwiteit 2.2**

Bestudeer Afdeling 6.2 van u handboek en beantwoord dan die volgende vraag:

John is die nuwe bestuurder van Rand Air (Edms) Bpk. Hy wil weet of hy ook 'n direkteur van die maatskappy moet wees. Verduidelik aan hom die verskille tussen 'n direkteur en 'n bestuurder.

Wenk: U kan die tabel op bladsye 86 tot 88 van u handboek gebruik om die vraag te beantwoord.

➔ **Terugvoering**

U moet die verskille tussen 'n direkteur en 'n bestuurder ken. Let ook op dat u, benewens die pligte wat in die tabel op bladsye 86 tot 88 bespreek word, u in die besonder aan direkteurspligte bekendgestel sal word in Studie-eenhied 3. Dit sal sekere vertrouenspligte insluit. Onthou ook dat 'n werknemer of bestuurder soortgelyke vertrouenspligte teenoor die maatskappy het. Sien ook *Phillips v Fieldstone Africa (Pty) Ltd and Another* (2004) 1 All SA 150 (HHA); *Robinson v Randfontein Estates Gold Mining Co Ltd* 1921 AD en *Daewoo Heavy Industries (Pty)Ltd v Banks and Others* (2004) 2 All SA 530 (K) in hierdie verband (afd 6.2 van u handboek).

2.4 Aantal direkteure en instemming

Afdeling 6.3 van u handboek
 Artikel 66(11) van die Maatskappywet

Die verskillende tipes maatskappye moet ingevolge die Wet elk 'n minimum aantal direkteure hê. Iemand word 'n direkteur van 'n maatskappy wanneer hy of sy

- as direkteur aangestel of gekies word kragtens die Maatskappywet of die Akte van Oprigting, of
- 'n amp beklee of 'n titel, benaming of soortgelyke status het wat hom of haar daarop geregtig maak om 'n *ex officio*-direkteur van die maatskappy te wees

Sien *S v Vandenberg and Others* 1979 (1) SA 208 (D) in afdeling 6.3 van u handboek vir 'n verdere bespreking hiervan.

Iemand word 'n direkteur eers nadat hy of sy 'n skriftelike instemming om as direkteur te dien aan die maatskappy gelewer het.

Aktiwiteit 2.3

Bestudeer afdeling 6.3 van u handboek en beantwoord dan die volgende vraag:

Starbucks (Edms) Bpk het mnr Botha deur middel van 'n spesiale besluit by 'n maatskappyvergadering op sy direksie aangestel, saam met die twee bestaande direkteure. Die Akte van Oprigting magtig enige direkteur om namens die maatskappy rekenaartoerusting te koop. Mnr Botha gaan 'n kontrak aan met ABC Computers BK vir die aankoop van vyf rekenaars. Eers nadat die kontrak gesluit is, besef mnr Botha dat hy nie geldig as 'n direkteur van Starbucks (Edms) Bpk aangestel is nie aangesien hy nie sy aanstelling skriftelik aanvaar het nie. Mnr Botha is onseker of die kontrak wat hy vir die aankoop van die rekenaars by ABC Computers BK aangegaan het, geldig is.

→ Terugvoering

Onthou (ondanks die bepaling dat sekere soorte maatskappye 'n minimum aantal direkteure moet hê) dat as 'n maatskappy nie die voorgeskrewe minimum getal direkteure het nie, dit nie die bevoegdhede van die direksie negeer of beperk nie, en maak dit ook nie enige optrede wat deur die direksie of maatskappy geneem is, ongeldig nie.

2.5 Direkteure: die Wet en die maatskappy se Akte van Oprigting

Afdeling 6.4 van u handboek
 Artikels 66(2)(a) en (b), 66(4)(a)(ii-iii), 66(10) en 66(11) van die Maatskappywet

Sekere bepalings van die Wet, met inbegrip van sommige wat van toepassing is op direkteure, kan deur 'n maatskappy se Akte van Oprigting gewysig word, maar andere kan weer nié gewysig word nie. Die tabel op bladsye 91 en 92 van die handboek gee 'n opsomming van die sleutelkwessies rakende direkteure in die Maatskappywet en 'n maatskappy se Akte van Oprigting.

Aktiwiteit 2.4

Bestudeer afdeling 6.4 van u handboek en beantwoord die volgende vraag:

Die Akte van Oprigting van Locke Bpk bepaal dat

- (1) minstens ses direkteure aangestel moet word
- (2) die aandeelhouders van die maatskappy toegelaat word om minstens 30% van die plaasvervangende/ alternatiewe direkteure te kies
- (3) direkteure geregtig is op 'n vaste vergoeding, soos van tyd tot tyd bepaal
- (4) 'n direkteur slegs vir 'n ampstermyn van vyf jaar mag dien

Verduidelik of elk van bogenoemde bepalings van die Akte van Oprigting toelaatbaar is ingevolge die Maatskappywet, 2008. Motiveer u antwoord.

→ **Terugvoering**

'n Openbare maatskappy kan in sy Akte van Oprigting 'n groter aantal direkteure spesifiseer as die minimum aantal wat ingevolge die Wet vereis word. Locke Bpk kan dus vereis dat minstens ses direkteure aangestel word. Artikel 66(4) van die Wet bepaal dat die Akte van Oprigting van 'n maatskappy met winsoogmerk moet bepaal dat die aandeelhouders daarop geregtig is om minstens 50% van die plaasvervangende direkteure te kies. Bogenoemde bepaling ingevolge waarvan die aandeelhouders slegs 30% van die plaasvervangende direkteure kan verkies, is dus ongeldig. 'n Maatskappy se Akte van Oprigting kan voorsiening maak vir die betaling van vergoeding aan en die ampstermyn van sy direkteure. Klousules (3) en (4) van die Akte van Oprigting is dus geldig.

2.6 Nie-verkiesbare en gediskwalifiseerde persone

Afdeling 6.5 van u handboek

Artikels 69(7)(a-c), 69(8)(a) en (b)(i-iv), 69(11) en 69(12) van die Maatskappywet

Sekere mense is **onverkiesbaar** as 'n direkteur van 'n maatskappy, terwyl ander weer **gediskwalifiseer** is.

Let wel: Indien iemand **onverkiesbaar** is as 'n direkteur, beteken dit dat dit sonder uitsondering **absoluut verbode** is om hom of haar as direkteur aan te stel.

Indien iemand **gediskwalifiseer** is vir aanstelling as 'n direkteur, beteken dit dat, behalwe in die geval van iemand wat deur 'n hof verbied is om 'n direkteur te wees, hierdie persoon nog steeds met goedkeuring van die hof as 'n direkteur van 'n maatskappy aangestel kan word. Die ander diskwalifikasies (soos genoem in die tabel op bladsye 94 en 95 van die handboek) is dus **nie absoluut nie omdat** die hof die diskresie het om op aansoek toe te laat dat so 'n gediskwalifiseerde persoon as 'n direkteur aangestel word.

Aktiwiteit 2.5

Bestudeer par 6.5 van u handboek en doen dan die volgende:

1. Maak 'n lys van die persone wat onverkiesbaar is vir aanstelling as direkteure van 'n maatskappy.
2. Maak 'n lys van die persone wat gediskwalifiseer is vir aanstelling as direkteure van 'n maatskappy.

→ **Terugvoering**

Nadat u die afdeling in die handboek bestudeer het, behoort u te kan opnoem welke persone nie verkies mag word vir aanstelling as 'n direkteur nie, en wie gediskwalifiseer is vir aanstelling as 'n direkteur van 'n maatskappy.

a. **Vrystelling van diskwalifikasie as direkteur**

Afdeling 6.6 van u handboek

Artikels 69(8)(b), en 69(11)-(12) van die Maatskappywet

Artikel 69(11) gee aan 'n hof die diskresie om sekere gediskwalifiseerde persone van die diskwalifikasie kwyt te skeld, terwyl artikel 69(12) aan aandeelhouders van sekere private maatskappye die geleentheid bied om diskwalifikasie te vermy.

2.7.1 Vrystellings deur 'n hof

Afdeling 6.6.1 van u handboek

Artikels 69(11) en 69(8)(b) van die Maatskappywet

'n Hof mag op aansoek sekere gediskwalifiseerde persone vrystel van die diskwalifikasie.

🔗Aktiwiteit 2.6

Bestudeer afdeling 6.6.1 van u handboek en beantwoord dan die volgende vrae:

1. Welke persone mag deur 'n hof van diskwalifikasie vrygestel word?
2. Wat sal bewys moet word indien 'n applikant weens wangedrag waarby oneerlikheid betrokke was, uit 'n vertrouensamp ontslaan is? Verwys in u antwoord na *Ex Parte Schreuder* 1964 (3) SA 84 (O) en *Ex Parte Tayob* 1990 (3) SA 715 (T).

➔Terugvoering

Nadat u die afdeling in die handboek bestudeer het, behoort u die persone wat by 'n hof aansoek mag doen om vrystelling van 'n diskwalifikasie, te kan opnoem. U sal sien dat indien 'n applikant uit 'n vertrouensamp ontslaan is weens wangedrag wat oneerlikheid behels, hy of sy sal moet bewys dat hy of sy gerehabiliteer is en met die verantwoordelikhede van 'n direkteur vertrou kan word. Wanneer die hof moet beslis of die applikant eerlik en betroubaar is, word sekere faktore oorweeg, soos die aard van die misdryf en die omstandighede waarin die misdryf gepleeg is.

Volgens McLennan (JS McLennan "Disqualification of Company Directors and the Court's Discretion" (1991) 108 SALJ 4 op 7-8) moet sowel die voor- as die nadele van diskwalifikasie deeglik oorweeg word:

"The first appellant was "the sole decision-maker and formulator of policy in the group... Since his disqualification the group has had to operate without his experienced management. This, it is said, is prejudicial to the group...However, the evidence does not go further than to aver that the group has not fared as well as it might have...But what if the loss van die appellant's services had spelled disaster to the group in the form of financial collapse and even insolvency? [A] wide range of people may be adversely affected: shareholders, creditors, employees, customers, suppliers etc. The collapse of an economic enterprise is obviously never in public interest. Of course, if the offence or offences giving rise to the disqualification show that the person concerned is a danger to the public, there is simply no alternative to disqualification."

2.7.2 Diskwalifikasie as direkteur: vrystellings vir sekere private maatskappye

Afdeling 6.6.2 van u handboek

Artikel 69(12) van die Maatskappywet

Daar is reeds aangedui dat sekere mense gediskwalifiseer kan word om as direkteure van 'n maatskappy aangestel te word (sien afd 7.6 hierbo). Artikel 69(12) bepaal egter uitdruklik dat 'n gediskwalifiseerde persoon in bepaalde omstandighede as 'n direkteur van 'n **private maatskappy** mag dien.

🌀 **Aktiwiteit 2.7**

Bestudeer die beslissing in *Ex Parte Barron* 1977 (3) SA 1099 (K) op bladsy 97 van die handboek en beantwoord dan die volgende vrae:

1. Watter faktore het die diskresie uitgeoefen deur die hof beïnvloed?
2. Waarom was die hof meer toegeeflik ten opsigte van die private maatskappy? Stem u saam met hierdie benadering?

➔ **Terugvoering**

Die hof het in *Ex Parte Barron* tereg bevind dat die hof meer toegeeflik kan wees in 'n saak waar 'n private maatskappy betrokke is, as wanneer 'n publieke maatskappy geraak word. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat 'n direkteur van 'n publieke maatskappy werk met geld waarby 'n groot aantal mense betrokke is. So 'n direkteur moet uiteraard strenger beoordeel word as 'n direkteur van 'n private maatskappy.

2.8 Aansoek om 'n persoon misdadig of op proef te laat verklaar

Afdeling 6.7 van u handboek

Artikel 162 van die Maatskappywet

Die bevoegdheid wat aan 'n hof verleen word om 'n direkteur óf misdadig (“delinquent”) óf op proef (“under probation”) te verklaar, word vir die eerste keer deur die Maatskappywet 2008 in die Suid-Afrikaanse maatskappyereg ingevoer. Dit is bykomend tot die hoër se bevoegdheid om 'n persoon te verbied om 'n direkteur te wees, waarvoor sowel die Maatskappywet van 1973 as die Maatskappywet van 2008 voorsiening maak.

Afhangende van die gronde waarop 'n persoon misdadig verklaar is, sal hy of sy óf onvoorwaardelik gediskwalifiseer word om ooit weer in sy lewe 'n direkteur te wees, óf vir 'n tydperk van minstens sewe jaar gediskwalifiseer word, onderhewig aan die voorwaardes wat die hof gepas ag. 'n Bevel waarkragtens 'n persoon op proef gestel word, mag daarenteen nie 'n tydperk van vyf jaar oorskry nie en kan onderworpe gestel word aan enige voorwaardes wat die hof gepas ag, byvoorbeeld die bywoning van 'n aangewese remediëringsprogram. Raadpleeg bladsye 98 tot 101 van die handboek vir 'n samevatting van wie by die hof aansoek mag doen, die gronde vir die aansoek, die bevel verlang en die gevolge van die bevel. Let ook op dat die Kommissie of die Oornamereguleringspaneel (Takeover Regulation Panel) drie bykomstige gronde tot hul beskikking het waarop 'n aansoek om misdadigverklaring gebaseer kan word (sien bladsye 101 en 102 van die handboek in hierdie verband).

🌀 **Aktiwiteit 2.8**

Bestudeer bladsye 101 en 102 van u handboek en antwoord dan die volgende vraag:

Gary is 'n direkteur van Centro Farmaseutika (Edms) Bpk. Centro het 'n nuwe geneesmiddel vir longontsteking ontwikkel. Gary verskaf egter die formule aan die senior wetenskaplike van Acerbic Farmaseutika (Edms) Bpk teen betaling van 'n bedrag geld. Centro Farmaseutika is baie ontsteld hieroor.

Verduidelik of Centro Farmaseutika 'n hofaansoek sal kan bring om Gary misdadig te laat verklaar al dan nie. Verduidelik ook wat die gevolge van so 'n bevel sal wees indien so 'n aansoek gebring sou word.

➔ **Terugvoering**

Ten einde die vraag te kan beantwoord moet u die volgende weet en begryp:

- Wie aansoek kan doen by die hof
- Die gronde vir so 'n aansoek
- Die toepaslike bevel wat verlang word

- Die gevolge van die bevel

U antwoord moet die volgende laat blyk:

- 'n Maatskappy (hier Centro Farmaseutika (Edms) Bpk) kan by 'n hof aansoek doen om 'n bevel om 'n direkteur misdadig te laat verklaar.
- Gary het sy posisie as direkteur erg misbruik en gehandel op 'n wyse wat op troubleuk neerkom.
- In die onderhawige geval kan 'n misdadigsbevel uitgereik word.
- Sodanige bevel kan onderworpe gestel word aan enige voorwaardes wat die hof gepas ag en sal vir minstens sewe jaar vanaf die datum van die bevel van krag wees.

2.8.1 Aansoek by hof om misdadigheidsbevel op te skort of tersyde te stel

Afdeling 6.7.1 van u handboek

Let op dat so 'n aansoek slegs gedoen kan word in gevalle waar die persoon nie onvoorwaardelik en lewenslank misdadig verklaar is nie. Let ook op dat die aansoeker eers om 'n opskorting van die bevel aansoek moet doen en eers ná verloop van nog twee jaar om die tersydestelling van die bevel aansoek kan doen.

Aktiwiteit 2.9

Lees sub-artikel 6.7.1 van die handboek en doen dan die volgende:

Dit is die jaar 2014. Steven was 'n direkteur van Hamilton (Edms) Bpk, maar in 2011 het die hof hom misdadig verklaar omdat hy inligting wat hy as direkteur bekom het, vir sy eie voordeel aangewend het. Hy meen dat hy nou gerehabiliteer is en aan al die voorwaardes van die hofbevel voldoen het. Hy wil graag weer as direkteur van Hamilton (Edms) Bpk dien. Verduidelik of Steven by 'n hof aansoek sal kan doen om die misdadigheidsbevel op te skort.

→Terugvoering

Steven sal kan aansoek doen om die opskorting van die misdadigheidsbevel omdat drie jaar verloop het sedert die bevel gegee is en die bevel nie berus het op een van die twee gronde wat sou gelei het tot 'n onvoorwaardelike bevel wat lewenslank geld nie. Hy sal egter die hof moet oortuig dat hy gerehabiliteer is en aan al die voorwaardes van sy hofbevel voldoen het.

2.9 Eerste direkteure van 'n maatskappy

Afdeling 6.8 van u handboek

Artikel 67 van die Maatskappywet

U is reeds bewus daarvan dat verskillende tipes maatskappye 'n minimum aantal direkteure moet hê na gelang van die tipe maatskappy (sien par 6.4 van die handboek).

By die inkorporasie van 'n nuwe maatskappy word elke stigterslid geag 'n direkteur van die maatskappy te wees tot tyd en wyl 'n voldoende aantal direkteure aangestel is om aan die vereiste minimum te voldoen.

Aktiwiteit 2.10

Lees par 6.8 van die handboek en beantwoord dan die volgende vraag:

Wat moet die direksie van 'n maatskappy doen as die aantal direkteure van daardie maatskappy ná inkorporasie verminder het tot laer as die vereiste minimum aantal direkteurs vir daardie maatskappy?

→Terugvoering

Die direksie van so 'n maatskappy moet binne 40 werksdae vanaf die datum van inkorporasie 'n vergadering belê met die doel om genoeg direkteure te verkies om al die vakatures te vul.

2.10 Vakatures in die direksie

Afdeling 6.9 van u handboek

Artikel 70 van die Maatskappywet

'n Vakature ontstaan in die direksie wanneer 'n direkteur byvoorbeeld bedank, sterf of onbevoeg word om sy of haar pligte as direkteur te kan verrig. 'n Omvattende lys van die omstandighede waarin vakatures in die direksie ontstaan, word in paragraaf 6.9 van die handboek gegee.

🌀Aktiwiteit 2.11

Lees afdeling 6.9 van u handboek en doen dan die volgende:

Maak 'n lys van die omstandighede waarin 'n vakature in die direksie van 'n maatskappy kan ontstaan.

Wanneer word die bedanking van 'n direkteur van krag?

→Terugvoering

Raadpleeg afdeling 6.9 van die handboek en die beslissing in *Rosebank Television & Appliance Co (Pty) Ltd v Orbit Sales Corporation (Pty) Ltd* 1969 (1) SA 300 (T), soos bespreek op bladsy 103 van die handboek. In *Rosebank Television & Appliance Co (Pty) Ltd v Orbit Sales Corporation (Pty) Ltd* het die hof bevestig dat 'n bedanking in werking tree sodra dit aan die maatskappy oorgedra word, ongeag of dit eers later aanvaar word.

2.11 Vul van vakatures

Afdeling 6.10 van u handboek

Artikel 70 van die Maatskappywet

Indien daar 'n vakature in die direksie ontstaan, behalwe as dit is as gevolg van die feit dat 'n *ex officio*-direkteur nie meer die betrokke amp beklee nie, moet dit gevul word deur 'n nuwe aanstelling of verkiesing soos deur die Wet voorgeskryf.

🌀Aktiwiteit 2.12

Lees paragraaf 6.10 van die handboek en beantwoord dan die volgende vrae:

Indien daar as gevolg van 'n vakature geen direkteure in 'n maatskappy oorbly nie, wie kan dan 'n vergadering belê ten einde direkteure te kies?

Moet 'n maatskappy 'n kennisgewing indien wanneer 'n persoon ophou om 'n direkteur te wees?

→Terugvoering

Raadpleeg afdeling 6.10 van u handboek.

2.12 Ontheffing van direkteure

Afdeling 6.11 van u handboek

Artikel 71 van die Maatskappywet

'n Direkteur kan deur die aandeelhouers en in sommige gevalle deur die direksie ontslaan word.

Aktiwiteit 2.13

Lees sub-afdeling 6.11.1 tot 6.11.3 van die handboek en doen dan die volgende:

Vul die onderstaande tabel wat handel oor die ontslag van 'n direkteur in:

Noem die soort besluit wat op 'n aandeelhoudersvergadering geneem moet word om 'n direkteur te ontslaan.	
Noem die aantal dae kennis wat gegee moet word.	
Kan 'n direkteur kragtens die Maatskappywet 2008, deur 'n aandeelhoudersvergadering ontslaan word ondanks 'n ooreenkoms tussen 'n aandeelhouer en 'n direkteur? Wat was die posisie voor die Maatskappywet 2008? <i>Wenk:</i> Sien bladsye 104 en 105 van die handboek en die <i>Amoils v Fuel Transport</i> -saak op dieselfde bladsye.	
Maak 'n lys van die gronde waarop 'n direkteur deur die direksie ontslaan mag word.	
Het 'n direkteur nog 'n eis om skadevergoeding kragtens 'n afsonderlike dienskontrak met die betrokke maatskappy? <i>Wenk:</i> Sien <i>De Villiers v Jacobsdal Saltworks</i> op bladsy 106 van die handboek.	

→ **Terugvoering**

U sal op bladsy 106 van die handboek merk dat 'n direkteur wat uit sy amp ontslaan is, by die hof aansoek kan doen om die hersiening van so 'n besluit deur die direksie. Dié aansoek moet binne 20 werksdae vanaf die datum van die besluit deur die direksie gebring word. Die hof het dan die diskresie om die bepaling deur die direksie te bevestig, al dan nie.

2.13 Direksiekomitees

Afdeling 6.12 van u handboek

Artikel 72 van die Maatskappywet

Die direksie kan, behalwe in die mate waarin die Akte van Oprigting anders bepaal, komitees aanstel en enige gesag van die direksie aan so 'n komitee delegeer. Let egter daarop dat 'n direkteur steeds aanspreeklik bly vir die behoorlike verrigting van sy of haar pligte, ondanks die delegering van 'n plig aan 'n komitee.

Die Minister van Handel en Nywerheid kan kragtens die Maatskappywet 2008 voorskryf dat 'n maatskappy of 'n sekere kategorie maatskappye 'n maatskaplike en etiese komitee moet hê. Ingevolge artikel 94(2) moet elke publieke maatskappy en maatskappy in staatsbesit (State owned company) 'n ouditkomitee bestaande uit minstens drie lede aanstel (sien studie-eenheid 8). Die

King-verslag (bespreek in afd 7.1) het ook voorgestel dat direksiekomitees ingestel moet word om direkteure te help deur in besonder aandag te skenk aan belangrike onderwerpe. Voorbeelde van sulke komitees is die ouditkomitee en 'n vergoedingskomitee.

Artikel 94(2) van die Maatskappywet vereis dat 'n openbare maatskappy, 'n onderneming in staatsbesit of enige ander maatskappy wat vrywillig besluit het om 'n ouditkomitee te hê, by elke algemene jaarvergadering vir elke finansiële jaar 'n ouditkomitee moet aanstel. Die ouditkomitee moet ten minste drie lede hê en slegs uit nie-uitvoerende direkteure van die maatskappy bestaan wat nie die voorafgaande drie finansiële jare by die daaglikse bestuur van die maatskappy betrokke was nie. ('n Lys van die funksies van 'n ouditkomitee word in afdeling 8.6, hoofstuk 8 van u handboek verskaf.)

Aktiwiteit 2.14

Lees sub-afdeling 6.12.1 en die tabel op bladsye 107 en 108 van die handboek en doen dan die volgende:

Maak 'n lys van die soorte komitees wat deur 'n genoteerde publieke maatskappy ingestel behoort te word volgens die King-verslag.

Wat is die pligte van onderskeidelik die vergoedingskomitee, die ouditkomitee en die benoemingskomitee?

→Terugvoering

Noudat u die bostaande vrae beantwoord het, behoort u te weet dat 'n genoteerde publieke maatskappy volgens die King-verslag minstens 'n oudit- en 'n vergoedingskomitee moet hê. Die instelling van 'n benoemingskomitee word ook aanbeveel. U sal ook weet dat die onderskeie komitees sekere aanbevelings doen en die direksie help ten opsigte van die betrokke kundigheidsterrein.

2.14 Direksievergaderings

Afdeling 6.13 van u handboek

Artikel 73 van die Maatskappywet

Direksievergaderings kan deur direkteure wat daartoe gemagtig is, belê word. Die nodige kennis moet aan al die direkteure gegee word voordat 'n vergadering gehou word. 'n Meerderheid van die direkteure moet op 'n vergadering aanwesig wees voordat 'n stemming gehou mag word. Elke direkteur het een stem per saak voor die vergadering. Die voorsitter het egter 'n beslissende stem in die geval van 'n gelyke hoeveelheid stemme. Alle verrigtinge van die direksie en alle verklarings deur direkteure en besluite wat die direksie op 'n vergadering neem, moet genotuleer word.

Aktiwiteit 2.15

Lees onderafdelings 6.13.1 tot 6.13.6 van die handboek en doen dan die volgende:

Vul die onderstaande tabel wat handel oor direksievergaderings in:

Lees die stelling en dui aan of dit waar of onwaar is. Gee redes vir u antwoord.	Waar/Onwaar: Rede:
Joe is die voorsitter van Van der Linde (Edms) Bpk. Hy wil die dienste van Jane, een van die direkteure, beëindig. Hy meen daar is geen rede vir 'n vergadering of die neem van 'n besluit nie aangesien hy 'n beslissende stem het. Is dit waar?	

<i>Wenk: Sien Van Tonder v Pienaar and Others</i> op bladsy 109 van die handboek.	
Direksievergaderings mag nie deur middel van telefoonkonferensie gehou word nie.	
'n Direkteur wat op 'n direksievergadering teenwoordig is, maar nie kennis van die vergadering gekry het nie, kan afsien van sy of haar reg om voor die vergadering daarvan in kennis gestel te geword het.	
Die notule van 'n direksievergadering geld as bewys van die verrigtinge in daardie vergadering.	
'n Direksiebesluit mag slegs geneem word in 'n direksievergadering. <i>Wenk: Sien sub-paragraaf 6.13.6 van die handboek en die beslissing in Van Tonder v Pienaar and Others</i> op bladsy 109 van die handboek.	

→Terugvoering

U sal opmerk dat daar grotendeels dieselfde prosedure gevolg word in direksievergaderings as by aandeelhoudersvergaderings.

1.15 Die verpligte aanstelling van 'n maatskappysekretaris

Afdelings 8.7 en 7.13 van u handboek
 Artikels 86-89 van die Maatskappywet
Panorama Developments (Guildford) Bpk [saak213]

Die maatskappysekretaris is die hoof- administratiewe beampte van sy of haar maatskappy. 'n Publieke maatskappy of 'n onderneming in staatsbesit (sien a 8 van die Maatskappywet oor die verskillende kategorieë van maatskappye) is verplig om 'n maatskappysekretaris aan te stel wat kundig of ervare is met betrekking tot die toepaslike wetgewing, terwyl ander maatskappye nie verplig is om 'n maatskappysekretaris te hê nie, maar een mag aanstel.

Die eerste maatskappysekretaris van 'n publieke maatskappy of 'n onderneming in staatsbesit kan aangestel word deur –

- die stigters van die maatskappy, of
- binne 40 werksdae ná die inlywing van die maatskappy, deur óf die direkteure van die maatskappy óf 'n gewone besluit van die houers van die maatskappy se sekuriteite (a 86(3)).

Die direksie moet binne 60 werksdae na ontstaan van 'n vakature in die amp van maatskappysekretaris, die vakature vul deur 'n persoon aan te stel wat na die direkteure se mening oor die vereiste kennis en ondervinding beskik (a 86(4)).

'n Regspersoon of 'n vennootskap mag in die amp van maatskappysekretaris aangestel word, mits elke werknemer van daardie regspersoon of vennoot of werknemer van die vennootskap nie daarvan gediskwalifiseer word om as maatskappysekretaris aangestel te word nie. Sien afdeling 8.7 van u handboek vir 'n lys van die persone wat gediskwalifiseer word om as 'n maatskappysekretaris aangestel te word. Elke maatskappysekretaris moet 'n permanente inwoner van die Republiek wees, en dit bly, terwyl hy of sy daardie posisie beklee (a 86).

'n Maatskappysekretaris se posisie is dié van 'n werknemer van die maatskappy en hy of sy is aanspreeklik teenoor die maatskappy se direksie. Die juiste aard van so 'n persoon se pligte hang af van die bepalings van sy of haar indiensnemingskontrak, maar moet die pligte uiteengesit in artikel 88 van die Maatskappywet insluit. Die laaste item in die lys van 'n maatskappysekretaris se pligte soos uiteengesit in die handboek, verwys na die plig van elke maatskappy om 'n jaarlikse opgawe in te dien (lg moet nie met 'n maatskappy se finansiële jaarstate verwar word nie) wat sekere voorgeskrewe inligting bevat (a 33). Artikel 33(3) bepaal dat elke maatskappy 'n direkteur, werknemer of ander persoon moet aanwys wat verantwoordelik is vir die maatskappy se nakoming van hierdie voorskrif. In die geval van 'n maatskappy met 'n maatskappysekretaris is hy of sy dus outomaties hierdie nakomingsbeampte.

Die direksie kan 'n besluit neem om 'n maatskappysekretaris uit sy of haar amp te verwyder. 'n Maatskappysekretaris kan daarop aandring dat 'n verklaring by die finansiële jaarstate van daardie boekjaar ingesluit word wat die maatskappysekretaris se betoog ten opsigte van die omstandighede wat tot die ontslag aanleiding gegee het, uiteensit. 'n Maatskappysekretaris kan uit sy of haar amp bedank deur een maand, of, met die goedkeuring van die direksie, minder as een maand, kennis te gee.

Aktiwiteit 2.16

Lulu, die maatskappysekretaris van Maxwell Bpk, bestel kantoormeubels vanaf 'n verskaffer, en verklaar valslik dat die maatskappy dit vir sakedoeleindes benodig. In werklikheid laat sy die meubels by haar eie huis aflewer, en verkoop dit tot haar eie voordeel.

Die maatskappy het niks van hierdie transaksies geweet nie en ontken nou aanspreeklikheid ingevolge die kontrak wat namens die maatskappy deur Lulu gesluit is. Adviseer die verskaffer oor of hy die maatskappy ingevolge die kontrak aanspreeklik kan hou.

→ Terugvoering

Die vraag handel oor 'n maatskappysekretaris se bevoegdheid om die maatskappy te verteenwoordig en om namens die maatskappy kontrakte te sluit. Die feite is soortgelyk aan dié in *Panorama Developments (Guilford) Bpk*. Op grond van die beslissing in hierdie saak kan die maatskappy deur die kontrak gebind word omdat 'n maatskappysekretaris oënskynlik die bevoegdheid het om kontrakte met betrekking tot die daaglikse bestuur van die maatskappy aan te gaan. Die aankoop van kantoormeubels val waarskynlik in hierdie kategorie.

2.16 Die registrasie van sekretarisse en ouditeure

Afdeling 8.8 van u handboek

Artikel 85 van die Maatskappywet

Benewens die rekord van maatskappysekretarisse en ouditeure wat 'n maatskappy moet hou (sien die handboek), vereis artikel 85 van die Maatskappywet verder van elke maatskappy wat 'n maatskappysekretaris of ouditeur aanstel om binne tien sakedae ná die aanstelling of ná die diensbeëindiging van sodanige aanstelling, 'n kennisgewing van die aanstelling, of die beëindiging van sodanige aanstelling, by die Registrateur in te dien, na gelang van die geval. Ingevolge artikel 85(4) mag die stigters van 'n maatskappy 'n kennisgewing van die aanstelling van die maatskappy se eerste maatskappysekretaris, ouditeur of ouditkomitee indien as deel van die maatskappy se Kennisgewing van Inkorporasie.

↳Aktiwiteit 2.17

Gee 'n kort uiteensetting van die inligting wat in 'n maatskappy se rekord van aanstelling van 'n maatskappysekretaris of ouditeur moet verskyn.

1. Gee 'n kort uiteensetting van die inligting wat in 'n maatskappy se rekord van aanstelling van 'n firma of regspersoon as maatskappysekretaris of ouditeur moet verskyn.

→Terugvoering

Sien afdeling 8.8 van u studiegids.

→Samevatting

U het gesien dat die eiendomsreg van die maatskappy in die algemene vergadering van die aandeelhouers setel (studie-eenheid 1) en dat die bestuur van die maatskappy in die direksie setel. Dink u dit dit 'n goeie beginsel om eiendomsreg en beheer apart te hou, dit wil sê van mekaar te skei, of behoort die aandeelhouers ook die maatskappy te bestuur? Hier kom die beginsel van afsonderlike regspersoonlikheid weer ter sprake. Die maatskappy het eiendomsreg van sy bates en is verantwoordelik vir sy laste, nie die aandeelhouers nie. Die aandeelhouers het slegs 'n reg om in daardie bates te deel, sou die maatskappy gelikwideer word. Raadpleeg weer studie-eenheid 1 vir meer besonderhede oor lidmaatskap en aandeelhouers.

Studie-eenheid 3

Verpligtinge van Direkteure

☺ **Bestudeer Afdelings 6.14-6.14.5 van u voorgeskrewe boek!**

☺ **Bestudeer artikels 75-78, van die Maatskappywet!**

Voorgeskrewe sake vir hierdie studie-eenheid:

Regal (Hastings) Bpk v Gulliver [1942] 1 All ER 378 (HL) **[saak 188]**

Fisheries Development Corporation of SA Bpk v Jorgensen; Fisheries Development Corporation of SA Bpk v AWJ Investments (Edms) Bpk 1980 (4) SA 156 (W) **[saak 172]**

Robinson v Randfontein Estates Gold Mining Co Bpk 1921 AD 168 **[saak 187]**.

Industrial Development Consultants Bpk v Cooley [1972] 1 WLR 443; [1972] 2 All ER 162 **[saak 189]**

Atlas Organic Fertilisers (Edms) Bpk v Pikkewyn Ghwano (Edms) Bpk 1981 (2) SA 173 (T) **[saak 193]**

Sibex Construction (aA) (Edms) Bpk v Injectaseal CC 1988 (2) SA 54 (T) **[saak 194]**

3.1 Inleiding

In hierdie studie-eenheid verduidelik ons die pligte van direkteure.

U sal weet dat u hierdie studie-eenheid verstaan as u die volgende sleutelvrae kan beantwoord:

- Wat beteken die gedeeltelike kodifisering van die direkteurspligte?
- Wat behels die vertrouenspligte?
- Wat beteken “redelike sorg”?
- Wat word bedoel met ‘n botsing van belange?
- Wat behels dit om in goeie trou en met ‘n sekere mate van sorg, vaardigheid en noulettendheid op te tree?
- In watter omstandighede mag direkteure en voorgeskrewe beamptes aanspreeklik gehou word vir verliese wat die maatskappy ly?
- Wat is die sake-oordeelreël en wat beteken dit?
- Op wie is skadeloosstelling en direkteursversekering van toepassing

3.2 Pligte van direkteure

Afdeling 6.14 van die handboek

Artikels 75, 76, 77 en 78 van die Maatskappywet

Ingevolge die 1973-Wet word die pligte van direkteure hoofsaaklik gevind in die gemenerereg en in kodes van korporatiewe bestuur, soos die King-verslag. Kragtens die gemeenregtelike posisie het direkteure ‘n vertrouensverhouding met die maatskappy. Dit geld vir alle direkteure van maatskappye. In *CyberScene Bpk and Others v i-Kiosk Internet and Information (Edms) Bpk* 2000 (3) SA 806 (K) (afd 6.14 van u handboek) bevestig die hof dat selfs nie-uitvoerende direkteure ‘n vertrouensverhouding met die maatskappy het. Let egter daarop dat ‘n direkteur aan die maatskappy self ‘n vertrouensplig verskuldig is en nie aan die ander direkteure of ander individue binne die maatskappy nie.

Ingevolge die gemenerereg is direkteure onderworpe aan vertrouenspligte waarvolgens hulle in goeie trou en in die beste belang van die maatskappy moet optree en hul bevoegdhede met sorg en vaardigheid moet uitoefen.

Die vertrouenspligte van direkteure behels gewoonlik die volgende:

- om ‘n botsing van belange tussen direkteure se persoonlike belange en die belange van die maatskappy te vermy

- om nie hul bevoegdhede te oorskry nie
- om onbelemmerde diskresie te handhaaf
- om hul bevoegdhede uit te oefen vir die doel waarvoor dit ontvang is

Die Maatskappywet van 2008 voer nou egter 'n gedeeltelik gekodifiseerde pligsregime vir direkteure in, wat verpligtinge insluit wat soortgelyk is aan die gemeenregtelike vertrouenspligte en die plig om hul werksaamhede met redelike sorg en vaardigheid te verrig. Die gemenerereg word egter nie deur die statutêre bepalings uitgesluit nie en sal steeds van krag bly, behalwe in die mate waarin dit uitdruklik deur die Wet gewysig word of met 'n bepaling van die Wet strydig is.

☛ **Let daarop dat vir doeleindes van die gekodifiseerde pligte, die term/woord “direkteur” uitgebrei word om die volgende in te sluit:**

- 'n alternatiewe direkteur
- 'n voorgeskrewe beampte
- 'n persoon wat 'n lid is van 'n komitee van die direksie van 'n maatskappy of van die ouditkomitee van 'n maatskappy, ongeag daarvan of die persoon ook 'n lid van die direksie is.

☛ **Let daarop dat die kodifisering van direkteure se pligte nie beteken dat die direkteure nie meer gemeenregtelike pligte het nie. Die doel van die gekodifiseerde pligte is nie om die gemeenregtelike pligte te vervang nie. By die uitleg van die nuwe Maatskappywet sal die howe steeds die gemenerereg en hofbeslissings van die tydperk vóór die inwerkingtreding van die nuwe Wet in ag neem**

Daar is twee verskillende metodes van kodifisering. Die eerste metode is volledige kodifisering, wat behels dat daar streng by die gekodifiseerde reëls gehou word; dit vervang die gemenerereg en laat geen ruimte vir verdere ontwikkelinge nie. Die tweede metode is gedeeltelike kodifisering, wat inhou dat dat sowel die gekodifiseerde reëls as die gemeenregtelike reëls erken word. Hierdie buigsamheid laat ruimte vir verdere regsontwikkeling.

☛ **Let daarop dat die kodifisering van direkteure se pligte, soos gevind in die 2008-Wet, neerkom op 'n gedeeltelike kodifisering van die maatskappyreg.**

3.2.1 Gedragstandaarde vir direkteure

Afdeling 6.14.1 van die handboek

Artikels 75-76 van die Maatskappywet

Bondig opgesom behels die nuut gekodifiseerde verpligtinge van direkteure in die Maatskappywet 2008 die volgende:

- (1) Om aan die direksie 'n persoonlike finansiële belang by sake van die maatskappy te openbaar (a 75).
- (2) Om nie die posisie van direkteur, of inligting bekom as direkteur, te gebruik om vir hom- of haarself of vir 'n ander persoon 'n voordeel te bekom nie en om nie wetend die maatskappy of 'n filiaal skade te berokken nie (a 76(2)(a)).
- (3) Om enige wesentliche inligting wat tot sy of haar kennis kom, aan die direksie te openbaar (a 76(2)(b)).
- (4) Om ter goeder trou en vir 'n behoorlik doel op te tree (a 76(3)(a)).
- (5) Om in die beste belang van die maatskappy op te tree (a 76(3)(b)).
- (6) Om met 'n redelike mate van sorg, vaardigheid en noulettendheid te handel (a 76(3)(c)).

3.2.2 Direkteure mag nie hulle posisie of inligting misbruik nie (a 76(2)) en moet op 'n bepaalde manier optree wanneer hulle 'n persoonlike finansiële belang het (a 75)

Afdeling 6.14.2 van die handboek

Artikels 75 and 76(2) van die Maatskappywet

Regal (Hastings) Bpk v Gulliver [1942] 1 All ER 378 (HL)

Atlas Organic Fertilisers (Edms) Bpk v Pikkewyn Ghwano (Edms) Bpk 1981 (2) SA173 (T)

[saak193]

Sibex Construction (aA) (Edms) Bpk v Injectaseal CC 1988 (2) SA 54 (T) **[saak194]**

Robinson v Randfontein Estates Gold Mining Co Bpk 1921 AD 168 **[saak187]**

Die eerste drie pligte hierbo gelys, word in die handboek onder hierdie opskrif bespreek.

Soos hierbo uiteengesit, het 'n direkteur 'n vertrouensverhouding teenoor die maatskappy en mag hy of sy nie maatskappy-inligting tot sy of haar eie voordeel aanwend nie. Verder mag 'n direkteur nie sy maatskappy benadeel nie.

Artikel 75 van die Maatskappywet, 2008, bepaal hoe 'n direkteur moet optree wanneer sy of haar persoonlike finansiële belange bots met dié van die maatskappy. Twee verskillende omstandighede word deur hierdie bepaling gereël. Indien 'n direkteur die enigste direkteur van 'n maatskappy is, maar nie die enigste aandeelhouer nie, moet hy enige persoonlike belang by 'n ooreenkoms of ander transaksie van die maatskappy aan die aandeelhouers openbaar en hulle toestemming by wyse van 'n gewone besluit verkry alvorens hy of sy die ooreenkoms aangaan of die saak verder hanteer. In alle ander gevalle moet 'n direkteur se persoonlike finansiële belang in aangeleenthede wat op 'n direksievergadering oorweeg moet word, aan die direksie geopenbaar word. Die betrokke direkteur mag dan nie aanwesig wees of aan die bespreking deelneem nie.

'n Direkteur kan ook ter eniger tyd vooraf sy persoonlike finansiële belange aan die aandeelhouers of die direksie, na gelang van die geval, openbaar. Sodanige openbaarmakings moet plaasvind deur middel van 'n skriftelike kennisgewing, waarin die aard en omvang van die belang uiteengesit word.

☛ **Let daarop dat hierdie kennisgewing geldig sal bly totdat dit deur dieselfde direkteur verander of onttrek word.**

Bowendien kan 'n direkteur moontlik 'n persoonlike finansiële belang hê by 'n saak wat by 'n vergadering van die direksie oorweeg gaan word, of weet dat 'n verwante persoon 'n persoonlike finansiële belang het daarby. In so 'n situasie bepaal artikel 75 dat die direkteur –

- die belang en die algemene aard daarvan openbaar moet maak voordat die saak by die vergadering oorweeg word
- enige wesenlike inligting met betrekking tot die saak en bekend aan die direkteur, openbaar moet maak
- **indien** hy deur die ander direkteure **daartoe versoek word**, enige waarneming of tersaaklike insigte oor die saak, openbaar moet maak.

Ingevolge artikel 75, moet 'n direkteur, ná sy of haar openbaarmakings, die vergadering verlaat en uitgesluit word van die deelname aan die oorweging van die betrokke saak. Alhoewel die direkteur vir ander doeleindes van die vergadering geag sal word teenwoordig te wees, sal hy of sy nie geag word teenwoordig te wees by die bepaling daarvan of 'n besluit voldoende steun het om aanvaar te word nie. Die direkteur mag nie enige dokument met betrekking tot die saak namens die maatskappy verly nie, tensy hy spesifiek deur die direksie gevra of opdrag gegee word om dit te doen.

Artikel 75(6) maak voorsiening vir situasies waar 'n direkteur of persoon verwant aan die direkteur 'n finansiële belang verkry by 'n ooreenkoms of ander saak waarby die maatskappy 'n wesenlike belang het, nadat die ooreenkoms of ander saak deur die maatskappy goedgekeur is. In so 'n geval moet die direkteur die volgende openbaar maak:

- die aard en omvang van daardie belang

- die wesentliche omstandighede met betrekking tot die direkteur of verwante persoon se verkryging van daardie belang

Die openbaarmaking moet onmiddellik aan die direksie of die aandeelhouders gedoen word. Die geldigheid van 'n beslissing van die direksie of 'n ooreenkoms goedgekeur deur die direksie word nie geraak deur die persoonlike belang van 'n direkteur of persoon verwant aan die direkteur nie, mits dit deur 'n gewone besluit van die aandeelhouders goedgekeur is.

Waar 'n direkteur versuim om aan die openbaarmakingsvereistes ingevolge artikel 75 te voldoen, mag enige belanghebbende persoon die hof versoek om 'n bevel uit te reik waarkragtens die transaksie of ooreenkoms wat deur die direksie of die aandeelhouders goedgekeur is, geldig is.

In die volgende gevalle geld die bepaling oor die openbaarmaking van persoonlike openbare belang nie:

- (1) Dit is nie van toepassing op 'n direkteur van 'n maatskappy oor 'n besluit wat die volgende kan raak nie:
 - al die direkteure van die maatskappy in hul bevoegdheid as direkteure, of
 - 'n klas persone, ondanks die feit dat die direkteur een lid van daardie klas persone is, tensy die enigste lede van die klas die direkteur of persone verwant of onderling verwant aan die direkteur is, of
- (2) Dit is nie van toepassing op 'n maatskappy of sy direkteur nie, ten opsigte van 'n voorstel om daardie direkteur uit sy of haar amp te verwyder, soos beoog in artikel 71.
- (3) Dit is nie van toepassing op 'n maatskappy of sy direkteur nie, as een persoon al die voordelige belange van al die uitgereikte sekuriteite van die maatskappy hou, en die enigste direkteur van daardie maatskappy is.

Waar 'n persoon die enigste direkteur van 'n maatskappy is, maar nie al die voordelige belange van al die uitgereikte sekuriteite van die maatskappy hou nie, mag so 'n persoon nie –

- enige ooreenkoms goedkeur of aangaan waarby die persoon of 'n verwante persoon 'n persoonlike finansiële belang het nie, of
- as 'n direkteur, enige ander saak bepaal waarby die persoon of 'n verwante persoon 'n persoonlike finansiële belang het nie,

tensy die ooreenkoms of bepaling deur 'n gewone besluit van die aandeelhouders goedgekeur word nadat die direkteur die aard en omvang van daardie belang aan die aandeelhouders bekend gemaak het.

Artikel 76(2)(a) van die Maatskappywet 2008 verbied die misbruik van sy posisie as direkteur. Dit beskerm inligting wat 'n direkteur bekom terwyl hy of sy as 'n direkteur optree. 'n Direkteur word daarvan verbied om inligting te gebruik wat hy bekom het uit hoofde van sy amp, tot sy of haar eie voordeel of die van 'n ander persoon. Artikel 76(2) bepaal dat 'n direkteur nie wetend die maatskappy of 'n filiaal van die maatskappy skade moet berokken nie.

☛ **Let daarop dat artikel 76(2)(b) bepaal dat 'n direkteur by die vroegste moontlike geleentheid enige inligting wat onder die direkteur se aandag kom aan die direksie moet oordra. Verder, dat 'n direkteur dit nie hoef te doen as hy of sy redelikerwys glo dat die inligting nie vir die maatskappy ter sake is nie; algemeen aan die publiek beskikbaar is of aan die ander direkteure bekend is. Verder, in die geval waar daar 'n regs- of etiese verpligting van vertroulikheid is om nie die inligting bekend te maak nie, hoef 'n direkteur dit nie aan die direksie te kommunikeer nie.**

☛ **Aktiwiteit 3.1**

Lynne is een van die direkteure van Lilla (Edms) Bpk, wat sleepwaens bou met die doel om hulle te verkoop en te verhuur. Sy is al tien jaar lank 'n direkteur van die maatskappy. Aan die begin van

die vorige jaar het sy en haar man begin om dierehokke te vervaardig, wat hulle plaaslik wou verkoop. Hulle gebruik dieselfde verskaffers van metaal en staal as wat Lilla (Edms) Bpk gebruik. Sy het nie die maatskappy hieroor ingelig nie, aangesien sy gemeen het dat dit onnodig is.

Aan die einde van die vorige jaar het Lynne deelgeneem aan 'n besluit waarvolgens daar nie staal gekoop mag word by 'n verskaffer wat sy besigheid gesluit het nie. Nie lank daarna nie het Lynne en haar man egter by dieselfde verskaffer 'n oortollige hoeveelheid staal gekoop.

Aan die begin van hierdie jaar het Lilla (Edms) Bpk probleme ervaar as gevolg van die resessie en kon dit nie bekostig om meer staal te koop nie. Lynne bied aan om haar staal op krediet aan die maatskappy te verkoop. Die maatskappy stem in om dit oor 'n tydperk van twee jaar te betaal. Lynne en haar man maak 'n 100%-wins hieruit. Het Lynne ooreenkomstig haar vertrouenspligte teenoor die maatskappy opgetree? Het sy enige bepaling van die Wet oortree?

→ Terugvoering

Lees *Regal Hastings Bpk v Gulliver* en let ook op *Robinson v Randfontein Estates Gold Mining Co Bpk*. Let verder op die hof se beslissing dat 'n direkteur "is not allowed to make a secret profit at the other's expense or place himself in a position where his personal interests conflict with his duty". Lynne het nie haar finansiële belang openbaar nie en sy het deelgeneem aan 'n beslissing waarby sy 'n persoonlike finansiële belang gehad het.

3.2.3 Om in goeie trou en met 'n sekere mate van sorg, vaardigheid en noulettendheid op te tree

Afdeling 6.14.3 van die handboek

Artikel 76(3) van die Maatskappywet

Fisheries Development Corporation v Jorgensen 1980 (4) SA 156 (W)

Die bespreking in die handboek fokus op die verpligting om met sorg, vaardigheid en noulettendheid op te tree, maar die verpligting om ter goeder trou, vir 'n behoorlike doel en in die beste belang van die maatskappy op te tree, is eweneens belangrik. Die plig om in die beste belang van die maatskappy op te tree is vanselfsprekend, maar wat die plig om vir 'n behoorlike doel op te tree behels, verdien miskien 'n verduideliking. Dit is ook een van die vertrouenspligte wat deur ons gemenerereg erken word. Ingevolge die verpligting moet direkteure hulle bevoegdhede uitoefen vir die ware of regte doel waarvoor dit verleen is. 'n Voorbeeld van die skending van hierdie verpligting sou wees waar 'n direksie aandele uitreik ten einde die stemregte van ander aandeelhouders af te water sodat hulle hul eie voortgesette beheer oor die maatskappy kan verseker, in plaas daarvan dat hulle dit vir die ware doel daarvan doen, naamlik om meer kapitaal vir die maatskappy te bekom.

Soos reeds genoem, moet 'n direkteur sy of haar bevoegdhede uitoefen en funksies uitvoer, in goeie trou en in die beste belang van die maatskappy. Dit is 'n gemeenregtelike beginsel wat gedeeltelik in die Wet gekodifiseer word. Die Wet vereis dat 'n direkteur sy of haar funksies uitvoer met die mate van sorg, vaardigheid en noulettendheid wat redelikerwys van so 'n persoon verwag kan word. Daar word van 'n direkteur verwag om redelike, noulettende stappe te doen om oor 'n spesifieke saak ingelig te wees.

☛ **Die toets wat gebruik word om te bepaal wat 'n redelike direkteur in dieselfde omstandighede sou gedoen het, is sowel 'n objektiewe as 'n subjektiewe toets omdat dit aangeleenthede soos die algemene kennis, vaardigheid en ervaring van daardie spesifieke direkteur in ag neem.**

Die Maatskappywet het die sogenaamde **sakeoordeelreël (a 76(4))** (Business Judgement Rule) ingevoer. Hiervolgens word 'n direkteur geag in die beste belang van die maatskappy en met die nodige mate van sorg en vaardigheid en noulettendheid op te getree het, indien hy of sy

- redelike stappe gedoen het om ingelig te word oor die aangeleentheid

- geen wesenlike persoonlike finansiële belang by die onderwerp van die besluit gehad het nie, of geen redelike gronde gehad het om te weet dat enige verwante persoon 'n persoonlike finansiële belang by die saak gehad het nie, of sy of haar belange geopenbaar het, en
- 'n besluit geneem of ondersteun het wat hy of sy geglo het in die beste belang van die maatskappy was.

'n Direkteur word ook uitgesluit van aanspreeklikheid as hy of sy 'n rasonale rede gehad het om te glo, en inderdaad geglo het, dat die besluit in die beste belang van die maatskappy was. Let op die lys van persone en liggame of bladsy 118 van die handboek waarop 'n direkteur geregtig is om op staat te maak vir inligting.

Aktiwiteit 3.2

U is aangestel as 'n direkteur van Seesaw Bpk. U is bewus daarvan dat direkteure aanspreeklik gehou kan word vir die verliese wat hul maatskappye ly, en dit bekommer u. U is hoofsaaklik bekommerd oor die moontlikheid dat u aanspreeklik gehou kan word omdat u nie met die nodige sorg, vaardigheid en noulettendheid sou opgetree het nie. Skryf die pligte neer wat na u mening deur u as direkteur uitgevoer moet word.

→ Terugvoering

Hou die volgende in gedagte:

- Die toets wat toegepas word om te bepaal wat 'n redelike direkteur in 'n spesifieke situasie sou doen, is 'n objektiewe toets.
- Sien *Fisheries Development Corporation of SA Bpk v Jorgensen; Fisheries Development Corporation of SA Bpk v AWJ Investments (Edms) Bpk* waarin die hof verklaar dat “the extent of the director’s duty of care and skill depends to a considerable degree on the nature of the company’s business and on any particular obligations assumed by or assigned to him”.

3.2.4 Aanspreeklikheid van direkteure en voorgeskrewe beamptes

Afdeling 6.14.4 van die handboek

Artikels 22(1), 44, 45, 47 48 en 77 van die Maatskappywet

'n Direkteur kan op grond van die volgende aspekte aanspreeklik gehou word vir verliese of skade gely, of koste aangegaan:

- Vir 'n verbreking van die eerste vyf pligte vervat in die lys (vgl 3.2.1) kan 'n direkteur ingevolge die gemeenregtelike beginsels van die verbreking van 'n vertrouensplig aanspreeklik gehou word, terwyl aanspreeklikheid by 'n verbreking van die plig om met sorg, vaardigheid en noulettendheid op te tree, op die gemeenregtelike beginsels van die delikterreg gegrond word.
- Waar die direkteur bewustelik sonder die nodige bevoegdheid gehandel het.
(**LW:** Die derde item in afd 6.14.4 van die handboek, naamlik dat 'n direkteur aanspreeklik gehou kan word as hy of sy die bepalings van die Maatskappywet oor voorinkorporasiekontrakte (vgl a 21) oortree, is verkeerd omdat dit op 'n verkeerde uitleg van artikel 77(3)(b) gegrond word. Laasgenoemde artikel verwys na die aanspreeklikheid van 'n direkteur wat op hom of haar rus by die uitvoering van die maatskappy se besigheid, in oortreding van artikel 22(1), ingevolge waarvan 'n maatskappy verbied word om sy besigheid roekeloos, met growwe nalatigheid of bedrieglik te bedryf nie, of om in insolvente omstandighede handel te dryf.
- Waar die direkteur deelgeneem het aan 'n handeling of late, wetende dat dit ten doel gehad het om te bedrieg.
- Waar die direkteur die publikasie van enige finansiële state wat in 'n wesenlike opsig vals of misleidend was onderteken het, daartoe ingestem het of dit gemagtig het.

- Waar die direkteur 'n prospektus, of 'n skriftelike verklaring onderteken het, wat 'n "vals verklaring" of 'n verklaring bevat te dien effekte dat 'n persoon ingestem het om 'n direkteur van die maatskappy te wees, wanneer geen sodanige instemming gegee is nie, ondanks die wete dat die verklaring vals, misleidend of onwaar was.
- Waar 'n direkteur by 'n vergadering teenwoordig was of deel van die besluitnemingsproses was, waar daar nie aan die formaliteite soos voorgeskryf in die Wet voldoen is nie.
- Waar 'n direkteur versuim het om te stem teen die uitreiking van enige ongemagtigde aandele, ondanks die wete dat daardie aandele nie gemagtig is nie.
- Waar 'n direkteur deelgeneem het aan die uitreiking van enige gemagtigde sekuriteite, ondanks die wete dat die uitreiking van daardie sekuriteite onbestaanbaar met die bepalings van die Wet was.
- Waar 'n direkteur deelgeneem het aan die toestaan van opsies aan enige persoon, ondanks die wete dat die aandele ten opsigte waarvan die opsies uitgeoefen kon word of waarin enige sekuriteite omskep kon word, nie gemagtig is nie.
- Waar 'n direkteur deelgeneem het aan die besluit om finansiële bystand te verleen aan enige persoon vir die verkryging van sekuriteite van die maatskappy, ondanks die wete dat die voorsiening van finansiële bystand nie in ooreenstemming was met artikel 44 van die Wet of die maatskappy se Akte van Oprigting nie. Ingevolge artikel 44 mag 'n maatskappy vir die verkryging van aandele finansiële bystand verleen, mits die maatskappy aan die solvensie-en likiditeitstoets voldoen.
- Waar 'n lening of finansiële bystand aan 'n direkteur verleen is, direk strydig met artikel 45 van die Wet of die maatskappy se Akte van Oprigting.
- Waar 'n direkteur deelgeneem het aan 'n besluit waarvolgens 'n uitkering goedgekeur is, ondanks die wete dat die uitkering strydig met die bepalings van artikel 46 was.
- Waar die maatskappy enige van sy aandele of dié van sy beheermaatskappy verkry, in stryd met artikels 46 en 48.
- Waar daar 'n toewysing van aandele is, in stryd met die bepalings van Hoofstuk 4 van die Wet.

☞ **Let daarop dat die direkteur tesame met enige ander persoon wat vir dieselfde optrede aanspreeklik is, gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik gehou word.**

Die maatskappy moet toesien dat die verrigtinge om verlies, skade of koste te verhaal, 'n aanvang neem binne drie jaar nadat die handeling of late wat daartoe aanleiding gegee het, plaasgevind het.

☞ **Let daarop dat by enige verrigtinge, behalwe by gevalle van opsetlike wangedrag of vertrouensbreuk, die hof sy diskresie kan uitoefen en die direkteur geheel of gedeeltelik van enige skuld kan vryspreek, of op enige voorwaardes wat die hof as regverdig beskou, indien dit voorkom asof die direkteur eerlik en redelik opgetree het. 'n Direkteur mag by die hof om vrystelling aansoek doen.**

🌀 **Aktiwiteit 3.3**

Angela is aangestel as 'n direkteur van Usizo (Edms) Bpk. Sy nader u met die versoek om die sake-oordeel-reël aan haar te verduidelik.

➔ **Terugvoering**

Die sake-oordeel-reël is deur die 2008-Wet in ons Suid-Afrikaanse korporatiewe reg ingevoer. Die toepassing hiervan stel direkteure wat in goeie trou en in die belang van die maatskappy opgetree het, maar nietemin tot 'n maatskappy se verliese bygedra het, in staat om vrygestel te word van aanspreeklikheid vir die verliese wat die maatskappy gely het.

3.2.5 Skadeloosstelling en direkteursversekering

Afdeling 6.14.5 van die handboek

Artikel 78 van die Maatskappywet

'n Maatskappy mag nie 'n direkteur vrywaar teen aanspreeklikheid voortspruitende uit sekere omstandighede soos skending van sy of haar vertrouensverpligtinge nie. 'n Omvattende lys van die omstandighede waarin 'n maatskappy nie 'n direkteur mag vrywaar nie, word op bladsy 123 van die handboek verstrekk. Vryskeldingsversekering mag ook nie vir sulke omstandighede uitgeneem word nie.

Buiten in die mate waarin 'n maatskappy se Akte van Oprigting anders bepaal, mag 'n maatskappy geld aan 'n direkteur voorskiet vir betaling van die litigasie-kostes van sy of haar verdediging.

Artikel 78 bepaal dat 'n maatskappy ook versekering teen skadeloosstelling mag uitneem om –

- die direkteur te beskerm teen enige aanspreeklikheid of uitgawes waarvoor die maatskappy 'n direkteur mag skadeloos stel
- die maatskappy self te beskerm ten opsigte van enige uitgawes wat die maatskappy aan 'n direkteur mag voorskiet of waarvoor die maatskappy 'n direkteur mag skadeloos stel

☛ **Let daarop dat skadeloosstelling en direkteursaanspreeklikheid ingevolge artikel 78 huidige en voormalige direkteure van maatskappye insluit.**

☛ **Let daarop dat waar 'n maatskappy regstreeks of onregstreeks geld aan of namens 'n direkteur van die maatskappy of van 'n verwante maatskappy betaal het, op 'n wyse wat nie met bogenoemde beperkings bestaanbaar is nie, die maatskappy restitusie van die direkteur mag eis.**

☛ **Aktiwiteit 3.4**

Daar word ontdek dat Sizwe, die voormalige besturende direkteur van Ndou (Edms) Bpk, die maatskappy toegelaat het om handel te dryf terwyl dit reeds in 'n staat van insolvensie was. Dit het aanleiding gegee tot bykomende aanspreeklikhede vir die maatskappy. Sizwe is nie bekommerd oor persoonlike aanspreeklikheid nie aangesien die maatskappy hom skadeloos gestel het. Verder meen hy dat aangesien hy nie meer 'n direkteur van die maatskappy is nie, hy hoegenaamd nie vir die maatskappy se verlies aanspreeklik gehou kan word nie. Is Sizwe vrygestel van aanspreeklikheid vir skadeloosstelling?

➔ **Terugvoering**

By die beantwoording van hierdie vraag moet u daarop let dat 'n direkteur nie skadeloos gestel mag word nie waar aanspreeklikheid ontstaan het omdat die direkteur toegelaat het dat handel gedryf word, terwyl die maatskappy reeds insolvent was. Let verder daarop dat die bepalings van artikel 78 voormalige direkteure van maatskappye insluit.

Samevatting

In hierdie studie-eenheid het u kennis gemaak met die pligte van direkteure. Die gedeeltelike kodifisering van hierdie pligte verskaf duidelikheid oor sekere aspekte van direkteure se pligte. In hierdie verband speel die gemenerereg steeds 'n belangrike rol en na verwagting gaan verdere ontwikkelinge plaasvind namate die howe geskille oor direkteure se pligte besleg. Was kodifisering werklik nodig?

Studie-eenheid 4

Vermoë en verteenwoordiging van 'n maatskappy

☺ **Bestudeer afdelings 2.12-2.14 van u voorgeskrewe handboek**

☺ **Bestudeer artikels 19 en 20 van die Maatskappywet**

Voorgeskrewe sake vir hierdie studie-eenheid

Royal British Bank v Turquand (1856) 6 El. & Bl. 327; 119 ER 886) [207]

Wolpert v Uitzigt Properties (Edms) Bpk 1961 (2) SA 257 (W) [211]

Tuckers Land and Development Corporation (Edms) Bpk v Perpellief 1978 (2) SA 11 (T) [214]

Freeman & Lockyer v Buckhurst Park Properties (Mangal) Bpk [1964] 2 QB 480; [1964] All ER 630 [206] and [212]

4.1 Inleiding

In **studie-eenheid 3** het u geleer van die pligte van direkteure en dat die pligte van direkteure in die Maatskappywet 71 van 2008 gekodifiseer word. In hierdie studie-eenheid verduidelik ons die regsvermoë en die verteenwoordiging van 'n maatskappy. Eerstens bespreek ons dus die bevoegdheid of regsvermoë van 'n maatskappy om 'n spesifieke handeling uit te voer, en tweedens die bevoegdheid van die persoon wat die maatskappy verteenwoordig om 'n spesifieke handeling namens die maatskappy uit te voer.

U gaan leer hoe 'n maatskappy gebind kan word deur transaksies buite sy bevoegdheid, wat namens die maatskappy deur direkteure aangegaan word. U gaan ook leer dat as 'n buitestaander in goeie trou opgetree het terwyl hy of sy met die maatskappy gekontrakteer het, die maatskappy deur die transaksie gebind word, alhoewel 'n formele, interne vereiste nie nagekom is nie.

U sal weet dat u hierdie studie-eenheid begryp as u die volgende **sleutelvrae** kan beantwoord:

- Wat word bedoel met die vermoë (regsbevoegdheid) van 'n maatskappy?
- Wat is die *ultra vires*-leerstuk? Wat is die gevolge wanneer 'n maatskappy buite sy vermoë handel?
- In watter omstandighede het 'n persoon die bevoegdheid om 'n maatskappy te verteenwoordig en die maatskappy kontraktueel te bind?
- Wat is die doel van die *Turquand*-reël en hoe funksioneer dit ingevolge die Maatskappywet, 2008?

4.2 Regsvermoë van 'n maatskappy en die *ultra vires*-leerstuk

Afdelings 2.12 en 2.13 van die handboek

Artikels 19(1) en 20 van die Maatskappywet

Die vermoë van 'n maatskappy is die sfeer van die handeling wat 'n maatskappy regtens mag verrig. Die *ultra vires*-leerstuk berus op die verstandhouding dat 'n maatskappy regtens bestaan slegs vir die doel waarvoor dit geïnkorporeer is. Volgens die *ultra vires*-leerstuk bestaan die maatskappy regtens nie indien 'n handeling ten behoeve van die maatskappy buite sy hoof- en aanvullende oogmerke val, en gevolglik is sodanige handeling nie bindend vir die maatskappy nie. So 'n handeling word 'n *ultra vires*-handeling genoem.

In *Attorney-General v Mersey Railway Co* (1907) 1 Ch 81 (HL) het die hof verduidelik dat die vraag of 'n bepaalde kontrak binne die vermoë en bevoegdhede van die maatskappy val, 'n feitevraag is. Indien die hoofdoel van die maatskappy is om besigheid as 'n hotel te dryf, is dit duidelik dat handeling wat nodig is om dié doel te bereik, soos die aankoop van ameublement en die indiensneming van personeel, *intra vires* is.

Kragtens artikel 36 van die Maatskappywet, 1973, kan lede van 'n maatskappy, indien hulle bewus word van 'n beoogde *ultra vires*-kontrak voordat dit gesluit word, 'n interdik teen die maatskappy aanvra om hom te belet om die kontrak te sluit. Indien 'n *ultra vires*-kontrak egter reeds gesluit is, is die kontrak bindend vir die maatskappy. 'n Geding kan dan ingestel word teen die direkteure wat hulle bevoegdheids oorskry het deur namens die maatskappy 'n kontrak te sluit wat buite die vermoë van die maatskappy val, op grond daarvan dat hulle hul vertrouensplig om nie buite hulle bevoegdheid te handel nie, geskend het.

Artikel 19(1)(b) van die Maatskappywet van 2008, verbreed nou die vermoë van 'n maatskappy aansienlik, want dit bepaal dat 'n maatskappy die regsbevoegdhede en vermoë van 'n natuurlike persoon het, behalwe in die mate dat 'n regspersoon nie enige sodanige bevoegdheid kan uitoefen nie of die maatskappy se Akte van Oprigting anders bepaal. Die vermoë van 'n maatskappy word dus nie meer beperk deur die hoof- en aanvullende oogmerke of besigheid nie (wat waarskynlik nie eers in die Akte van Oprigting vermeld word nie).

Hoewel die maatskappy se Akte van Oprigting kragtens artikel 19(1)(b)(ii) die doelwitte, bevoegdhede of bedrywighede van die maatskappy kan beperk, begrens of kwalifiseer (dws beperkings op die regsbevoegdheid van die maatskappy lê), maak geen sodanige beperking 'n kontrak wat in stryd met sodanige beperkings is, nietig nie (a 20(1)(a)). Die kontrak bly dus geldig en bindend vir die maatskappy en die ander party by die kontrak. Artikel 20(6) van die Wet bepaal dat elke aandeelhouer 'n eis om skadevergoeding het teen 'n persoon wat bedrieglik of weens growwe nalatigheid veroorsaak dat die maatskappy enigiets teenstrydigs met die Wet of met 'n beperking, begrensing of kwalifikasie van die bevoegdhede van die maatskappy doen, tensy daardie handeling by spesiale besluit kragtens artikel 20(2) bekragtig word.

Indien die maatskappy of direkteure egter nog nie die beoogde handeling (bv om die kontrak te sluit) verrig het wat strydig met 'n beperking of kwalifikasie van die maatskappy se bevoegdhede soos vervat in die Akte van Oprigting is nie, kan een of meer van die aandeelhouders, direkteure of voorgeskrewe beamptes van die maatskappy 'n hofbevel verkry wat die maatskappy of direkteure daarvan weerhou (dws belet) om dit te doen. 'n Derde party wat nie werklik kennis van so 'n beperking of kwalifikasie gehad het nie en te goeder trou gehandel het, sal in so 'n geval 'n eis om die vergoeding van gevolglike skade hê (a 20(5)).

Kragtens artikel 20(4) kan aandeelhouders, direkteure of voorgeskrewe beamptes van 'n maatskappy, of 'n vakbond wat werknemers van die maatskappy verteenwoordig, ook geregtelike stappe doen om die maatskappy daarvan te weerhou om enigiets wat strydig met hierdie Wet is, te doen. Let op dat dit slegs in laasgenoemde geval is dat 'n vakbond 'n maatskappy kan verhoed om te handel.

Aktiwiteit 4.1

Die hoofbesigheid van Steelbelts Railway Carriages (Edms) Bpk is om spoorwaens te vervaardig en te verkoop.

Mnr Buckley, een van die direkteure, word deur die direksie gemagtig om namens die maatskappy op te tree, en hy gaan met mnr Matthews 'n kontrak aan om 'n vakansiewoonstel te koop.

Word die maatskappy gebind deur die kontrak wat mnr Buckley aangegaan het?

→ Terugvoering

Artikel 19(1) van die Wet bepaal dat 'n maatskappy al die regsbevoegdhede en vermoë van 'n natuurlike persoon het, behalwe in die mate dat 'n regspersoon nie so 'n bevoegdheid kan uitoefen nie. Die maatskappy se Akte van Oprigting kan beperkings op die regsbevoegdheid van die maatskappy plaas, maar daar is geen aanduiding dat die Akte so 'n beperking bevat nie.

Die maatskappy word ook nie deur sy hoofbesigheid beperk nie. Die kontrak is dus geldig en bindend vir sowel die maatskappy as die ander party tot die kontrak.

4.3 Verteenwoordiging

Artikels 19(4)–(5), 20(2), (3), and (5)–(8) van die Maatskappywet

Verteenwoordiging het betrekking op 'n persoon wat op gesag van die maatskappy handel. Indien 'n maatskappy aan 'n verteenwoordiger (agent) die bevoegdheid verleen om namens dit te handel, het die verteenwoordiger werklike magtiging en sal hy of sy die maatskappy bind in handeling wat binne die bestek van die lasgewing wat aan hom of haar gegee is, val. Magtiging kan uitdruklik (skriftelik of mondeling) of stilswyend wees. Die vraag of magtiging verleen is, al dan nie, is 'n feitevraag.

'n Maatskappy kan ook aan 'n kontrak gebind wees op grond van estoppel indien die persoon wat voorgee die kontrak namens die maatskappy aan te gaan, nie werklike magtiging – uitdruklik of stilswyend – gehad het nie, maar die ander party by die kontrak deur die maatskappy mislei is om te glo dat hy of sy wel die magtiging gehad het. Dit word skynbare magtiging (*ostensible or apparent authority*) genoem. (Sien ook die bespreking by 4.6 hieronder.)

Let daarop dat waar die direkteure se bevoegdheid om namens die maatskappy op te tree deur die Akte van Oprigting beperk word, die aandeelhouers by wyse van spesiale besluit enige handeling wat onbestaanbaar is met hierdie beperking kan bekragtig, buiten as dit ook 'n oortreding van artikels 20(2) en (3) van die Wet was.

Die aandeelhouers, direkteure en voorgeskrewe beamptes het dieselfde bevoegdhede (ingevolge a 20(5)) om die maatskappy of direkteure daarvan te weerhou om enigiets strydig met enige begrensing, beperking of kwalifikasie te doen, as waaroor hulle beskik wanneer die maatskappy beoog om *ultra vires* op te tree (sien die bespreking in 4.2). 'n Bona fide- derde party het ook dieselfde reg op skadevergoeding as wat hierbo uiteengesit word. Artikel 20(6) is ook op hierdie situasie van toepassing: elke aandeelhouer het 'n eis om skadevergoeding teen 'n persoon wat bedrieglik of weens growwe nalatigheid enigiets strydig met hierdie beperking op die bevoegdheid van direkteure doen, tensy die handeling deur die aandeelhouers bekragtig is, soos hierbo uiteengesit.

4.4 Die leerstuk van toegerekende kennis

Afdeling 2.14 van die voorgeskrewe handboek

Artikel 19(4)–(6) van die Maatskappywet

Volgens die leerstuk van toegerekende kennis word derde partye wat met 'n maatskappy sake doen, geag volledig kennis te dra van die inhoud van die openbare dokumente van die maatskappy. Artikel 19(4) skaf dié leerstuk af. Derde partye wat met die maatskappy kontrakte aangaan, word dus nie meer geag kennis te dra van die inhoud van die openbare dokumente van die maatskappy bloot omdat dit by die Kommissie ingedien is of by die kantoor van die maatskappy ter insae lê nie. Artikel 19(5) maak egter voorsiening vir twee uitsonderings: Eerstens word 'n persoon geag kennis te dra van enige bepaling van 'n maatskappy se Akte van Oprigting beoog in artikel 15(2)(b) (rakende spesiale voorwaardes van toepassing op die maatskappy en bykomstige vereistes vir die wysiging daarvan). Dit is onderworpe aan die vereiste dat die Akte van Oprigting 'n opvallende verklaring bevat wat die aandag op sodanige bepaling vestig soos vereis deur artikel 13(3). Die tweede uitsondering het betrekking op 'n maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid. 'n Persoon word geag kennis te gekry het en kennis te dra van die uitwerking van artikel 19(3) op 'n maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid. Artikel 19(3) bepaal dat die direkteure en voormalige direkteure, saam met die maatskappy, gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is vir enige skuld en aanspreeklikhede van die maatskappy wat tydens hulle onderskeie ampstermyne aangegaan is.

🌀 **Aktiwiteit 4.2**

Die Akte van Oprigting van Steelbelts Railway Carriages (Edms) Bpk bepaal dat slegs die direksie, of 'n persoon deur die direksie gemagtig, die bevoegdheid het om kontrakte namens die maatskappy te sluit en dat enige bedrag wat R100 000 te bowe gaan, vooraf deur die maatskappy by gewone besluit op 'n algemene vergadering gemagtig moet word.

Mnr Buckley, een van die direkteure, word deur die direksie gemagtig om namens die maatskappy te handel. Mnr Buckley sluit 'n kontrak van R150 000 met mnr Matthews vir die aankoop van toerusting wat in die vervaardiging van spoorwaens gebruik sal word, maar sonder die vooraf verkreeë magtiging van die maatskappy op 'n algemene vergadering.

Was mnr Matthews veronderstel om te weet dat die goedkeuring van 'n algemene vergadering van Steelbelts Railway Carriage (Edms) Bpk nodig was om 'n kontrak van daardie grootte geldig te maak?

➔ **Terugvoering**

Artikel 19(4) van die Wet bepaal dat derde partye wat met die maatskappy kontrakte aangaan, nie geag word kennis te hê van die inhoud van die openbare dokumente van die maatskappy bloot omdat dit by die Kommissie ingedien is of by die kantoor van die maatskappy ter insae lê nie. Daar word dus nie van mnr Matthews verwag om te weet dat die toestemming van 'n algemene vergadering vereis word ten einde 'n kontrak van daardie grootte geldig te maak nie.

4.5 The Turquand Reël

Afdeling 2.14 van die voorgeskrewe handboek

Artikel 20(7) van die Maatskappywet

Royal British Bank v Turquand (1856) 6 El. & Bl. 327; 119 ER (886)

Wolpert v Uitzigt Properties (Edms) Bpk 1961 (2) SA 257 (W)

Tuckers Land and Development Corporation (Edms) Bpk v Perpellief 1978 (2) SA 11 (T)

Die *Turquand*-reël is afgelei uit *Royal British Bank v Turquand* (1856) 6 E & B 327; 119 ER (886). Volgens die *Turquand*-reël is 'n buitestander wat te goeder trou met 'n maatskappy 'n kontrak sluit, daarop geregtig om aan te neem dat alle interne vereistes en prosedures nagekom is. Die maatskappy sal deur die kontrak gebind word selfs al is daar nie voldoen aan al die interne vereistes en prosedures nie. Daar is egter uitsonderings, naamlik as die buitestander bewus was daarvan dat die vereistes en prosedures nie nagekom is nie, of as die omstandighede waarin die kontrak gesluit is, verdag was. Die reël is geformuleer om 'n buitestander se plig om navraag te doen oor die sake van die maatskappy binne redelike perke te hou.

In *Wolpert v Uitzigt Properties (Edms) Bpk* 1961 (2) SA 257 (W) het die maatskappy se Akte van Oprigting bepaal dat die direksie 'n persoon kan magtig om namens hom promesses te onderteken. Klaarblyklik kon die direksie enigiemand magtig om namens hom promesses te onderteken. In *Wolpert* het een van die maatskappy se gewone direkteure sonder magtiging namens die maatskappy promesses onderteken; die vraag het ontstaan of die buitestaander daarop geregtig was om aan te neem dat die direkteur die bevoegdheid gehad het om dit te doen.

Die hof bevind dat 'n buitestaander met uitdruklike of toegeskrewe kennis van die Akte van Oprigting sou kon aanneem dat 'n persoon die bevoegdheid gehad het om die promesses te onderteken, maar nie dat 'n spesifieke persoon daartoe gemagtig was nie. Die *Turquand*-reël tree slegs in werking indien 'n interne formaliteit vereis word.

Die *Turquand*-reël tree in wanneer die persoon wat gehandel het, werklike magtiging gehad het wat onderworpe was aan 'n interne formaliteit. In *Tuckers Land and Development Corporation (Pty) Ltd v Perpellief* 1978 (2) SA 11 (T) het die hof bevind dat derde partye nie outomaties kan aanneem dat 'n takbestuurder of 'n gewone direkteur magtiging het om namens die maatskappy te

handel nie. Die maatskappy kan steeds aan aanspreeklikheid ontkom op grond daarvan dat die persoon nie magtiging gehad het nie.

Artikel 20(7) van die Maatskappywet, 2008, kodifiseer nou die *Turquand*-reël in 'n aangepaste vorm deur te bepaal dat 'n persoon wat te goeder trou met 'n maatskappy sake doen, daarop geregtig is om aan te neem dat die maatskappy voldoen het aan al die prosedurele vereistes ingevolge die Wet, die maatskappy se Akte van Oprigting en enige reëls van die maatskappy, tensy die persoon geweet het of redelikerwys moes geweet het van enige versuim deur die maatskappy om aan sy formele en prosedurele vereistes te voldoen. Hierdie artikel wysig ook die *Turquand*-reël deur te verhoed dat 'n derde party hom of haar daarop beroep wanneer die persoon redelikerwys van die maatskappy se nie-nakoming moes geweet het. Dit verskil van die gemeenregtelike *Turquand*-reël wat bepaal dat die derde party nie enige vermoede van nie-nakoming deur die maatskappy moes gehad het nie. Ten spyte van die oënskynlike ooreenkoms tussen die *Turquand*-reël en die bepalings van artikel 20(7), is die *Turquand*-reël nie deur die statutêre bepaling afgeskaf nie, omdat artikel 20(8) spesifiek bepaal dat artikel 20(7) "vertolk [moet] word saam met, en nie in plaas van, enige toepaslike gemeneregbesinsel wat op die veronderstelde geldigheid van die aksies van die 'n maatskappy in die uitoefening van sy bevoegdhede betrekking het nie."

🌀 **Aktiwiteit 4.3**

Die Akte van Oprigting van Steelbelts Railway Carriages (Edms) Bpk bepaal dat slegs die direksie, of 'n persoon deur die direksie gemagtig, die bevoegdheid het om kontrakte namens die maatskappy te sluit en dat enige transaksie wat R100 000 te bowe gaan, eers by gewone besluit op 'n algemene vergadering deur die maatskappy goedgekeur moet word.

Mnr Buckley, een van die direkteure, is deur die direksie gemagtig om namens die maatskappy te handel. Mnr Buckley sluit 'n kontrak met mnr Matthews vir die aankoop van toerusting ter waarde van R150 000 wat gebruik sal word in die vervaardiging van spoorwaens, maar die maatskappy het nie die bedrag op 'n gewone vergadering gemagtig nie. Mnr Matthews weet van hierdie bepaling omdat hy al vantevore met die maatskappy sake gedoen het, maar hy aanvaar dat die goedkeuring van 'n algemene vergadering wel verkry is, aangesien dit altyd vir vorige transaksies verkry is.

- (a) Is die maatskappy gebind deur die kontrak wat mnr Buckley gesluit het?
- (b) Veronderstel mnr Matthews het as direkteur uit Steelbelts Railway Carriages (Edms) Bpk bedank kort voordat die kontrak onderteken is. Sou u antwoord dan verskil van dié in (a)?

➔ **Terugvoering**

- (a) Die maatskappy word gebind deur die kontrak wat Buckley gesluit het vanweë die werking van artikel 20(7) van die Wet. Dit bepaal dat 'n persoon wat te goeder trou met 'n maatskappy sake doen, daarop geregtig is om aan te neem dat die maatskappy voldoen het aan al die prosedurele vereistes ingevolge die Wet, die maatskappy se Akte van Oprigting en enige reëls van die maatskappy, tensy die persoon geweet het of redelikerwys moes geweet het van enige versuim deur die maatskappy om aan sy formele en prosedurele vereistes te voldoen. Daar is geen aanduiding uit die feite dat mnr Matthews geweet het of redelikwys moes geweet het dat mnr Buckley versuim het om aan die prosedurele vereistes kragtens die Akte van Oprigting te voldoen nie. Op grond hiervan word die maatskappy gebind deur die kontrak.

- (b) Indien mnr Matthews onlangs as 'n direkteur van die maatskappy bedank het, sal die antwoord verskil van dié in (a). Mnr Matthews sou nie net geweet het dat magtiging vooraf verkry moes word vir 'n transaksie van meer as R100 000 nie, maar hy sou ook geweet het of moes redelikwys geweet het dat geen sodanige goedkeuring verkry is nie. Op grond hiervan word die maatskappy dan nie deur die kontrak gebind nie.

4.6 Die leerstuk van estoppel

Freeman & Lockyer v Buckhurst Park Properties (Mangal) Bpk [1964] 2 QB 480; [1964] All ER 630 [206] en [212]

Estoppel is slegs van toepassing indien die verteenwoordiger nie werklike magtiging gehad het om die maatskappy te bind nie. Let veral op die feit dat die wanvoorstelling (nl dat die verteenwoordiger wel die nodige magtiging gehad het terwyl hy of sy dit in werklikheid nie gehad het nie) deur die maatskappy as prinsipaal gedoen moet gewees het. Op grond van so 'n wanvoorstelling sal die maatskappy onder estoppel wees om aanspreeklikheid te ontken indien die derde party kan bewys dat:

- a) die maatskappy opsetlik en nalatig 'n wanvoorstelling gedoen het dat die betrokke verteenwoordiger die nodige magtiging gehad het om die maatskappy te verteenwoordig;
- b) die wanvoorstelling deur die maatskappy gedoen is;
- c) die derde party oorgehaal is om met die verteenwoordiger sake te doen as gevolg van die wanvoorstelling;
- d) die derde party benadeel is deur die wanvoorstelling.

Studie-eenheid 5

Korporatiewe finansies: Aandele en Skuldbriewe

☺ **Bestudeer afdelings 3.1-3.6 (uitsluitende 3.3.8) van u voorgeskrewe handboek**

☺ **Bestudeer artikels 35, 36, 37, 39, 40, 41(3), 43 en 47 van die Maatskappywet**

Voorgeskrewe saak vir hierdie studie-eenheid:

Utopia Vakansie-Oorde v Du Plessis [saak 84]

5.1 Inleiding

Afdeling 3.1 van die handboek.

'n Maatskappy verkry die fondse wat hy vir sy besigheid nodig het deur middel van ekwiteitsfinansiering en finansiering met geleende kapitaal. Ekwiteitsfinansiering behels die uitreiking van aandele in ruil vir geld, waaruit die aandeelkapitaal van 'n maatskappy bestaan. Finansiering met geleende kapitaal neem die vorm aan van lenings, hetsy banklenings of skuldsekuriteite, wat op soortgelyke wyse as aandele uitgereik word. Die tradisionele skuldsekuriteit word 'n "skuldbrief" genoem.

Die verskaffers van ekwiteitsfinansiering is die aandeelhouers van 'n maatskappy. Hulle ontvang 'n opbrengs op hul belegging in die vorm van dividende. Indien die maatskappy gelikwedeer word, is die aandeelhouers geregtig op die balans van die maatskappy se bates, nadat al die skuldeisers van die maatskappy betaal is. Die verskaffers van leningskapitaal is die skuldeisers van die maatskappy. Die opbrengs op hul belegging is rente en die hoofgedeelte van die lening moet teen 'n spesifieke tyd terugbetaal word.

Aandeelhouersbelegging is meer riskant omdat daar gewoonlik geen waarborg is dat die aandeelhouers in 'n gegewe jaar 'n dividend gaan ontvang nie. Aandeelhouers het egter sekere bevoegdhede ten opsigte van die sake van die maatskappy, deurdat hulle die maatskappy se direkteure aanstel en by algemene vergaderings mag stem (sien studie-eenheid 1).

Daar is verskillende redes waarom 'n maatskappy op 'n spesifieke tipe finansiering besluit; ekonomiese faktore speel hier die belangrikste rol. Die verhouding van skuld teenoor aandeelkapitaal/ekwiteit van 'n maatskappy weerspieël die samestelling van die maatskappy se kapitaalstruktuur. As 'n maatskappy 'n skuld-tot-eie-kapitaal-verhouding van 1:2 het, beteken dit dat die maatskappy twee maal soveel kapitaal in die vorm van eie kapitaal het, as in die vorm van skuld.

Indien 'n maatskappy goed vaar, kan dit in die beste belang van die aandeelhouers wees om skuldfinansiering te verhoog en ekwiteitsfinansiering te verminder. Die voordeel hiervan word aangetoon deur die uitwerking van "gearing" of hefboming.

"Gearing" kan soos volg verduidelik word:

Indien 'n maatskappy 100 gewone aandeelhouers en 'n aandeelkapitaal van R100 000 en skuldbriewe van R100 000 het wat rente dra teen 10 persent per jaar, het die maatskappy kapitaal van R200 000 verkry en is sy skuld-tot-eie-kapitaal-verhouding 1:1. Die maatskappy moet 'n jaarlikse wins van ten minste R10 000 toon om die verskuldigde rente te kan betaal. As die maatskappy se wins laer as R10 000 is, gaan die aandeelhouers geen dividende ontvang nie. Al die wins wat meer is as R10 000 sal egter, afhangende van die bestuur se strategie, vir dividende beskikbaar wees. Indien die maatskappy goed vaar, kan die maatskappy bekostig om minder aandeelhouers te hê wat 'n hoër opbrengs op belegging ontvang.

Veronderstel dieselfde maatskappy toon 'n wins van R100 000. In die gegewe feitestel moet die eerste R10 000 gebruik word om die verpligtinge ingevolge die skuldbrief na te kom. 'n Bedrag van R90 000 is steeds beskikbaar vir dividendverspreiding, wat beteken dat elke aandeelhouer tot R900 in dividende kan ontvang.

Veronderstel nou dat die maatskappy nie van *gearing* gebruik gemaak het nie, maar verkies het om al sy kapitaal deur middel van ekwiteitsfinansiering te verkry. Die maatskappy het R200 000 verkry uit die uitreiking van 200 aandele aan 200 aandeelhouders. Die volle R100 000 is beskikbaar vir dividendverspreiding, maar aangesien dit deur 200 verdeel moet word, kan elke aandeelhouer 'n maksimum van R500 in dividende ontvang.

Dit is duidelik dat die maatskappy in hierdie feitestel selfs hoër *gearing* kon bekostig het. Veronderstel die maatskappy het 50 van sy gewone aandele in voorkeuraandele omskep, aflosbaar na keuse van die maatskappy, en die maatskappy los hulle af. Verder verkry die maatskappy R50 000 deur die uitreiking van verdere skuldbriewe op dieselfde voorwaardes as dié van die eerste reeks skuldbriewe. Die maatskappy beskik steeds oor kapitaal ten bedrae van R200 000, maar het nou 'n skuld-tot-eie-kapitaal-verhouding van 3:1.

Veronderstel die maatskappy toon 'n wins van R100 000. Hy betaal R15 000 rente op sy skuldinstrumente. Daar is steeds R85 000 beskikbaar vir dividendverspreiding; daar is egter net 50 aandeelhouders. Dit beteken dat elke aandeelhouer tot R1 700 in dividende kan ontvang.

U het sekerlik in die voorgeskrewe handboek opgemerk dat dit nie meer moontlik is om ingevolge die Maatskappywet aandele met pariwaarde uit te reik nie. Ingevolge Bylae 5, paragraaf 6(3), behou reeds uitgereikte pariwaarde aandele steeds hul pariwaarde. Die Minister kan moontlik verdere regulasies uitreik om te help met die omskepping van hierdie aandele in aandele sonder pariwaarde, maar die regte verbonde aan die aandele moet sover moontlik behou word. Enige vermindering van dié regte weens omskepping in aandele sonder pariwaarde, moet vergoed word.

As gevolg van die afskaffing van aandele met pariwaarde, is dit nie meer moontlik om aandele teen afslag of teen 'n premie uit te reik nie. Die bepalinge wat kapitaal en nie-verspreibare reserwes reël, verval ook.

U sal weet dat u hierdie studie-eenheid begryp as u die volgende sleutelvrae kan beantwoord:

- Wat is die regsdefinisie van 'n aandeel?
- Hoe kan die klasse aandele wat deur 'n maatskappy gemagtig word, en die regte daaraan verbonde, gewysig word?
- Watter tipes voorkeuraandele is daar?
- In watter omstandighede het die houer van nie-stemdraende aandele die reg om te stem?
- Wanneer moet die direksie die goedkeuring van aandeelhouders verkry voordat hulle aandele mag uitreik?
- Wat is voorkoopregte?
- Hoe word bepaal of die teenprestasie vir 'n uitreiking van aandele voldoende was? Op watter grondslag kan dié bepaling betwis word?
- Wat is die definisie van 'n skuldbrief?
- Hoe bepaal ek of 'n sekuriteit 'n aandeel of 'n skuldbrief is?

5.2 Omskrywing van 'n aandeel

Afdeling 3.2 van die voorgeskrewe handboek.
Artikel 35 van die Maatskappywet.

Die Maatskappywet, 2008, omskryf “aandeel” as “een van die eenhede waarin die eiendomsbelang in 'n maatskappy met winsoogmerk verdeel is”. Om hierdie woordomskrywing te begryp, moet ons begin deur te vra: wat is 'n aandeelhouer? 'n Aandeelhouer is wesenlik een van die bydraers tot die fonds waardeur 'n maatskappy begin word. Dié fonds is die aandeelkapitaal van die maatskappy. 'n “Aandeel” is die eenheid van bydrae tot die aandeelkapitaal. Dit is as sodanig eiendom en kan verhandel word.

Die Akte van Oprigting van 'n maatskappy moet die klasse aandele en die aantal aandele van elke klas wat 'n maatskappy gemagtig is om uit te reik, uiteensit. Dit word die “gemagtigde aandeelkapitaal” van die maatskappy genoem. 'n Maatskappy mag slegs aandele uitreik wat in die Akte van Oprigting gemagtig word, maar 'n maatskappy se direksie kan die gemagtigde aandeelkapitaal vergroot of verklein. Die direksie kan ook enige aandele wat gemagtig is maar nie uitgereik is nie, herklassifiseer.

Die direksie besluit wanneer om aandele uit te reik en hoeveel aandele uitgereik moet word. Dit wil sê, nie alle gemagtigde aandele hoef uitgereik te word nie.

Die beslissing in *Standard Bank of SA Ltd v Ocean Commodities Inc* (sien par 3.2 van die handboek) gee die klassieke definisie van 'n aandeel soos die howe dit sien. Benewens die omskrywing in die Maatskappywet is hierdie definisie ook baie belangrik.

5.3 Klasse aandele

Afdeling 3.3 van die voorgeskrewe handboek.
Artikel 36 van die Maatskappywet.

Aandele word in klasse verdeel volgens die spesifieke regte wat 'n aandeel aan die houer daarvan verleen. Die regte wat van klas tot klas verskil, kan gewoonlik in die volgende verdeel word:

- Die reg om te stem
- Die reg op inligting
- Die reg om in die winste te deel wat as 'n dividend verklaar is
- Die reg om te deel in die bates wat oorbly as die maatskappy gelikwideer word en die maatskappy se skuldeisers reeds betaal is

Die regte verbonde aan 'n spesifieke klas aandele word deur die Akte van Oprigting en die voorwaardes vir die uitreiking van dié aandele bepaal. Die Akte van Oprigting moet die klasse aandele uiteensit wat die maatskappy mag uitreik asook die hoeveelheid aandele van elke klas wat uitgereik mag word (a 37). Verder moet dit die voorkeure, regte, beperkings en ander bepalinge verbonde aan daardie klas aandele uiteensit. 'n Maatskappy kan egter 'n klas aandeel in die Akte van Oprigting uiteensit sonder om die verwante voorkeure, regte, beperkings en ander bepalinge van daardie aandeel uiteen te sit, en dit aan die direksie oorlaat om later oor hierdie bepalinge te besluit (a 37(1)(d)).

Die direksie het die bevoegdheid om die gemagtigde aandele van die maatskappy te vermeerder of te verminder en om onuitgereikte aandele te herklassifiseer. Om dit te doen, moet die maatskappy 'n Kennisgewing van Wysiging van die Akte van Oprigting indien wat die veranderinge uiteensit wat deur die direksie aangebring is. Ingevolge die Maatskappywet van 1973 kon wysigings van aandeelkapitaal eers plaasvind ná 'n spesiale besluit daaroor by die algemene vergadering. Dit bly steeds 'n opsie kragtens artikel 36(2)(a)) van die Maatskappywet van 2008, maar sal waarskynlik baie min gebeur.

Die mees algemene klasse aandele is voorkeuraandele, gewone aandele en uitgestelde aandele.

5.3.1 Voorkeuraandele

Afdeling 3.3.1–3.3.5 van die voorgeskrewe handboek

Artikel 37 van die Maatskappywet

Utopia Vakansie-Oorde Bpk v Du Plessis [84]

In ruil vir die voorkeurregte op dividende word die reg van voorkeuraandeelhouders om te stem gewoonlik in die Akte van Oprigting beperk. Selfs as die Akte van Oprigting bepaal dat voorkeuraandeelhouders nie stemreg het nie, bepaal die Maatskappywet dat hulle 'n onherroeplike reg het om te stem oor enige voorstel om die voorkeure, regte, beperkings en bepalinge wat met die aandele geassosieer word, te wysig (artikel 37(3)(a)).

Ingevolge artikel 194 van die Maatskappywet van 1973, het voorkeuraandeelhouders altyd die reg om te stem wanneer hul voorkeurdividend of 'n aflossingsbedrag op hul voorkeuraandele agterstalling en onbetaald is. Hierdie bepaling is nie in die nuwe Wet herhaal nie. Ook kon voorkeuraandeelhouders ingevolge die vorige Wet altyd stem indien die voorgestelde besluit direk hul regte of belange ingevolge die aandele sou raak, en besluite vir die likwidasië van die maatskappy of vir 'n vermindering van aandeelkapitaal was uitdruklik gelys as omstandighede wat die regte van voorkeuraandeelhouders sou raak en waarvoor hulle die reg sou hê om te stem. Die nuwe Wet vermeld nie die voorgestelde likwidasië van die maatskappy as 'n spesifieke besluit waarvoor die voorkeuraandeelhouer die reg sal hê om te stem nie.

Utopia Vakansie-Oorde Bpk v Du Plessis sal steeds waardevolle leiding bied in hierdie verband. Die hof het bevind dat die begrip “belange” baie weier is as die begrip “regte”. Verder bevind die hof dat “beïnvloed” (*affect*) impliseer dat die regte of belange van die voorkeuraandeelhouders potensieel benadeel moet word deur die voorgestelde besluit. Dit word dus aangevoer dat die voorgestelde likwidasië van 'n maatskappy direk die belange van voorkeuraandeelhouders sal beïnvloed en dat dit 'n besluit sal uitmaak waarvoor die voorkeuraandeelhouders die reg sal hê om te stem ingevolge die nuwe Wet.

Daar moet altyd ten minste een klas aandeelhouders van die maatskappy wees wat mag stem by 'n aandeelhoudersvergadering en ten minste een klas aandeelhouders wat geregtig is om die netto bates van die maatskappy te deel by likwidasië (a 37(4)). Met ander woorde, 'n maatskappy word nie toegelaat om slegs voorkeuraandele uit te reik wat nie aan hul aandeelhouders die reg gee om te stem nie.

Die verskillende tipes voorkeuraandele word in u handboek bespreek. 'n Verdere beperking wat op aandele geplaas kan word, en wat in die besonder by voorkeuraandele as 'n voorwaarde gebruik word, is die moontlikheid om die aandele in die toekoms, of wanneer 'n spesifieke gebeurtenis plaasvind, af te los (a 37(5)(b)). Wanneer 'n aandeel afgelos word, word dit beskou as 'n uitkering ingevolge artikel 46 van die Wet, wat in ooreenstemming daarmee moet geskied (sien studie-eenheid 6).

Aktiwiteit 5.1

Jean-Pierre is 'n voorkeuraandeelhouer van Cape Fabric Mills Bpk, 'n maatskappy wat materiaal vir die klere-industrie vervaardig. Die voorkeuraandele is nie-stemdraend. Die klere-industrie is die afgelope tyd onder swaar druk weens mededinging met vervaardigers uit die Verre Ooste. Die aanvraag na materiaal het gevolglik in so 'n mate verminder dat 'n voorstel vir die likwidasië van Cape Fabric Mills Bpk ingedien word.

Jean-Pierre is baie ontsteld hieroor. Adviseer hom daarvoor of hy die reg het om oor die voorgestelde besluit te stem.

→Terugvoering

Bespreek die relevante wetsartikels en die *Utopia Vakansie-Oorde*-beslissing. Hoewel daar nog nie finaal oor hierdie kwessie beslis is nie, moet u in u antwoord 'n besliste standpunt daarvoor inneem.

5.3.2 Gewone aandele

Afdeling 3.3.6 van die voorgeskrewe handboek.

Gewone aandeelhouders het gewoonlik die reg om by aandeelhouervergaderings te stem. Hierdie reg kan ingevolge die Maatskappywet ingekort word, sodat een klas gewone aandeelhouders nie mag stem nie. Daar moet egter altyd ten minste een klas aandeelhouders wees wat mag stem; indien daar net een klas aandeelhouders is, moet hulle almal die reg hê om te stem.

Soos by voorkeuraandeelhouders, bepaal die Maatskappywet dat as 'n besluit ingedien waarvolgens die voorkeure, regte, beperkings en ander bepalings verwant aan daardie aandele gewysig moet word, sulke aandeelhouders 'n onherroeplike reg het om oor sulke voorstelle te stem (a 37(3)(a)).

5.3.3 Uitgestelde aandele

Afdeling 3.3.7 van die voorgeskrewe handboek

Van tyd tot tyd word aandele uitgereik aan die stigters van 'n maatskappy wat hulle op dividende geregtig maak slegs as die dividendbedrag 'n bepaalde drempel te bowe gaan en nadat die gewone aandeelhouders betaal is. 'n Houer van uitgestelde aandele staan dus laaste in die ry as dit by die ontvangs van dividende kom.

5.3.4 Kapitalisasie-aandele

Afdeling 3.3.9 van die voorgeskrewe handboek
Artikel 47 van die Maatskappywet

Kapitalisasie-aandele word uitgereik wanneer die direksie besluit om huidige aandeelhouders te beloon, in die vorm van meer aandele, eerder as deur die betaling van 'n kontantdividend. Die kapitalisasie-aandele kan aan spesifieke klasse aandeelhouders uitgereik word. Die bepalings van die aanbod van kapitalisasie-aandele kan ook aan aandeelhouders die opsie bied om eerder 'n voorafbepaalde kontantbedrag te ontvang, eerder as die kapitalisasie-aandele. In so 'n geval word die uitbetaling geag 'n uitkering ingevolge die Wet te wees, wat ooreenkomstig die vereistes van artikel 46 moet geskied (sien studie-eenheid 6).

5.4 Uitreiking van aandele

Afdeling 3.4 van die handboek.
Artikel 41(3) van die Maatskappywet

Die Maatskappywet beskou die uitreiking van aandele as 'n bestuursbesluit. Tensy die dit uitdruklik in die Akte van Oprigting beperk word, het die direksie die bevoegdheid om die besluit te neem om aandele uit te reik sonder die toestemming van die aandeelhouders. Die direksie het ook die bevoegdheid om die aantal gemagtigde aandele van die maatskappy te vergroot.

Let asseblief op die omstandighede (bespreek in die handboek) waarin 'n uitreiking van aandele deur 'n spesiale besluit van die aandeelhouders goedgekeur moet word. Let verder daarop dat waar die stembevoegdheid van die klas aandele wat uitgereik gaan word, gelyk is aan of meer as 30% sal wees van die totale stembevoegdheid van al die aandele van daardie klas wat onmiddellik voor daardie transaksie of reeks transaksies gehou is, 'n spesiale besluit deur ál die aandeelhouders vereis word (a 41(3)).

As daar dus Klas A- en Klas B-aandele is, en 'n uitreiking van verdere Klas B-aandele hierdie hoeveelheid oorskry, moet sowel Klas A- as Klas B-aandeelhouders ten gunste van die besluit stem.

Aktiwiteit 5.2

Forget-Me-Not Bpk het 100 gewone aandele en elke aandeel is stemdraend. Forget-Me-Not Bpk se direksie wil 'n verdere 100 gewone aandele wat ook een stem per aandeel dra, uitreik. Adviseer die direksie daarvoor of die aandeelhoudersvergadering tot die uitreiking van aandele moet toestem.

→Terugvoering

Indien 'n verdere 100 aandele uitgereik word wat elk een stem dra, is daar 200 gewone aandele, en dra die nuwe aandeelhouders 50 persent van die stemme. Dit oorskry die beperking ingevolge artikel 41(3) van die Wet. Gevolglik moet die uitreiking deur 'n spesiale besluit van aandeelhouders van die maatskappy goedgekeur word.

5.4.1 Voorkoopsreg

As 'n algemene reël het aandeelhouders van privaat maatskappy 'n voorkoopsreg op nuwe aandele uitgereik deur die maatskappy. Dit beteken dat wanneer die maatskappy nuwe aandele uitreik, dit eerste aan bestaande aandeelhouders aangebied moet word en wel *pro rata* volgens hulle bestaande aandeelhouding.

Die rede waarom hierdie bepaling by die Maatskappywet ingesluit is, is om te waak teen die verwatering van eienaarskap in privaat maatskappy. Verwatering van eienaarskap kan soos volg verduidelik word: Veronderstel Fidelity (Edms) Bpk het twee aandeelhouders wat elk tien aandele hou. Op 'n aandeelhoudersvergadering het hulle dus gelyke stembevoegdheid. Veronderstel voorts dat Fidelity (Edms) Bpk nou nog 20 aandele wil uitreik. Indien 'n derde persoon al 20 van die nuwe aandele verkry, het hy of sy dan die helfte van die stemregte op 'n aandeelhoudersvergadering. Die oorspronklike aandeelhouders het dan elk slegs 25 persent van die stemregte op 'n aandeelhoudersvergadering. Indien hulle hul voorkoopsregte uitgeoefen het, sou elkeen van hulle op die helfte van die 20 nuwe aandele geregtig gewees het en sou hulle gevolglik dieselfde stembevoegdheid in die maatskappy behou het.

Dit is belangrik om te onthou dat voorkeurregte net geld waar die voorgestelde uitreiking van nuwe aandele vir kontant is. As die aandele vir enige ander vorm van teenprestasie is, is hierdie regte nie van toepassing nie.

5.4.2 Voldoende teenprestasie

Artikel 40 van die Maatskappywet

Artikel 40 van die Maatskappywet bepaal dat aandele slegs vir voldoende teenprestasie deur die direksie uitgereik mag word. Die direksie moet bepaal wat voldoende teenprestasie vir die aandele sal wees. Die Wet laat dus heelwat ruimte oop vir die direksie se diskresie. Hierdie bepaling kan egter net betwis word as dit 'n verbreking uitmaak van die standaard van gedrag wat ingevolge artikel 76 van direkteure verwag word, as hulle hul vertrouenspligte verbreek, of as hulle deliktueel aanspreeklik is (a 77) – sien studie-eenheid 3.

Daar is egter onsekerheid oor die uitwerking wat 'n suksesvolle aanvegting van die direksie se bepaling van voldoende teenprestasie op die inskrywers sal hê. Van der Linde ("The Regulation of Share Capital and Shareholder Contributions in die Companies Bill 2008" (2009) *TSAR* 39 op 50) argumenteer dat die gevolge daarvan sal afhang of die bepaling geldig bly al dan nie, of daardeur ongeldig gemaak word. Indien dit geldig bly, word die inskrywers nie daardeur geraak nie, omdat aandele geag word ten volle betaal te wees wanneer die teenprestasie ontvang is (a 40(4)).

As dit ongeldig gemaak word, kan die inskrywers aanspreeklik wees vir die verskil tussen die teenprestasie wat reeds aangebied is en die voloende teenprestasie soos aangedui ná die aanvegting. Op die oomblik is dit nog onduidelik wat die gevolge van so 'n betwisting gaan wees.

Verhandelbare instrumente en toekomstige dienste, toekomstige voordele en toekomstige betaling word toegelaat as teenprestasie vir pas uitgereikte aandele, maar aandele mag net aan die inskrywende party oorgedra word in die mate waarin die instrumente deur die maatskappy verhandelbaar is, of in die mate waarin die inskrywende party sy of haar toekomstige verpligtinge vervul het. Intussen word hierdie aandele uitgereik en in trust gehou. Die stemregte verbonde aan sulke aandele wat in trust gehou word, mag nie uitgeoefen word nie. Enige uitkerings met betrekking tot aandele wat in trust gehou word (sien studie-eenheid 6), mag gekrediteer word teen die oorblywende waarde van die teenprestasie steeds vervat in 'n nieverhandelbare instrument, of vir toekomstige dienste, voordele of betaling.. Die aandele wat in trust gehou word, mag nie sonder die maatskappy se uitdruklike toestemming aan 'n derde party oorgedra word nie; dit kan op 'n kwartaallikse grondslag aan die inskrywende party oorgedra word in die mate waarin die instrumente deur die maatskappy verhandelbaar word, of die toekomstige dienste, voordele of betalings gelewer is. Indien die verhandelbare instrument gedishonoreer is, of die inskrywende party versuim het om sy of haar pligte ingevolge die ooreenkoms tussen hom of haar en die maatskappy na te kom, moet die aandele aan die maatskappy teruggegee en gekanselleer word.

5.5 Skuldbriewe

Afdeling 3.5 van die handboek

Artikel 43 van die Maatskappywet

Terwyl die Maatskappywet van 1973 na "skuldbriewe" verwys het as 'n vorm van uitgereikte maatskappyskuld, verwys die nuwe Maatskappywet na "skuldinstrumente". Daar is nie 'n "finale" definisie van "skuldbrief" in die Suid-Afrikaanse reg nie; ook nie in die Engelse reg nie. Ons kan dus met veiligheid aanvaar dat die terme "skuldinstrument" en "skuldbrief" uitruilbaar is.

Die houer van 'n skuldbrief is 'n skuldeiser van die maatskappy. Die maatskappy se pligte teenoor skuldbriefhouers kan verseker of onverseker wees. 'n Trustee word gewoonlik aangestel om namens die skuldbriefhouers sekuriteit te hou. Die trustee moet nie verwant wees aan die maatskappy of sy beamptes nie en moet 'n persoon wees wat volgens die direksie se oortuiging die vereiste kennis en ervaring het om die pligte van 'n trustee uit te voer. Indien die maatskappy versuim om sy pligte teenoor die skuldbriefhouers na te kom, kan die trustee namens hulle die sekuriteit afdwing, sodat skuldbriefhouers nie individueel hoof aksie in te stel nie.

Die direksie kan sonder die goedkeuring van die aandeelhouers besluit om skuldbriewe uit te reik, tensy die Akte van Oprigting anders aandui.

5.6 Hibriede sekuriteite

Afdeling 3.6 van die voorgeskrewe handboek

Die klassifikasie van sekuriteite as óf ekwiteit óf skuld is veral belangrik wanneer die opbrengs van hierdie beleggings belas moet word. Dividende wat ontvang word, is gewoonlik nie belasbaar nie, terwyl rente wat ontvang word as inkomste hanteer word.

Aan die ander kant is die hantering van hierdie uitgifte in die rekeninge van die maatskappy ook belangrik. As die uitgifte in die vorm van skuld was, sal die rente betaalbaar 'n maatskappy-uitgawe wees wat van sy belasbare inkomste afgetrek kan word, sodat minder belasting betaalbaar moet word.

Elke sekuriteit moet op sy eie oorweeg word. Wanneer u oorweeg of 'n sekuriteit, skuld of ekwiteit is, moet u al die relevante faktore wat in die voorgeskrewe handboek uiteengesit word, oorweeg en tot 'n gevolgtrekking kom.

Aktiwiteit 5.3

Sarah se ouma het in haar testament 'n aantal sekuriteite nagelaat. In haar testament word dit beskryf as "voorkeuraandele". Wanneer Sarah die aandelesertifikate ontvang, merk sy egter op dat die bepalings van die uitgifte van hierdie aandele aandui dat rente teen 'n aangeduide koers op alle agterstallige voorkeuraandele betaalbaar is. Verder, dat die aandele teen 'n sekere datum aflosbaar is en nie stemdraend is nie. Sy weet nie of sy die inkomste uit hierdie sekuriteite as dividend- of as rentebetalings moet hanteer nie. Adviseer Sarah oor die aard van die sekuriteite.

→Terugvoering

In u antwoord moet u onderskei tussen aandele en skuldbriewe. Vergelyk die sekuriteite uitgereik aan Sarah met hierdie teorie en kom tot 'n deeglik gemotiveerde en beredeneerde gevolgtrekking.

5.7 Sekuriteite, registrasie en oordrag

Artikels 49-56 van die Wet

Die handboek behandel nie hierdie onderwerp nie, maar ons meen dat u 'n basiese kennis van hierdie bepalings moet hê. U hoef nie die relevante artikels te bestudeer nie – slegs die bespreking hieronder.

Die onderskeid wat die Maatskappywet van 1973 tussen gesertifiseerde en ongesertifiseerde sekuriteite maak, word ook in die nuwe Wet gevind. Hoewel 'n houër van sekuriteite kan kies of dit in gesertifiseerde of in ongesertifiseerde vorm gehou moet word, mag slegs ongesertifiseerde sekuriteite op die JSE Bpk oorgedra word (a 49(6)). Die *bona fide*-oordragontvanger word ook beskerm in gevalle van bedrog, onwettigheid of insolvensie, waarvan hy of sy nie bewus was nie (a 53(4)-(5)).

In die Maatskappywet van 1973 was daar afsonderlike bepalings wat aandele en skuldbriewe gereguleer het, maar in die nuwe Wet word hulle saam gereguleer, deur die bepalings oor die registrasie en oordrag van sekuriteite. Ingevolge artikel 1 van die *Securities Services Act* 36 van 2004, wat ten opsigte van die Maatskappywet van 2008 geld (sien a 1), sluit sekuriteite onder andere in, effekte en depositobewyse in openbare maatskappye en ander soortgelyke ekwiteite (behalwe aandele in 'n aandeelblokmaatskappy soos omskryf in die Wet op die Beheer van Aandeelblokke 59 van 1980); promesses; afgeleide instrumente; verbande; skuldbriewe; deelnemende belange in 'n kollektiewe beleggingskema soos omskryf in die Wet op die Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas 45 van 2002; en instrumente gebaseer op 'n indeks; maar sluit geldmarkinstrumente uit.

Elke maatskappy moet 'n register hou van sy uitgereikte sekuriteite, wat die voorgeskrewe inligting bevat, insluitende die totale aantal ongesertifiseerde sekuriteite, die name en adresse van die houers aan wie sekuriteite uitgereik is en die aantal sekuriteite uitgereik aan elkeen, die aantal aandele wat in trust gehou word, en óf die aantal gesertifiseerde skuldinstrumente uitgereik, óf die name en adresse van die geregistreerde houers en die houers van 'n voordelige belang in gesertifiseerde skuldinstrumente (a 50(1)-(2)). Die sekuriteiteregister is voldoende bewys van die feite daarin vervat, in die afwesigheid van enige bewys tot die teendeel (a 50(3)). Die rekords van die CSD-deelnemer of die CSD ten opsigte van ongesertifiseerde sekuriteite word geag deel te vorm van die maatskappy se sekuriteiteregister (a 50(3)).

Artikel 51(1) skryf die minimuminhoud van 'n sekuriteitesertifikaat voor. Elke sertifikaat moet onderteken word deur twee persone wat deur die direksie daartoe gemagtig is, maar die handtekening kan per outografiese, meganiese of elektroniese metode by die sertifikaat aangeheg word, of daarop aangebring word (a 51(2)). Die sertifikaat is *prima facie*-bewys dat die genoemde sekuriteitehouer die sekuriteite besit (a 51(1)(c)).

Aandele kan op enige manier oorgedra word waarvoor die Wet of ander wetgewing voorsiening maak (a 35). Enige oordrag van gesertifiseerde sekuriteite moet in die maatskappy se sekuriteiteregister ingeskryf word (a 51(5)). Die inskrywing kan net geskied as die oordrag bewys word deur 'n behoorlike instrument van oordrag gelewer aan die maatskappy, of deur middel van die Wet bewerkstellig is (a 51(6)). Die maatskappy moet die naam en adres van die oordragontvanger, die beskrywing van die sekuriteite of belang oorgedra, die datum van die oordrag en die waarde van enige uitstaande teenprestasie ten aansien van aandele (a 50(5)).

Artikels 52 tot 55 reguleer die registrasie en oordrag van ongesertifiseerde sekuriteite en geld in die geval van 'n botsing met bepalings van die Wet, enige ander wet, die gemenerereg, die maatskappy se Akte van Oprigting en enige ander ooreenkoms (a 49(4)). Hierdie bepalings is soortgelyk aan artikel 90A van die 1973-Wet.

Artikel 56 reguleer die openbaarmaking van voordelige belange in sekuriteite wesenlik op dieselfde wyse as artikel 140A van die 1973-Wet. Let daarop dat 'n maatskappy se Akte van Oprigting oënskynlik die registrasie van sy sekuriteite in die naam van een persoon tot die voordelige belang van 'n ander persoon, kan beperk, of selfs verbied.

Studie-eenheid 6

Kapitaalinstandhouding

☺ **Bestudeer afdelings 3.7-3.10 van u voorgeskrewe handboek**

☺ **Bestudeer artikels 44, 46, 47 en 48 van die Maatskappywet!**

Voorgeskrewe saak vir hierdie Studie-eenheid

Lipschitz v UDC Bank Bpk 1979 (1) SA 789 (A) [138]

U sal weet dat u hierdie studie-eenheid verstaan as u die volgende **seutelvrae** kan beantwoord:

- Watter transaksies word ingevolge die Maatskappywet 71 van 2008 as “uitkerings” beskou?
- Watter vereistes moet ‘n maatskappy nakom om sy aandele te kan terugkoop?
- Wat is ‘n dividend?
- Watter vereistes moet nagekom word voordat ‘n maatskappy finansiële bystand mag verleen aan ‘n persoon, sodat die persoon aandele in die maatskappy kan koop?

6.1 Kapitaalinstandhouding

Afdeling 3.7 van die voorgeskrewe handboek.

Artikel 48 van die Maatskappywet

☛ **U hoef nie die historiese agtergrond op bladsye 58 tot 60 van die handboek te bestudeer nie, maar lees dit asseblief deur, want dit plaas die nuwe reëling van kapitaalinstandhouding in perspektief.**

Oorspronklik moes maatskappye hulle aandeelkapitaal in stand hou, dit wil sê hulle is nie toegelaat om ‘n deel van die fondse wat oorspronklik in ruil vir aandele ontvang is, aan die aandeelhouers terug te betaal nie. Maatskappye is ook nie toegelaat om aandele teen ‘n afslag uit te reik waardeur die maatskappy minder aandeelkapitaal in ruil vir die aandele sou verkry as wat die nominale waarde aangedui het nie. Die reël oor kapitaalinstandhouding is egter geleidelik verslap deur middel van wysigings van die Maatskappywet van 1973.

Op bladsye 54-55 lys u handboek sewe reëls wat uit die kapitaalinstandhouding-konsep voortgevloei het. In afdeling 3.7 word die uitwerking van die Maatskappywet van 2008 op die situasies uiteengesit in reëls 4 (‘n filiaal wat ‘n lid van sy houermaatskappy word) en 6 (‘n maatskappy wat sy eie aandele koop) bespreek.

Artikel 48(2)(a) laat ‘n maatskappy toe om sy eie aandele te verkry as die besluit om dit te doen aan die vereistes ingevolge artikel 46, die artikel wat uitkering reguleer, voldoen (bespreek in 6.2 hieronder). Let daarop dat, hoewel die handboek na die “terugkoop” van sy aandele deur die maatskappy verwys, die Wet die woord “verkry” gebruik, wat ‘n wyer betekenis het. Aangesien dit as ‘n uitkering beskou word, moet ‘n maatskappy se verkryging van sy aandele aan al die vereistes vir ‘n uitkering voldoen, insluitende die vereiste dat dit deur die direksie gemagtig moet wees en aan die solvensie-en-likiditeitstoets moet voldoen.

Ingevolge artikel 48(2)(b) mag enige filiaal van ‘n maatskappy aandele in daardie maatskappy verkry, onderworpe aan die voorwaardes dat (i) nie meer as 10% van al die uitgereikte aandele van enige klas aandele van die maatskappy gehou mag word deur, of tot voordeel van al die filiale van daardie maatskappy tesame nie; en (ii) dat geen stemregte verbonde aan daardie aandele uitgeoefen kan word terwyl die aandele deur ‘n filiaal van die maatskappy gehou word nie.

Alle verkrygings van sy aandele deur 'n maatskappy of sy filiaal is onderworpe aan die volgende:

- Nadat die maatskappy of filiaal die aandele verkry het, moet daar ander aandele as omskepbare of aflosbare aandele oorbly (a 48(3)(b)).
- Daar moet uitgereikte aandele wees wat deur ander aandeelhouders as die maatskappy se filiale gehou word (a 48(3)(a)). Onthou dat aandele wat deur die maatskappy self verkry word, gekanselleer moet word en dus dieselfde status as gemagtigde, maar onuitgereikte aandele verkry (a 35(5)(a)).

'n Ooreenkoms vir die verkryging van aandele is afdwingbaar, mits die vereistes kragtens artikel 48(2) en (3) (hierbo uiteengesit) nagekom word; insluitende dat die solvensie-en-likiditeitstoets geslaag word en die nodige onomskepbare en onaflosbare aandele in uitgifte bly vir 'n ander aandeelhouer as die maatskappy se filiale (a 48(4)). Indien 'n maatskappy egter nie sy verpligtinge ingevolge 'n terugkoop-ooreenkoms kan nakom nie weens die werking van artikel 48(2) of (3), verskaf artikel 48(5) die volgende remedie:

- Die maatskappy moet by die hof aansoek doen om 'n bevel (waarskynlik 'n bevel wat die verkryging van die aandele opskort). Die maatskappy moet bewys dat die nakoming van sy verpligtinge die vereistes van artikels 48(2) of (3) sal verbreek.
- Die hof mag 'n bevel uitreik wat in die lig van die maatskappy se finansiële omstandighede billik en regverdig is, wat verseker dat die persoon aan wie die maatskappy ingevolge die ooreenkoms 'n betaling moet maak, betaal word op die vroegste moontlike datum versoenbaar met die maatskappy se voldoening aan sy ander finansiële verpligtinge soos dit verskuldig en betaalbaar word (a 48(5)(c)).

Die Wet maak nie voorsiening vir enige ander bevel nie, en indien hierdie die enigste bevel is wat die hof kan uitreik, kan dit nie die maatskappy se onvermoë om aan die nie-finansiële vereistes (soos die tipe aandele wat uitgereik moet bly) te voldoen, aanspreek nie.

Indien die maatskappy aandele verkry het sonder om die solvensie-en-likiditeitstoets, of enige van die ander vereistes van artikel 48 na te kom, bly die ooreenkoms tussen die aandeelhouer en die maatskappy ingevolge waarvan die maatskappy sy aandele sou terugkoop, oënskynlik afdwingbaar. Kragtens artikel 48(6) mag die maatskappy egter binne twee jaar ná die verkryging by die hof aansoek doen om 'n bevel om die terugkoop om te keer. Die hof kan dan beveel -

- dat die persoon by wie die aandele gekoop is, die teenprestasie daarvoor teruggee, en
- dat die maatskappy aan daardie persoon 'n gelyke hoeveelheid aandele van dieselfde klas as dié wat verkry is, uitreik.

'n Direkteur wat by die vergadering aanwesig was toe 'n verkryging van aandele kragtens artikel 48 goedgekeur is, of wat aan hierdie besluit deelgeneem het, en wat versuim het om teen die verkryging van die aandele te stem, ondanks die wete dat die verkryging strydig was met artikels 46 (vereistes vir uitkerings) of 48, is aanspreeklik vir enige verlies, skade of koste wat die maatskappy opgedoen het as 'n regstreekse of onregstreekse gevolg van hierdie goedkeuring (a 48(7)).

Aktiwiteit 6.1

Mega-Manufacturers Bpk het besluit om aandele terug te koop. Die direksie het die solvensie-en-likiditeitstoets toegepas en was oortuig dat daar op dié tydstip aan die vereistes voldoen is. Agterna het dit egter geblyk dat 'n patent wat aan die maatskappy behoort, in die finansiële state erg oorwaardeer is. Mega-Manufacturers Bpk het nou aansoek gedoen om die transaksie te laat omkeer. Adviseer Asanda, een van die aandeelhouders van wie aandele teruggekoop is, oor haar regsposisie.

→ Terugvoering

Indien die aansoek slaag, sal Asanda die geld wat sy ontvang het, moet teruggee, maar die maatskappy moet dan ook die aandele wat dit by haar teruggekoop het, teruggee.

6.2 Uitkerings

Afdeling 3.8 van die voorgeskrewe handboek.

Artikels 1 (omskrywing van “uitkering”) en 46 van die Maatskappywet

In die 1973 Maatskappywet is die begrip “uitkerings” redelik eng omskryf. Betalings gemaak aan aandeelhouers in hul hoedanigheid van aandeelhouers is by die begrip ingesluit, maar ’n terugkoop van aandele deur ’n maatskappy of ’n aflossing van aandele is uitdruklik uitgesluit. In die 2008 Maatskappywet word laasgenoemde twee handeling nou ook as uitkerings geklassifiseer.

Artikel 46 van die Maatskappywet reël uitkerings. Ingevolge artikel 1 word die volgende handeling as uitkerings beskou:

- (a) ’n regstreekse of onregstreekse oordrag deur ’n maatskappy van geld of ander eiendom van die maatskappy, buiten sy eie aandele, aan of ten behoeve van een of meer houers van enige van die aandele van daardie maatskappy of van ’n ander maatskappy binne dieselfde groep maatskappye, hetsy
 - (i) in die vorm van ’n dividend,
 - (ii) as ’n betaling in plaas van ’n kapitalisasieaandeel,
 - (iii) as teenprestasie vir die verkryging van sy eie aandele of aandele van ’n ander maatskappy binne daardie groep maatskappye, of
 - (iv) andersins ten opsigte van enige van die aandele van daardie maatskappy of ’n ander maatskappy binne dieselfde groep maatskappye;
- (b) aangaan van ’n skuld of ander verpligting deur ’n maatskappy ten behoeve van een of meer houers van enige van die aandele van daardie maatskappy of van ’n ander maatskappy binne dieselfde groep maatskappye; of
- (c) kwytskelding of tersydestelling deur ’n maatskappy van ’n skuld of ander verpligting deur een of meer houers van enige van die aandele van daardie maatskappy of van ’n ander maatskappy binne dieselfde groep maatskappye aan die maatskappy verskuldig.

’n Uitkering kan in die volgende omstandighede gedoen word:

- Die direksie moet die uitkering magtig, tensy dit ingevolge ’n bestaande regsverpligting van die maatskappy, of ’n hofbevel gemaak word.
- Dit moet redelikerwyse blyk dat die maatskappy onmiddellik nadat die voorgestelde uitkering afgehandel is aan die solvensie-en-likiditeitstoets sal voldoen.
- Die direksie moet by wyse van ’n besluit erken het dat hy die solvensie-en-likiditeitstoets toegepas en redelikerwys die gevolgtrekking gemaak het dat die maatskappy onmiddellik nadat die voorgestelde uitkering afgehandel is aan die solvensie-en-likiditeitstoets sal voldoen.

☞ Die solvensie-en-likiditeitstoets word in artikel 4 van die Wet uiteengesit.

Solvensietoets: Met inagneming van alle redelik voorsienbare finansiële omstandighede van die maatskappy op daardie tydstip is die bates van die maatskappy, soos billik gewaardeer, gelykstaande met of oorskry dit die laste van die maatskappy, soos billik gewaardeer.

Likiditeitstoets: Met inagneming van alle redelik voorsienbare finansiële omstandighede van die maatskappy op daardie tydstip blyk dit dat die maatskappy in staat sal wees om sy skulde te betaal wanneer hulle in die gewone loop van sake verskuldig word, vir ’n tydperk van 12 maande ná die uitkering.

Indien die uitkering geskied het in die vorm van 'n lening aan 'n aandeelhouer of die kwytskelding van 'n lening aan 'n aandeelhouer, loop die tydperk vir 12 maande ná die datum waarop die toets oorweeg word.

Die uitkering moet gedoen word binne 120 dae nadat die toets toegepas is, anders moet die besluit weer deur die direksie geneem en die toets weer toegepas word.

Aktiwiteit 5.4

U is die maatskappysekretaris van Tau Gold Bpk. Op 'n direksievergadering word voorgestel dat 'n dividend aan die aandeelhouers betaal word. Lig die direksie in oor die vereistes waaraan voldoen moet word voordat 'n dividend geldiglik aan die aandeelhouers betaal kan word.

→ Terugvoering

U moet die vereistes gestel in artikel 46 in gedagte hou, asook die solvensie-en-likiditeitstoets.

6.3 Opsies

Afdeling 3.9 van die voorgeskrewe handboek.

Artikel 42 van die Maatskappywet

Hierdie aangeleentheid word in voldoende detail in u handboek bespreek.

6.4 Finansiële bystand vir die aankoop van aandele

Afdeling 3.10 van die voorgeskrewe handboek.

Artikel 44 van die Maatskappywet

Lipschitz v UDC Bank Bpk 1979 (1) SA 789 (A) [138]

Die Maatskappywet van 1973 het 'n maatskappy verbied om finansiële bystand aan 'n persoon te gee ten einde hom of haar in staat te stel om aandele of ander sekuriteite in die maatskappy te verkry, behalwe in enkele baie spesifieke gevalle.

Kragtens artikel 44 van die Maatskappywet van 2008 mag 'n maatskappy 'n persoon bystaan om aandele en ander sekuriteite in die maatskappy te verkry, mits sodanige bystand nie in die Akte van Oprigting verbied word nie en daar aan sekere vereistes voldoen word.

Die besluit om 'n persoon by te staan om aandele in die maatskappy te verkry berus by die direksie, maar moet in ooreenstemming wees met die voorwaardes wat in artikel 44 gestipuleer word en wat in die handboek bespreek word. Dit sluit in dat die bystand geskied kragtens 'n aandeleskema vir werknemers of indien 'n spesiale besluit deur aandeelhouers sodanige bystand aan 'n bepaalde persoon of persone wat in 'n bepaalde klas of kategorie val, gemagtig het. In laasgenoemde geval moet die persoon aan wie bystand verleen gaan word, in daardie klas of kategorie val en die besluit moet geneem gewees het binne 'n tydperk van twee jaar voor die direksie se besluit om bystand te verleen.

Artikel 44 vereis voorts dat die direksie oortuig moet wees dat die maatskappy aan die solvensie-en-likiditeitsvereistes (sien artikel 4 van die Maatskappywet van 2008) voldoen en dat die bystand verleen word volgens bepalings wat vir die maatskappy billik en redelik is.

Die Akte van Oprigting kan verdere beperkings op die verskaffing van finansiële bystand plaas en die direksie moet toesien dat ook dié vereistes nagekom word.

Sommige van die sake wat oor die verbod ingevolge die ou Wet handel, is steeds relevant met betrekking tot artikel 44, in die mate waarin hulle riglyne verskaf oor die omstandighede waarin die bepalings van artikel 44 van toepassing sal wees.

Die belangrikste saak in hierdie verband is *Lipschitz v UDC Bank Ltd* 1979 (1) SA 789 (A), waar daar beslis is dat die transaksie in twee fases geëvalueer moet word:

- In die eerste plek moet daar vasgestel word of daar wel finansiële bystand was. In *Gradwell (Pty) Ltd v Rostra Printers Ltd* 1959 (4) SA 419 (A) is die “verarmingstoets” geformuleer om te help vasstel of finansiële bystand gegee is. Volgens die verarmingstoets moet ’n mens oorweeg of ’n transaksie die uitwerking sal hê dat dit die maatskappy armer laat. Indien wel, is bystand verleen. In *Lipschitz* het die hof bevind dat dit nie die enigste maatstaf van finansiële bystand is nie; om die maatskappy aan risiko bloot te stel kwalifiseer ook vir doeleindes van die Wet as finansiële bystand. Indien die persoon byvoorbeeld ’n lening verkry het om aandele in die maatskappy te bekom en die maatskappy het vir daardie lening borggestaan, word dit as finansiële bystand getel. Indien die maatskappy ’n bate van die persoon gekoop het ten einde laasgenoemde in staat te stel om aandele te koop, sal dit van die feite afhang of daar finansiële bystand was. Faktore wat uit die regspraak blyk, is die vraag of die maatskappy die bate in die gewone loop van sy besigheid nodig het en of die maatskappy ’n billike prys daarvoor betaal het. In *Jacobson v Liquidator of M Bulkin & Co Ltd* 1976 (3) SA 781 (T) bevind die hof ook dat die besluit oor of finansiële bystand verskaf is, nie gebaseer moet word op die waarskynlikheid dat ’n lening onverhaalbaar kan word of dat ’n sekuriteit afgedwing sal moet word weens die hoofskuldenaar se wanbetaling nie.
- In die tweede plek moet vasgestel word of die bystand beoog is vir die doel van die verkryging van aandele in die maatskappy. Veronderstel Maatskappy A is ’n belangrike skuldeiser van Maatskappy B. Maatskappy A verkry die meeste van die aandele in Maatskappy B. Ná die verkryging laat Maatskappy A Maatskappy B sekuriteit oor sy roerende bates verskaf om die lening te verseker. Dit sal finansiële bystand ooreenkomstig die eerste toets uitmaak, maar dit is nie ten opsigte van die aankoop van aandele nie. Die bystand is verleen ten einde ’n lening te verseker. In *Fidelity Bank Ltd v Three Women (Pty) Ltd* [1996] 4 All SA 368 kom die hof tot die slotsom, op grond daarvan dat ’n spesifieke transaksie wat die aankoop van aandele gefasiliteer het, nie enige regmatige handelsbelang van die maatskappy bevorder het nie, dat die transaksie inderdaad ten doel gehad het om met die aankoop van aandele te help.

Wanneer die uitkoms van hierdie twee fases op finansiële bystand vir die aankoop van aandele dui, sal die transaksie aan artikel 44 moet voldoen ten einde geldig te wees. Indien dit nie finansiële bystand was nie, of as die bystand nie in verband met die aankoop van aandele is nie, is artikel 44 nie van toepassing op die transaksie nie.

Aktiwiteit 6.3

David wil graag aandele in Free-4-All (Edms) Bpk koop. Hy het nie geld beskikbaar nie, maar bied aan om rekenaartoerusting wat oorgebly het van ’n voorheen onsuksesvolle besigheid, aan die maatskappy te verkoop. Hy sal dan dié geld gebruik om aandele in Free-4-All (Edms) Bpk te koop. Adviseer die direksie van Free-4-All (Edms) Bpk oor die vraag of die maatskappy aan die vereistes van artikel 44 van die Maatskappywet 71 van 2008 moet voldoen voordat hulle die aandele aan David mag verkoop.

→Terugvoering

U sal die benadering van die hof in die *Lipschitz*-uitspraak in u antwoord moet oorweeg. Onthou dat ons nie vra wat die vereistes van artikel 44 is nie. U moet vasstel of artikel 44 van toepassing is. Nadat u die proses bespreek het wat in *Lipschitz* geformuleer is, moet u tot ’n gevolgtrekking kom. U kan byvoorbeeld sê dat as Free-4-All (Edms) Bpk die toerusting nodig het, dit nie finansiële bystand uitmaak nie en dat die maatskappy nie aan artikel 44 hoef te voldoen nie.

Studie-eenheid 7

Groepe maatskappye

☺ **Bestudeer afdelings 5.1-5.5 van u voorgeskrewe handboek!**

☺ **Bestudeer artikels 2 en 3 van die Maatskappywet!**

Voorgeskrewe sake vir hierdie studie-eenheid:

Sage Holdings Ltd v The Unisec Group Ltd 1982 (1) SA 337 (W) [246]

The Unisec Group Ltd v Sage Holdings Ltd 1986 (3) SA 259 (T) [247]

7.1 Inleiding

Daar is heelwat redes waarom dit wenslik kan wees dat een maatskappy 'n ander beheer, onder andere omdat mededinging daardeur uitgeskakel word, tegniese kundigheid saamgevoeg word en selfs dat 'n spesifieke industrie beheer word, sonder dat die Wet op Mededinging 89 van 1998 oortree word. Verder kan pogings om bestuur te desentraliseer, waar verskillende aspekte van 'n besigheid deur verskillende maatskappy in die groep hanteer word, hierdeur bevorder word.

Die Maatskappywet se regulering van maatskappygroepeerings is weens twee belangrike redes nodig: Eerstens moet daar behoorlike rekenkundige beheer wees omdat die gevaar bestaan, veral waar die houermaatskappy 'n privaat maatskappy is, dat sommige finansiële inligting vir aandeelhouers of skuldeisers van die houermaatskappy verberg kan word. Tweedens poog die Wet om die misbruik wat kan ontstaan as gevolg van die houermaatskappy se beheer van die filiaal, te voorkom. Misbruik kan heel waarskynlik voorkom waar die filiaal 'n lening toestaan aan of sekuriteit ten gunste van die houermaatskappy of sy direkteure verskaf.

In hierdie studie-eenheid verduidelik ons wat groepe maatskappye is, hoe filiaalmaatskappye omskryf word en watter gevolge uit die bestaan van 'n groep maatskappye voortvloei.

U sal weet dat u hierdie studie-eenheid verstaan as u die volgende **slutelvrae** kan beantwoord:

- Wat is die definisie van 'n groep maatskappye ingevolge die Maatskappywet 61 van 1973?
- Wanneer is 'n maatskappy 'n filiaal van 'n ander regspersoon?
- Wat is die definisie van 'n groep maatskappye ingevolge die Maatskappywet 71 van 2008?
- Wat is die belangrikste gevolge van die bestaan van 'n groep maatskappye?

7.2 Definisies

Afdeling 5.1 van die voorgeskrewe handboek.

Die wesenlike idee van 'n groep is die bestaan van beheer deur een maatskappy van een of meer filiaalmaatskappye. In Bylae 4 van die Maatskappywet 61 van 1973 word 'n groep maatskappye omskryf as 'n houermaatskappy wat nie self 'n volfiliaal is nie, saam met al die maatskappye wat sy filiale is. Die Maatskappywet 71 van 2008 bevat 'n nuwe definisie van 'n groep maatskappye. Hierdie definisie word hieronder in afdeling 7.5 bespreek.

7.3 Houer- en filiaalmaatskappye ingevolge die 1973-Maatskappywet

Afdeling 5.2 van die voorgeskrewe handboek.

Artikel 1(3) van die Maatskappywet 61 van 1973 omskryf 'n "filiaalmaatskappy" in besonderhede en artikel 1(4) ken 'n omgekeerde betekenis toe aan die term "houermaatskappy", deur te bepaal dat 'n maatskappy geag word 'n houermaatskappy van 'n ander te wees as die ander maatskappy 'n filiaal is. Die houer-filiaal-verhouding word omskryf ooreenkomstig –

- die beheer oor die meerderheid stemregte in die maatskappy, en
- die beheer oor die reg om direkteure, wat 'n meerderheid van stemregte op direksievergaderings hou, aan te stel of uit hul amp te verwyder.

Die omskrywing bepaal verder dat, indien 'n maatskappy 'n lid van 'n ander maatskappy is en alleenbeheer oor die meerderheid van stemregte in daardie maatskappy het, hetsy ingevolge 'n ooreenkoms met ander lede of andersins, die maatskappy wat sodanige beheer het as 'n houermaatskappy geklassifiseer word.

7.4 Die 2008-Maatskappywet: filiaalverhoudings

Afdeling 5.3 van die voorgeskrewe handboek.

Artikel 3 van die Maatskappywet

Artikel 3 van die Maatskappywet 71 van 2008 verander die vorige statutêre omskrywing van 'n filiaalmaatskappy, maar oor die algemeen behou dit die breë buitelyne van die omskrywing vervat in die Maatskappywet 61 van 1973, deurdat dit gebaseer word op die meerderheid van stemregte of die reg om direkteure aan te stel wat by direksievergaderings die meerderheid stemregte hou.

7.5 Groepe maatskappye

Afdeling 5.4 van die voorgeskrewe handboek.

Artikels 1 en 2 van die Maatskappywet

Soos reeds genoem, bevat die Maatskappywet 71 van 2008 'n nuwe omskrywing van 'n groep maatskappye. Ingevolge artikel 1 is 'n groep maatskappye twee of meer maatskappye wat verwant of onderling verwant is. Dit beteken dat 'n groep maatskappye twee of meer maatskappye is wat 'n houermaatskappy of filiaalverhouding deel. Die verwysing na die deel van 'n filiaalverhouding ten einde 'n groep maatskappye te omskryf, verander nie die omskrywing daarvan ooreenkomstig die nuwe Wet wesenlik van dié vervat in Bylae 4 van die Maatskappywet 61 van 1973 nie, aangesien artikel 3 van die Maatskappywet 71 van 2008 in breë trekke die omskrywing van 'n filiaal in die Maatskappywet 61 van 1973 behou, soos reeds verduidelik. Die feit dat 'n groep maatskappye ingevolge artikel 1 van die Maatskappywet 71 van 2008 ook dui op twee of meer maatskappye wat 'n houermaatskappy deel, verander ook nie die omskrywing van 'n groep maatskappye veel nie, aangesien al die filiale van 'n houermaatskappy ingevolge die Maatskappywet 61 van 1973 ook ingesluit word by 'n groep, al het hierdie filiale geen ander belang in gemeen nie.

7.6 Regsgevolge van 'n groep maatskappye

Afdeling 5.5 van die voorgeskrewe handboek

Artikel 42 van die Maatskappywet

Verskeie belangrike gevolge vloei voort uit die bestaan van 'n groep maatskappye, al erken die reg nie 'n afsonderlike regs persoonlikheid vir die groep nie.

Die belangrikste gevolge, wat vir sowel die Maatskappywet 61 van 1973 as die Maatskappywet 71 van 2008 geld, is die volgende:

- Die houermaatskappy moet vóór sy algemene jaarvergadering groep-finansiële jaarstate opstel.
- 'n Filiaal mag nie meer as 10% van die aandele van sy houermaatskappy hou nie.
- Voorgeskrewe inligting moet openbaar word waar 'n filiaal aan sy houermaatskappy of 'n medefiliaal 'n lening toestaan of sekuriteit voorsien.
- Waar 'n filiaal 'n onafhanklike direksie het, is sy houermaatskappy nie enige vertrouenspligte teenoor die filiaal verskuldig nie.
- 'n Direkteur van 'n filiaalmaatskappy is nie 'n vertrouensplig verskuldig aan die houermaatskappy nie.
- Ingevolge artikel 4(1)(a) van die Maatskappywet 71 van 2008 voldoen 'n maatskappy aan die solvensietoets as die bates van die maatskappy of – as die maatskappy 'n lid van 'n groep maatskappye is – die totale bates van die maatskappy, soos billik gewaardeer, gelykstaande is aan of die laste oorskry van die maatskappy of – as die maatskappy 'n lid van 'n groep maatskappye is – die totale laste van die maatskappy, soos billik gewaardeer.

Bestudeer ook die lys vervat in afdeling 5.5 van u handboek.

g **Aktiwiteit 7.1**

Alpha Bpk hou 50% van die aandele en stemregte in Omega (Edms) Bpk. Kragtens die Akte van Oprigting van Omega (Edms) Bpk het 'n lid die reg om een direkteur te nomineer vir elke 25% van die totale uitgereikte aandele van die maatskappy wat die lid hou. Die direksie bestaan uit vyf direkteure. Vakante posisies wat nie deur genomineerde direkteure gevul word nie, word gevul deur direkteure wat by wyse van meerderheidstem deur die lede gekies word. Ingevolge 'n ooreenkoms tussen Alpha Bpk en mev Morby, wat 30% van die aandele in Omega (Edms) Bp hou, het Alpha Bpk 'n opsie om te eniger tyd mev Morby se aandele te koop. Oorweeg of Omega (Edms) Bpk as 'n filiaal van Alpha Bpk geag sal word.

→Terugvoering

Raadpleeg weer afdeling 5.2 in u handboek, asook *Sage Holdings Ltd v The Unisec Group Ltd* 1982 (1) SA 337 (W) [246] en *The Unisec Group Ltd v Sage Holdings Ltd* 1986 (3) SA 259 (T) [247].

Alpha Bpk hou of beheer nie die meerderheid van stemregte in Omega (Edms) Bpk nie. Boonop mag Alpha Bpk net twee van die vyf direkteure van Omega (Edms) Bpk aanstel. Sou Alpha Bpk mev Morby se aandele verkry, sal hy in staat wees om drie van die vyf direkteure aan te stel. Die vraag is dus of die reg om mev Morby se aandele te verkry, geïnterpreteer kan word as 'n reg om 'n ander direkteur aan te stel, selfs voordat die aandele inderdaad verkry word. Indien die beslissing in die *Unisec*-sake gevolg word, is dit oënskynlik die geval, aangesien die opsie te eniger tyd uitgeoefen kan word.

Hou in gedagte dat die *Unisec*-sake beslis is voordat 'n wysiging van die omskrywing van 'n filiaal in artikel 1(3) van die Maatskappywet 61 van 1973 in 1992 in werking getree het. Volgens *Hahlo* (bl 426) bly die beginsels wat op die uitleg van artikel 1(3)(a)(i)(bb) van die Maatskappywet 61 van 1973 in die besonder van toepassing is, egter dieselfde. Dieselfde behoort ook te geld vir artikel 3(1)(a)(ii) van die Maatskappywet 71 van 2008.

Studie-eenheid 8

Oornames, aanbiedinge en fundamentele transaksies

☺ **Bestudeer afdelings 9.1–9.6 van u voorgeskrewe handboek!**

☺ **Bestudeer artikels 112 –127 van die Maatskappywet!**

8.1 Inleiding

Afdelings 9.1 tot 9.3 van die voorgeskrewe handboek

Hoofstuk 5 van die Maatskappywet van 2008 is getiteld, “Fundamentele Transaksies, Oornames en Aanbiedinge.” Dit bevat die nuwe bepalings rakende die regulering van sulke transaksies. Deel C van Hoofstuk 8, getiteld, “Regulerende Agentskappe en Administrasie van Wet” bevat die bepalings oor die Oornamereguleringspaneel.

Hoofstuk 5 van die Maatskappywet van 2008 word in die volgende drie dele verdeel:

- Deel A wat handel oor die reëls wat fundamentele transaksies raak, wat op alle maatskappye van toepassing is
- Deel B wat oor die gesag van die Oornamereguleringspaneel en die Oornameregulasies handel, en
- Deel C wat oor die regulering van geaffekteerde transaksies en aanbiedinge handel. Deel B en C geld slegs ten opsigte van “gereguleerde maatskappye” (sien a 118).

Dit is belangrik om die verskil tussen “geaffekteerde transaksies” en “fundamentele transaksies” te verstaan. ‘n Transaksie word ‘n “geaffekteerde transaksie” genoem as ‘n gereguleerde maatskappy daarby betrokke is, in welke geval die Oornamereguleringspaneel jurisdiksie oor die transaksie het. ‘n Fundamentele transaksie kan gereguleerde of ongereguleerde maatskappye behels en alle transaksies wat in Deel A van Hoofstuk 5 van die Maatskappywet van 2008 behandel word, word “fundamentele transaksies” genoem. ‘n “Fundamentele transaksie” is gevolglik ‘n “geaffekteerde transaksie” as ‘n gereguleerde maatskappy daarby betrokke is.

Die volgende word by fundamentele transaksies ingesluit: die vervreemding van die geheel of grootste deel van die bates of onderneming van ‘n gereguleerde maatskappy, soos beoog in artikel 112; amalgamasies of samesmeltings (a 113); en reëlinskemas (a 114).

‘n “Geaffekteerde transaksie” word in artikel 117(1)(c) omskryf en behels ‘n vervreemding van die geheel of grootste deel van die bates of onderneming van ‘n gereguleerde maatskappy (a 112), ‘n samesmelting of amalgamasie waarby ten minste een gereguleerde maatskappy betrokke is (a 113) en ‘n reëlinskema tussen ‘n gereguleerde maatskappy en sy aandeelhouers (a 114) (sien a 117(1)(c)(i), (ii) en (iii)). **(sien 8.6 hieronder vir ‘n volledige bespreking van geaffekteerde transaksies en gereguleerde maatskappye.)**

As u die volgende **slutelvrae** kan beantwoord, kan u seker wees dat u hierdie studie-eenheid verstaan:

- Wat is ‘n fundamentele transaksie?
- Wat is ‘n geaffekteerde transaksie?
- Hoe omskryf die Maatskappywet van 2008 ‘n gereguleerde maatskappy?
- Wat is ‘n verpligte aanbieding en in watter omstandighede moet dit gemaak word?
- Wat is ‘n verpligte verkryging of uitdruwing en in watter omstandighede geld dit?
- Watter vereistes moet nagekom word voordat ‘n maatskappy die geheel of die grootste deel van sy bates of onderneming mag vervreem of verkoop?

- Wat beteken die term “reëlinskema”?
- Wat is ‘n amalgamasie of samesmelting?

A. FUNDAMENTELE TRANSAKSIES

8.2 Vervreemding of verkoop van die geheel of die grootste deel van die bates of onderneming van ‘n maatskappy

Afdelings 9.3.1.2 en 9.4.1 van die voorgeskrewe handboek

Artikel 112 van die Maatskappywet

Die vervreemding of verkoop van die geheel of die grootste deel van die bates van ‘n onderneming stel ‘n fundamentele transaksie daar. As ‘n gereguleerde maatskappy daarby betrokke is, is dit ook ‘n geaffekteerde transaksie. Waar ‘n maatskappy besluit om meer as 50% van sy bates of onderneming te vervreem of te verkoop, stel dit ‘n vervreemding of verkoop van die geheel (100%) of die grootste gedeelte (meer as 50% maar minder as 100%) van die bates of onderneming van die maatskappy daar. Artikel 112 van die Maatskappywet van 2008 reguleer die vervreemding of verkoop van die geheel of die grootste gedeelte van die bates van ‘n maatskappy. Ingevolge hierdie artikel mag ‘n maatskappy laasgenoemde slegs doen as die volgende vereistes nagekom is:

- die spesifieke beoogde vervreemding deur ‘n spesiale besluit van die aandeelhouders goedgekeur is (óf vooraf, óf deur bekragtiging agterna)
- die kennisgewing van die aandeelhoudervergadering waarby die besluit oorweeg gaan word, deur ‘n skriftelike opsomming van die bepalings van die transaksie vergesel word
- die vervreemding van die bates of onderneming teen ‘n billike markwaarde geskied

Bogenoemde vereistes is nie van toepassing op die vervreemding of verkoop van die geheel of die grootste gedeelte van die bates van ‘n maatskappy nie, waar die transaksie –

- die gevolg is van ‘n ondernemingsreddingsplan (**sien studie-eenheid 9**)
- tussen ‘n houermaatskappy en sy volfiliaal plaasvind
- tussen twee of meer volfiliale van dieselfde houermaatskappy is
- tussen ‘n volfiliaal van die een kant en sy houermaatskappy en een of meer volfiliale van daardie houermaatskappy, aan die ander kant, is

Sien VOORBEELD C in afdeling 9.3.1.2 van die voorgeskrewe handboek vir ‘n voorbeeld van ‘n vervreemding of verkoop van die grootste gedeelte van ‘n maatskappy se bates.

8.3 Amalgamasies of samemeltings

Afdelings 9.3.1.1 en 9.4.2 van die voorgeskrewe handboek

Artikel 113 van die Maatskappywet

Artikel 1 van die Maatskappywet van 2008 omskryf ‘n amalgamasie of samemelting as ‘n transaksie of reeks transaksies, na aanleiding van ‘n ooreenkoms tussen twee of meer maatskappye, wat lei tot die oorlewing van minstens een van die geamalgameerde of saamgesmelte maatskappye, of die stigting van een of meer nuwe maatskappye wat saam al die bates en laste hou wat onmiddellik voor die uitvoering van die ooreenkoms deur enige van die geamalgameerde of saamgesmelte maatskappye gehou is. ‘n Amalgamasie of samesmelting vind dus plaas wanneer –

- twee of meer maatskappye saam hul bates en laste hou
- hierdie bates en laste dan deur een of meer oorlewende maatskappye gehou word **OF** deur een of meer nuut gestigte maatskappye/e
- al die ander amalgamerende of die samesmelgende maatskappye dan by voltooiing van die amalgamasie of samesmelting ophou bestaan

So 'n transaksie (amalgamasie of samesmelting) is 'n fundamentele transaksie en is ook 'n geaffekteerde transaksie, as een of meer gereguleerde transaksies daarby betrokke is.

Amalgamasies of samesmeltings word gereël deur artikel 113 van die Maatskappywet van 2008. Artikel 113(1) bepaal dat twee of meer maatskappye met 'n winsoogmerk, insluitende houer- en filiaalmaatskappye, mag amalgameer of saamsmelt indien elke geamalgameerde of saamgesmelte maatskappy by implementering van die amalgamasie of samesmelting die solvensietoets (d.w.s. as die maatskappy se bates, billik gewaardeer, gelyk is aan sy laste of dlt oorskry) EN die likiditeitstoets (d.w.s. die maatskappy is in staat om sy skulde te betaal soos hulle in die gewone loop van sake verskuldig raak) slaag. Dit is die plig van die direksie van elke amalgameerende of samesmelgende maatskappy om te oorweeg of, by implementering van die transaksie, elke voorgestelde geamalgameerde of saamgesmelte maatskappy die solvensie- en likiditeitstoets gaan slaag. Die transaksie moet ook deur 'n spesiale besluit op 'n ledevergadering goedgekeur word.

Artikel 113(5) bepaal dat die kennisgewing van die ledevergadering 'n kopie of opsomming van die amalgamasie- of samesmeltingsooreenkoms en besonderhede van die voorgestelde spesiale besluit en waardasieregte moet insluit. (Sien die uiteensetting van 'n waardasiereg in afd 9.4.2.2 van die voorgeskrewe handboek.)

Ingevolge artikel 113(2) moet maatskappye wat beoog om saam te smelt of te amalgameer, 'n skriftelike ooreenkoms aangaan waarin die bepalings van die amalgamasie of samesmelting uiteengesit word. Sekere besonderhede moet by hierdie ooreenkoms ingesluit word. **(sien afd 9.4.2.2 van die voorgeskrewe handboek.)**

Aktiwiteit 8.1

Die direkteure van Ama (Edms) Bpk, Beta (Edms) Bpk en Cita (Edms) Bpk besluit dat dit in die beste belang van die onderskeie maatskappye sal wees om in een nuwe maatskappy, Disa Bpk, te amalgameer of saam te smelt, met die oog daarop om meer winsgewend te raak. Adviseer die direkteure van die onderskeie maatskappye daarvoor of so 'n amalgamasie ingevolge die Maatskappywet van 2008 toelaatbaar is, en indien wel, wat die vereistes daarvoor is.

→Terugvoering

Hierdie transaksie sou ingevolge artikel 1 van die Maatskappywet van 2008 'n amalgamasie of samesmelting wees indien dit die amalgamasie of samesmelting van drie maatskappye met winsoogmerk behels en sou lei tot die vorming van 'n nuwe maatskappy, Disa Bpk, wat al die bates en laste van Ama (Edms) Bpk, Beta (Edms) Bpk en Cita (Edms) Bpk hou. By die implementering van die amalgamasie of samesmelting hou laasgenoemde maatskappye op om te bestaan. Die amalgamasie of samesmelting van Ama (Edms) Bpk, Beta (Edms) Bpk en Cita (Edms) Bpk is toelaatbaar, mits die direkteure van elke maatskappy redelikerwys glo dat Disa Bpk die solvensie- en likiditeitstoets sal slaag. Om so 'n amalgamasie of samesmelting teweeg te bring, moet die drie maatskappye 'n skriftelike ooreenkoms aangaan waarin die voorwaardes en die wyse waarop die amalgamasie moet plaasvind, uiteensit. Die volgende moet spesifiek uiteengesit word:

- i. die voorgestelde Akte van Oprigting van Disa Bpk
- ii. die naam en identiteitsnommer van elke voorgestelde direkteur van Disa Bpk
- iii. die wyse waarop die sekuriteite van Ama (Edms) Bpk, Beta (Edms) Bpk en Cita (Edms) Bpk omskep moet word in sekuriteite van Disa Bpk, of vir ander eiendom geruil moet word
- iv. die teenprestasie wat die sekuriteithouers van Ama (Edms) Bpk, Beta (Edms) Bpk en Cita (Edms) Bpk moet ontvang in plaas van, of benewens, Disa Bpk se sekuriteite, indien die sekuriteite van die amalgameerende maatskappye nie in sekuriteite van Disa Bpk omskep word nie, en die betalingswyse van sodanige teenprestasie

- v. besonderhede van die voorgestelde toewysing van die bates en laste van Ama (Edms) Bpk, Beta (Edms) Bpk en Cita (Edms) Bpk aan Disa Bpk
- vi. besonderhede rakende enige reëling of strategie wat nodig is om die amalgamasie of samesmelting te voltooi
- vii. die geraamde koste van die voorgestelde amalgamasie of samesmelting

Die direkteure van Ama (Edms) Bpk, Beta (Edms) Bpk en Cita (Edms) Bpk moet dan die voorgestelde amalgamasie- of samesmeltingsooreenkoms aan die aandeelhouders van hul onderskeie maatskappye voorlê vir goedkeuring deur spesiale besluit. Die kennisgewing van die aandeelhoudervergadering moet vergesel word van 'n afskrif of opsomming van die amalgamasie- of samesmeltingsooreenkoms en moet verder besonderhede oor die voorgestelde spesiale besluit en waardasieregte bevat.

8.4 Reëlinskema

Afdelings 9.3.1.3 en 9.4.3 van die voorgeskrewe handboek.

Artikel 114 van die Maatskappywet

'n Reëlinskema is 'n fundamentele transaksie. Indien 'n gereguleerde maatskappy daarby betrokke is, is dit ook 'n geaffekteerde transaksie. Reëlinskemas word deur artikel 114 van die Maatskappywet van 2008 gereël. 'n Reëlinskema is wesenlik enige reëling of ooreenkoms tussen die maatskappy en enige klas van sy sekuriteitshouders (wat aandeelhouders insluit), wat 'n reorganisasie van die aandelekapitaal van die maatskappy insluit. Ingevolge artikel 114 kan 'n maatskappy, ná goedkeuring deur die direksie en behoudens goedkeuring deur spesiale besluit, enige reëlinskema tussen die maatskappy en die houders van enige klas van sy sekuriteite implementeer.

Ingevolge artikel 114(1)(a)-(f) kan die reëling of ooreenkoms die volgende behels:

- (a) 'n konsolidasie van sekuriteite van verskillende klasse
- (b) 'n verdeling van sekuriteite in verskillende klasse
- (c) 'n onteiening van die houders daarvan
- (d) 'n ruiling van enige van sy sekuriteite vir ander sekuriteite
- (e) 'n herverkryging van sy sekuriteite deur die maatskappy ingevolge artikel 48 (sien studie-eenheid 6), of
- (f) 'n kombinasie van bogenoemde

Sien VOORBEELD D in afdeling 9.3.1.3 van die voorgeskrewe handboek vir 'n voorbeeld van 'n reëlinskema.

Artikel 114 bepaal uitdruklik dat 'n maatskappy nie 'n reëlinskema mag voorstel as dit in likwidasie is, of in die loop van ondernemingsreddingsverrigtinge is nie (sien studie-eenheid 9).

Weens die ingewikkeldheid van reëlinskemas vereis artikel 114 van die Maatskappywet van 2008 dat 'n onafhanklike deskundige aangestel moet word deur die maatskappy wat die reëlinskema voorstel, om 'n verslag oor die voorgestelde reëlinskema saam te stel. Dié verslag moet beskikbaar gestel word aan die direksie en die sekuriteitshouders betrokke by die voorgestelde skema. Die minimuminhoud van hierdie verslag soos vereis deur artikel 114(3)(a)-(h) word in afdeling 9.4.3 van die handboek vervat.

Die Maatskappywet van 2008 vereis dat die deskundige onpartydig en onafhanklik moet wees. Daarom moet die deskundige geen verwantskap met die maatskappy of die sekuriteitshouders hê nie; hy of sy moes nie in die afgelope twee jaar enige sodanige verwantskap gehad het nie en ook nie verwant wees aan enige persoon wat so 'n verwantskap het of gehad het nie (a 114).

Reëlinskemas word gebruik om 'n maatskappy 'n volfiliaal van 'n ander maatskappy te maak. 'n Voorbeeld van 'n reëlinskema is die volgende:

'n Filiaalmaatskappy stel 'n reëling voor met die houers van aandele wat nie reeds deur die houermaatskappy gehou word nie. Die skema-aandeelhouders stem in om hul aandele te ruil vir aandele in die houermaatskappy. Sodoende word die maatskappy 'n volfiliaal.

8.5 Tussenbeidetrede deur die Hof by die implementering van fundamentele transaksies

Afdeling 9.4.4 van die voorgeskrewe handboek

Artikel 115 van die Maatskappywet

Die hof mag tussenbeide tree by die implementering van enige fundamentele transaksie (hetsy 'n voorgestelde reëlinskema, 'n voorgestelde vervreemding of verkoop van die geheel of die grootste gedeelte van die bates van 'n maatskappy of 'n voorgestelde amalgamasie of samesmelting). Artikel 115 bepaal dat, niesteenstaande enige spesiale besluit, 'n maatskappy nie mag voortgaan met die implementering van enige voorgestelde fundamentele transaksie (wat 'n geaffekteerde transaksie sou insluit as 'n gereguleerde maatskappy by die voorgestelde transaksie betrokke is) nie, as –

- (i) die spesiale besluit wat die goedgekeurde transaksie goedkeur, teengestaan is deur minstens 15% van die stemgeregtigdes wat daardie besluit uitgeoefen het. In hierdie situasie kan enige persoon wat teen die besluit gestem het die maatskappy versoek om goedkeuring by die hof te verkry in welke geval die voorgestelde transaksie nie sonder die hof se goedkeuring mag voortgaan nie; OF
- (ii) die hof bevind dat die besluit klaarblyklik onbillik is ten opsigte van enige klas aandeelhouders of dat daar 'n wesenlike belangebotsing of onvoldoende openbaarmaking of versuim was om aan die Wet of die Akte van Oprigting of enige toepaslike reëls van die maatskappy te voldoen of 'n ander beduidende en wesenlike onreëlmatigheid was by die stemming en gevolglik die besluit tersyde stel.

Ingevolge artikel 115 mag 'n sekuriteitshouer wat teen die voorgestelde fundamentele transaksie gestem het 'n waardasieremedie versoek om sy of haar sekuriteite onafhanklik te laat waardeur en teen 'n billike prys deur die maatskappy te laat terugkoop. Die verontregte sekuriteitshouer mag net regshulp vir waardasie versoek as hy of sy –

- (i) die maatskappy vooraf in kennis gestel het van die voorneme om die spesiale besluit teen te staan; EN
- (ii) by die vergadering teenwoordig was en teen daardie spesiale besluit gestem het.

🌀Aktiwiteit 8.2

Marico Bpk hou 90% van die aandele in Karoo (Edms) Bpk. Marico (Bpk) wil Karoo (Edms) Bpk 'n volfiliaal maak. 'n Reëlinskema word ingevolge artikel 114 van die Maatskappywet van 2008 tussen Marico Bpk en die 10%- gewone aandeelhouders van Karoo (Edms) Bpk voorgestel. Die uitwerking van die skema sou wees dat die 10%- gewone aandeelhouders hul aandele in Karoo (Bpk) Pty sou ruil vir aandele in Marico Bpk. Die skema word by 'n vergadering van die gewone aandeelhouders van Karoo (Edms) Bpk goedgekeur. Keamo, Lisa en Hamid, wat saam 17% van die stemregte in Karoo (Bpk) Pty hou, stem teen die skema.

Adviseer Keamo, Lisa en Mpho oor hul regsposisie.

➔Terugvoering

Om hierdie vraag volledig te kan beantwoord, moet u begin deur kortliks te verduidelik dat artikel 114 van die Maatskappywet van 2008 voorsiening maak vir 'n reëlinskema tussen 'n maatskappy en 'n klas aandeelhouders. Die reëling moet goedgekeur word deur die voorgeskrewe meerderheid van aandeelhouders in die klas. Ingevolge artikel 114(2) moet 'n onafhanklike deskundige 'n verslag saamstel van die voorgestelde reëlinskema en dit aan die direksie en die aandeelhouders van Marico Bpk en Karoo (Edms) Bpk voorlê.

Hierbenewens moet u die sake waarna hierbo verwys word, wat oor die vereiste van 'n kompenserende voordeel handel, bespreek.

Verder moet u Keamo, Lisa en Hamid oor hul reghulp ingevolge artikel 115 adviseer. Ingevolge hierdie artikel mag Marico Bpk nie sonder die hof se goedkeuring met die reëlinskema voortgaan as die besluit teengestaan is deur ten minste 15% van die stemregte wat daarvoor uitgeoefen is nie. Enige persoon wat die besluit teengestaan het kan die maatskappy versoek het om die hof se goedkeuring te kry.

Boonop is Keamo, Lisa en Hamid ingevolge artikel 115(8) daarop geregtig om 'n waardasieremedie te versoek. Hulle moes Marico Bpk ingelig het van hul voorneme om die spesiale besluit teen te staan, by die vergadering teenwoordig gewees het en teen die spesiale besluit gestem het. Keamo, Lisa en Hamid mag dan eis dat hul aandele onafhanklik waardeer en teen 'n billike prys deur Karoo (Edms) Bpk teruggekoop word.

B. GEAFFEKTEERDE TRANSAKSIES

8.6 Geaffekteerde transaksies en geregleerde maatskappye

Afdeling 9.5.1 van die voorgeskrewe handboek

Aangesien dlt die taak van die Oornamereguleringspaneel is om geaffekteerde transaksies te reël, is dit belangrik om te weet hoe 'n **geaffekteerde transaksie** in die Maatskappywet van 2008 omskryf word. Ingevolge artikel 117(1)(c)(i), (ii) en (iii), sluit 'n geaffekteerde transaksie 'n vervreemding van die geheel of die grootste gedeelte van die bates of onderneming van 'n geregleerde maatskappy (a 112), 'n samesmelting of amalgamasie van ten minste een geregleerde maatskappy (113) en 'n skema of reëling tussen 'n geregleerde maatskappy en sy aandeelhouers in (a 114). (Let daarop dat al hierdie tipes fundamentele transaksies onderworpe is aan die goedkeuringsvereistes uiteengesit in artikel 115. Indien enige van hierdie transaksies egter in die konteks van 'n goedgekeurde ondernemingsreddingsplan sou voorkom, sal die bepaling vervat in die Maatskappywet van 2008 wat geaffekteerde transaksies reël, asook die Oornamereguleringsregulasies, nie geld nie.

Ook ingesluit by die omskrywing van 'n geaffekteerde transaksie is die verkryging van (of die aangekondigde voorneme om te verkry) van 'n voordelige belang in enige stemdraende sekuriteite van 'n geregleerde maatskappy, in die mate beoog in artikel 122 (sien a 117(1)(c)(iv)). Hierdie omskrywing verwys na die geval waar 'n persoon genoeg sekuriteite van 'n klas verkry om 'n voordelige belang daarin te hou wat neerkom op 5, 10, 15 persent van enige verdere veelvoud van vyf van die uitgereikte sekuriteite van daardie klas. (Bogenoemde omskrywing van 'n geaffekteerde transaksie dek ook 'n vervreemding van sekuriteite wat tot gevolg het dat 'n persoon nie meer 'n voordelige belang in sekuriteite, wat neerkom op 'n spesifieke heelgetalveelvoud van 5% van die uitgereikte sekuriteite van daardie klas, hou nie.) Wanneer 'n persoon 'n "voordelige belang" in sekuriteite hou, beteken dit ingevolge artikel 1 dat hy of sy daarop geregtig is om dividende ten opsigte van die maatskappy se sekuriteite te ontvang of daarin te deel, of om enige of al die regte (bv die reg om te stem) verbonde aan die sekuriteite uit te oefen (of te laat uitoefen) of om die sekuriteite te vervreem (of die vervreemding te gelas). Artikel 122 bepaal duidelik dat dit persone dek wat alleen of gesamentlik optree en sit uiteen hoe die aantal uitgereikte sekuriteite van 'n klas bepaal moet word ten einde die persentasies te kan uitwerk.

Die omskrywing van 'n geaffekteerde transaksie dek ook die aangekondigde voorneme om 'n voordelige belang te kry in die oorblywende stemdraende sekuriteite van 'n geregleerde maatskappy wat nie reeds gehou word deur 'n persoon of persone wat saam optree nie (sien a 117(1)(c)(v)).

Gereguleerde maatskappye

Let daarop dat die omskrywing van 'n geaffekteerde transaksie na **gereguleerde maatskappye** verwys. Laasgenoemde word ingevolge artikel 117(1)(i) omskryf as 'n maatskappy waarop Deel B, Deel C en die Oornameregulasies van toepassing is, ooreenkomstig artikel 118(1). Die maatskappy moet 'n openbare (publieke) maatskappy wees (a 118(1)(a)), 'n onderneming in staatsbesit, tensy vrygestel ingevolge artikel 9 (a 118(1)(b)), of 'n privaat maatskappy – maar slegs as die persentasie uitgereikte sekuriteite van daardie maatskappy oorgedra is (behalwe deur oordrag tussen verwante persone) – binne 'n periode van 24 maande vóórdat die geaffekteerde transaksie of aanbod die persentasie wat deur die minister voorgeskryf word, oorskry (a 118(1)(c)(i)). Wat hierdie voorgeskrewe persentasie betref, mag die minister, ná oorlegpleging met die Oornamereguleringspaneel 'n minimum persentasie van nie minder nie as 10% van die uitgereikte sekuriteite voorskryf, wat die maatskappy binne die toepassing van Deel B, Deel C of Hoofstuk 5 van die Oornameregulasies (a 118(2)) sou bring.

Ook ingesluit by die omskrywing van 'n gereguleerde maatskappy is 'n privaat maatskappy, waarvan die Akte van Oprigting uitdruklik bepaal dat die maatskappy en sy sekuriteite onderworpe is aan Deel B en C (van Hoofstuk 5) en die Oornameregulasies, ongeag of die maatskappy binne die kriteria uiteengesit in artikel 118(1)(c)(i) ressorteer).

8.7 Oornamereguleringspaneel

Afdeling 9.5.2 van die voorgeskrewe handboek

Artikel 121 van die Maatskappywet

Die Oornamereguleringspaneel vervang die Sekuriteitereguleringspaneel as die reguleerder van geaffekteerde transaksies. Die Maatskappywet van 2008 bring die Oornamereguleringspaneel tot stand as 'n staatsorgaan binne die openbare administrasie, maar buite die staatsdiens (a 196(1)). Die Oornamereguleringspaneel bestaan uit die Kommissaris vir Maatskappye en Intellektuele Goedere Kommissie, die Kommissaris van die Raad vir Mededinging, drie persone aangewys deur elke beurs en 'n aantal persone aangestel deur die Minister op grond van hul kennis en ervaring in die regulering van sekuriteite en oornames (a 197(1)). Die Oornamereguleringspaneel moet sonder inagneming van die kommersiële voor- of nadele van 'n transaksie, enige geaffekteerde transaksie en aanbod reguleer in die mate waarvoor in Hoofstuk 5 en die Oornameregulasies voorsiening gemaak word. Dit moet ook klagtes rakende enige geaffekteerde transaksie en aanbod ondersoek en die Minister raadpleeg oor veranderinge aan die Oornameregulasies (sien a 201 vir die Paneel se funksies en verder ook a 119). Artikel 119 bepaal dat die Oornamereguleringspaneel geaffekteerde transaksies moet reguleer om die integriteit van die mark en billikheid teenoor sekuriteithouers te bevorder, om te verseker dat toereikende inligting en tyd verskaf word sodat maatskappye en houers van sekuriteite ingeligte besluite kan neem en optrede wat oornames-aanbiedinge kan belemmer of dwarsboom, kan voorkom.

Ingevolge die Maatskappywet van 2008 sal die Minister nou die reëls voorskryf wat as Oornameregulasies bekend staan, in oorlegpleging met die Oornamereguleringspaneel (a 120 gelees met a 201(1)(d)). Hierdie Oornameregulasies moet uitvoering gee aan die oogmerke van Deel B en C van Hoofstuk 5 van die Maatskappywet van 2008 en moet regulasies insluit wat voorsiening maak vir die nakoming en toepassing van die bepalings van Deel B en C, die administrasie, werking en prosedures van die Oornamereguleringspaneel en enige ander aangeleenthede rakende die bevoegdhede en funksies van die Oornamereguleringspaneel (a 120).

Artikel 121 bepaal dat enige persoon wat 'n geaffekteerde transaksie voorstel, aan die verslagdoenings- of goedkeuringsvereistes uiteengesit in die Oornameregulasies moet voldoen (tensy daarvan vrygestel).

So 'n persoon mag nie uitvoering gee aan die transaksie nie behalwe as hy of sy 'n klaringskennisgewing ontvang het of vrystelling toegestaan is. By die uitvoering van sy mandaat om geaffekteerde transaksies te reguleer, mag die Oornamereguleringspaneel vereis dat verskillende dokumente ingedien word vir die goedkeuring en klaringskennisgewings uitgereik word as die transaksie voldoen aan die relevante vereistes ingevolge die Maatskappywet van 2008 (a 119(4)(a) en (b)). Die Oornamereguleringspaneel mag ook klagtes aanvoer of ontvang, ondersoek doen en daarna ooreenkomstig Hoofstuk 7 (die Hoofstuk wat oor regsmedele en afdwinging handel) en die Oornameregulasies (a 119(4)(c)) voldoeningkennisgewings uitreik. Daar word in die besonder hiervoor voorsiening gemaak in artikel 201(1)(b)), as een van die funksies van die Oornamereguleringspaneel. Kragtens artikel 168(1)(a) mag 'n persoon self 'n klagte indien oor 'n geaffekteerde transaksie (of 'n klagte kan regstreeks of op versoek van 'n ander regulerende gesag van die Minister deur die Oornamereguleringspaneel geïnisieer word (a 168(2)-(3)). Die Oornamereguleringspaneel kan die klagte ingevolge artikel 169 ondersoek en ingevolge artikel 170 optree. Aansoeke vir die hersiening van die voldoeningkennisgewing kan by die Spesiale Oornamekomitee ('n komitee van die Paneel wat kragtens a 202(1) ingestel is) of 'n hof ingedien word (a 172(1)). Ná oorweging van enige verhoë kan die Spesiale Oornamekomitee die voldoeningkennisgewing volledig of gedeeltelik bevestig, wysig of kanselleer en dan moet die aansoeker aan die kennisgewing voldoen (a 172(2)-(3)). 'n Beslissing deur die Spesiale Oornamekomitee is bindend, behoudens enige reg op hersiening of appèl deur 'n hof (a 172(4)).

8.8 Algemene tipes geaffekteerde transaksies

Twee algemene tipes geaffekteerde transaksies is –

- (i) verpligte aanbiedinge
- (ii) verpligte verkrygings (of “uitdrywings”)

8.8.1 Verpligte aanbiedinge

Afdeling 9.5.3.1 van die voorgeskrewe handboek

Artikel 123 van die Maatskappywet

Ingevolge artikel 123 val verpligte aanbiedinge ook binne die omskrywing van 'n geaffekteerde transaksie (sien a 117(1)(c)(vi)). 'n Verpligte aanbieding dui op 'n transaksie waar een of meer persone wat verwant of onderling verwant is, of wat saam optree, 'n voorgeskrewe persentasie van alle stemdraende sekuriteite in die maatskappy verkry. Die voorgeskrewe persentasie word deur die Minister voorgeskryf op advies van die Paneel, maar dit moet nie meer wees as 35% van die stemdraende sekuriteite van 'n maatskappy nie (a 123(5)). Wanneer so 'n voorgeskrewe persentasie bereik word, moet so 'n persoon of persone 'n aanbod maak ten opsigte van alle uitstaande sekuriteite in die maatskappy. 'n Verpligte aanbod om oorblywende sekuriteite te verkry, moet eerstens gemaak word waar 'n gereguleerde maatskappy enige van sy stemdraende sekuriteite terugkoop ingevolge artikel 48. (Artikel 48 reguleer die omstandighede waarin 'n maatskappy sy eie aandele kan verkry.)

Die tweede situasie waarin 'n verpligte aanbod gemaak moet word, is waar 'n persoon (alleen of saam met ander) 'n voordelige belang verkry by enige stemdraende sekuriteite uitgereik deur 'n gereguleerde maatskappy. Voordat die verpligting ontstaan om 'n verpligte aanbod te maak, moet die situasie egter sodanig wees dat die persoon/persone vóór die verkryging minder as die voorgeskrewe persentasie van alle stemreg verbonde aan alle sekuriteite uitgeoefen het; en hulle as gevolg van daardie verkryging (saam met enige ander sekuriteite wat reeds gehou word) minstens in staat sou wees om ten minste die voorgeskrewe persentasie van alle stemreg verbonde aan die sekuriteite te hou (a 123(2)).

Die saak, *Sefalana Employee Benefits Organisation v Haslam* 2000 (2) SA 415 (HHA), is van belang wat verpligte aanbiedinge betref. Alhoewel dit handel oor die verpligte aanbod vóór die Maatskappywet van 2008, is dié saak steeds belangrik met betrekking tot die betekenis van die frase “verkryging van sekuriteite” en verpligte aanbiedinge in die algemeen.

Hoewel hierdie saak nie in u vonnisbundel behandel word nie, vorm dit deel van die voorgeskrewe materiaal en word hieronder bespreek. Let daarop dat die uittreksel van die saak vervat in u vonnisbundel (sien saak 287) die uitspraak is van die hof *a quo* wat in appèl deur die Hoogste Hof van Appèl verwerp is. Die feite van die saak is kortliks die volgende: Die verweerder het ooreengekom om 'n beherende aandeel van nie meer nie as 30% van die aandele in die aanbodontvangende maatskappy te koop. (Let daarop dat die aangeduide persentasie op daardie tydstip 30% was; dit is later verhoog tot 35%.) Die transaksie het ongetwyfeld op 'n geëffekteerde transaksie neergekom. Die verweerder-koper het daarna die ooreenkoms gerepudieer. Die verkoper van die aandele het die repudiasie aanvaar en die kontrak gekanselleer voordat enige aanbiedinge aan minderheidsaandeelhouers gemaak is. Die hof moes beslis of die ooreenkoms om die aandele te koop, aanleiding gegee het tot 'n verpligting om verpligte aanbiedinge aan die minderheidsaandeelhouers te maak. Cameron R in die hof *a quo* meen dat twee faktore by die beslegting van die aangeleentheid belangrik is, naamlik die omskrywings van die woorde "verkryging" en "sekuriteite" in die Sekuriteitereguleringskode vir Oornames en Samesmeltings (die Kode) en die Maatskappywet, asook die onderliggende oogmerk van en grondrede vir van die Kode. Die hof *a quo* kom tot die gevolgtrekking dat die ooreenkoms daartoe aanleiding gegee het dat die koper 'n belang verkry het ten opsigte van voldoende sekuriteite en dat, hoewel die ooreenkoms daarna gekanselleer is, die verweerder-koper verplig was om verpligte aanbiedinge aan die minderheidsaandeelhouers te maak. Bestudeer Cameron R se beslissing sodat u verpligte aanbiedinge beter kan verstaan.

Die beslissing van die hof *a quo* is op appèl verwerp. Marais AR, wat die eenparige beslissing van die Hoë Hof van Appèl lewer, beslis dat, op die feite, die verweerder-koper nie verplig was om 'n aanbod aan die minderheidsaandeelhouers te maak nie. Hieronder volg 'n samevatting van die beslissing van die Hoogste Hof van Appèl, geneem uit 'n artikel deur Luiz, "Mandatory Offers" (2000) 12 SA Merc LJ 382 op 388-389.

The main basis on which the court decided that there was no obligation to make mandatory offers to the minority shareholders was that there had in fact been no change in control and there was no prospect of the defendant buyer acquiring control. Marais JA explained that as the minority shareholders were no longer in danger of having to remain in a company in which control had changed without their approval, the mischief which the Act and the Code had been set up to regulate was 'entirely absent'.

The hof het die mening uitgespreek dat die Wet en die Kode nie afsonderlik of in isolasie gelees behoort te word nie en dat die wetgewer beoog het dat aandeelhouers gelyke behandeling voor die reg sou kry waar daar 'n verandering in die beheer van 'n maatskappy is. Marais WR het aangevoer dat selfs indien mens sou aanneem dat die sluit van die ooreenkoms opsigself sou neerkom op 'n verkryging van aandele wat die verweerderkoper kontrole gee oor die maatskappy, dat indien die ooreenkoms gekanselleer is voordat die aanbod gemaak is aan minderheidsaandeelhouers 'the rationale for the making of a mandatory offer ... no longer existed and it would have been pointless to require an offer to be made to them. No discernible legislative purpose would have been served by it.' Later in die beslissing het die regter gemeld dat selfs indien daar 'n verkryging was soos vereis, die feit dat dit gekanselleer was voor die aanbiedinge aan die minderheidsaandeelhouers gemaak is 'without the situs of control having been disturbed in any way', dat daar geen verpligting ontstaan het dat aanbiedinge gemaak hoef te word nie.

In teenstelling met Cameron R, wat op die omskrywings van "verkryging" en "sekuriteite" gekonsentreer het, kyk die Hoë Hof van Appèl na die euwel wat die Wet en die Kode, veral die bepalinge oor verpligte aanbiedinge, probeer reguleer. Luiz (390) verduidelik dat "[w]hen the court found that the mischief was no longer present in that no change of control would occur, it concluded that there was no basis for applying the provisions imposing an obligation to make mandatory offers". Wat dink u van hierdie benadering?

Luiz (393) voer aan dat, hoewel die Hoë Hof van Appèl se verklaring dat die belangrikste oogmerk van die Kode en die relevante wetgewing is om geaffekteerde transaksies te reguleer, korrek is, Marais WR “was not correct when he asserted that the definition of “affected transaction makes a ‘change of control a *sine qua non* of an affected transaction””.

g Aktiwiteit 8.3

Michael wil ‘n beheerende belang in Finchley Bpk verkry. Hy nader twee aandeelhouders in die maatskappy en dit wil voorkom dat hulle gewillig is om hul aandele teen ‘n bepaalde prys aan hom te verkoop. As hy hulle aandele koop, sal hy genoeg aandele hou om hom by die maatskappy se algemene jaarvergadering beheer van 35% van die stemme te gee. Michael word nou deur ‘n minderheidsaandelehouer genader, wat sê dat as hy voortgaan en die aandele verkry, daar moontlik van hom verwag kan word om ‘n aanbod aan die minderheidsaandelehouders in die maatskappy te maak om hul aandele teen dieselfde prys te verkry.

Adviseer Michael daaroor of die minderheidsaandelehouer se stelling waar is of nie, en indien dit wel die geval is, op watter grondslag hy so ‘n aanbod aan die minderheidsaandelehouders van Finchley Bpk moet maak.

→ Terugvoering

Die minderheidsaandelehouer verwys na die potensiele verpligting om ‘n verpligte aanbod aan die maatskappy se minderheidsaandelehouders te maak. Voordat u Michael kan adviseer oor die waarheid al dan nie daarvan, moet u egter oorweeg of die verpligte-aanbod-reël in hierdie situasie sou geld. Oorweeg of die voorgestelde transaksie om die aandele by die twee aandeelhouders te koop op ‘n geaffekteerde transaksie sou neerkom, of die aanbodontvangende maatskappy (dws Finchley Bpk) ‘n geregleerde maatskappy is en of die verpligting om ‘n verpligte aanbod te maak, hierdeur tot stand kom. Betreffende die vraag of die transaksie ‘n geaffekteerde transaksie is of nie, moet die omskrywing van ‘n “geaffekteerde transaksie”, vervat in artikel 117(1)(c) van die Maatskappywet van 2008 oorweeg word. Dit blyk dat die voorgestelde transaksie ‘n geaffekteerde transaksie is. Die vraag of die maatskappy ‘n geregleerde maatskappy is, kan beantwoord word deur na artikels 117 en 118 van die Maatskappywet van 2008 te kyk. Dit lyk asof Finchley Bpk ingevolge die Maatskappywet van 2008 ‘n geregleerde maatskappy is. Indien Michael die twee aandeelhouders se aandele sou koop, sou ‘n geaffekteerde transaksie ingevolge artikel 123(2) van die Maatskappywet van 2008 plaasvind. Dit sou aanleiding gee tot ‘n verpligting om verpligte aanbiedinge aan die minderheidsaandelehouders te maak, kragtens die Maatskappywet en die Oornameregulasies. Ingevolge artikel 123(3) sou Michael binne een dag ná die datum van die voltooide transaksie op die voorgeskrewe wyse aan die houders van die oorblywende sekuriteite, kennis gee en aanbied om enige oorblywende sekuriteite te verkry op voorwaardes wat ooreenkomstig die Maatskappywet van 2008 en die Oornameregulasies bepaal is. Artikel 123(4) bepaal dat Michael binne een maand nadat kennis gegee is, ‘n skriftelike aanbod ter voldoening aan die Oornameregulasies aan die houders van die oorblywende sekuriteite van Finchley Bpk moet oorhandig, om daardie sekuriteite te verkry.

8.8.2 Verpligte verkrygings en uitdrygings

Afdeling 9.5.3.2 van die voorgeskrewe handboek
Artikel 124 van die Maatskappywet

‘n Verpligte verkryging ooreenkomstig artikel 124 word ook omskryf as ‘n geaffekteerde transaksie (sien a 117(1)(c)(vii)). ‘n Aanbieder wie se aanbod vir die verkryging van enige klas sekuriteite van ‘n geregleerde maatskappy aanvaar is deur die houders van minstens 90% van daardie klas sekuriteite (behalwe enige sodanige sekuriteite wat reeds deur hom of haar , ‘n verwante of onderling verwante persoon, of persone wat gesamentlik optree, of ‘n genomineerde of filiaal van enige sodanige persoon of persone, gehou is), kan die houders van die oorblywende sekuriteite in kennis stel dat hy of sy die oorblywende sekuriteite wil verkry en dat hy of sy daarop geregtig is om daardie sekuriteite volgens dieselfde voorwaardes te verkry as wat vir die oorspronklike aanbod geld het (a 124(1)(a) en (b)).

Dit beteken dat die aanbieder in werklikheid die minderheidsaandeelhouers kan dwing om van hul sekuriteite afstand te doen en dat hy of sy die houer van al die sekuriteite in die maatskappy gaan word. Ingevolge artikel 124(4) mag die oorblywende minderheidsaandeelhouers daarop aandrang dat hul aandele volgens dieselfde voorwaardes verkry moet word as wat vir die oorspronklike aanbod gegeld het. In hierdie konteks neem die 90%-meerderheid die sekuriteite wat reeds gehou word deur die aanbieder, 'n verwante of onderling verwante persoon, of persone wat gesamentlik optree, of 'n genomineerde of filiaal van enige sodanige persoon of persone, in ag. Gevolglik word die situasie vermy waar minderheidsaandeelhouers as 'n klein minderheid in 'n maatskappy agtergelaat word waar die beheer in die maatskappy effektiewelik verander is.

🌀Aktiwiteit 8.4

Penny Pinchers (Edms) Bpk is 'n private maatskappy met 12 aandeelhouers wat elk een aandeel in die maatskappy hou. Lunar Lane Bpk, wat een aandeel in Penny Pinchers (Edms) Bpk hou, wil 'n aanbod maak vir die verkryging van al die uitgereikte aandele in die maatskappy en besluit dat hy elke aandeelhouer R1 miljoen gaan aanbied. Lunar Lane Bpk se direksie het gehoor dat al die aandeelhouers van Penny Pinchers (Edms) Bpk, behalwe een, gretig is om hul aandele te verkoop. Nietemin wil Lunar Lane Bpk niks minder nie as 100%-eiendomsreg van Penny Pinchers (Edms) Bpk verkry. Die direksie van Lunar Lane Bpk wil egter nie die transaksie as 'n reëlinskema struktureer nie.

Adviseer Lunar Lane Bpk oor die reëls wat so 'n transaksie reguleer en die wyse waarop hy 'n aanbod kan struktureer ten einde te verseker dat hy nie minder nie as al die uitgereikte aandele verkry.

➔Terugvoering

Die feite toon duidelik dat Lunar Lane Bpk algehele beheer van Penny Pinchers (Edms) Bpk wil verkry. Indien die transaksie binne die omskrywing van 'n geaffekteerde transaksie val en as Penny Pinchers (Edms) Bpk (die aanbodontvangende maatskappy) 'n geregleerde maatskappy is, word die transaksie deur sowel die Maatskappywet van 2008 as die Oornameregulasies geregleer. Om te besluit of die voorgestelde aanbod kwalifiseer as 'n geaffekteerde transaksie, moet u na die omskrywing in artikel 117(c) kyk. Dit blyk dat die voorgestelde transaksie deur die omskrywing gedek word en dat Penny Pinchers (Edms) Bpk ingevolge die omskrywing vervat in artikel 118 'n geregleerde maatskappy is. Die geaffekteerde transaksie in hierdie feitestel is 'n uitdrywing of verpligte verkryging, dit wil sê waar 'n persoon of aanbieder (in hierdie geval, Lunar Lane Bpk) 90% van enige klas van sekuriteite in 'n maatskappy (in hierdie geval, Penny Pinchers (Edms) Bpk) verkry. Indien daardie aanbod binne vier maande ná die datum van 'n aanbod vir die verkryging van enige klas van sekuriteite van 'n geregleerde maatskappy deur die houer van minstens 90% van daardie klas van sekuriteite aanvaar word, kan die aanbieder, ingevolge artikel 124 van die Maatskappywet van 2008, die houer van die oorblywende sekuriteite van daardie klas kennis gee dat die aanbod deur 90% van die sekuriteitshouers aanvaar is en dat die aanbieder die oorblywende sekuriteite van daardie klas wil verkry. Nadat kennis gegee is, is die aanbieder daarop geregtig om die betrokke sekuriteite op dieselfde voorwaardes te verkry as wat vir die oorspronklike sekuriteitshouers gegeld het. Lunar Lane Bpk moet hierdie prosedure volg as hy al die aandele in Penny Pincers (Edms) Bpk wil verkry.

Studie-eenheid 9

Ondernemingsreddingsverrigtinge

☺ **Bestudeer afdelings 10.1 – 10.8 van u voorgeskrewe handboek!**

☺ **Bestudeer artikels 128 - 154 van die Maatskappywet!**

9.1 Inleiding

Afdeling 10.1 van die handboek
 Artikel 128 van die Maatskappywet

In die 2004-beleidskrif, *South African Company Law vir the 21st Century: Guidelines vir Corporate Law Reform*, waarin die oogmerke en omvang van die Departement Handel en Nywerheid se oorsig van korporatiewe reg in Suid-Afrika uiteengesit word, word insolvensie en die redding van maatskappye spesifiek ingesluit as een van die ses gebiede van maatskappyreg waarop die hersieningsproses primêr sou konsentreer. Verder word verklaar (par 4.6.2) dat “judicial management is rarely used and even more rarely leads to a successful conclusion”. Die oogmerk was dus om ‘n nuwe stelsel van korporatiewe redding te skep wat by die behoeftes van ‘n moderne Suid-Afrikaanse ekonomie sou pas; Hoofstuk 11 van die US Bankruptcy Code sou in ag geneem word by die opstel van die nuwe bepalinge oor korporatiewe redding.

Die ondernemingsreddingsverrigtinge vervat in Hoofstuk 6 van die Maatskappywet van 2008 is die gevolg van daardie beslissing deur die Departement Handel en Nywerheid.

Let noukeurig op die omskrywings vervat in artikel 128, veral dié oor “geaffekteerde persoon”, “ondernemingsredding”, “in finansiële nood” en “onafhanklike skuldeiser”.

9.2 Besluit deur die direksie om met ondernemingsreddingsverrigtinge te begin

Afdeling 10.2 van die handboek
 Artikels 129-130 van die Maatskappywet

Een van die besware wat teen geregtelike bestuur geopper word, is dat dit slegs deur ‘n hofbevel in werking gestel kan word; daarom is dié prosedure duur en ingewikkeld. Die feit dat die nuwe reddingsverrigtinge ‘n aanvang kan neem op grond van ‘n besluit deur die direksie, kan dus as ‘n belangrike verbetering beskou word. Die aandeelhouers se goedkeuring word nie daarvoor vereis nie en die algemene vergadering het ook nie die gesag om so ‘n besluit te neem nie.

Let op die bepaling vervat in artikel 129(7) (bespreek in afd 10.2.2) dat indien die direksie van ‘n maatskappy redelike gronde het om te glo dat die maatskappy in finansiële nood verkeer, maar die direksie nie ‘n besluit om te begin met ondernemingsreddingsverrigtinge aangeneem het nie, die direksie ‘n skriftelike kennisgewing aan elke geaffekteerde persoon (soos omskryf) moet lewer, waarin ‘n uiteensetting gegee word van die redes waarom die maatskappy in finansiële nood verkeer en waarom ‘n ondernemingsreddingsplan nie aanvaar is nie. Watter uitwerking kan so ‘n kennisgewing op die besigheid van die maatskappy en op sy skuldeisers hê?

Om geaffekteerde persone teen misbruik van dié prosedure deur maatskappydireksies te beskerm, bepaal artikel 130 dat die hof op grond van ‘n aansoek, die besluit tersyde kan stel, ‘n ander ondernemingsreddingspraktisyn kan aanstel, of die praktisyn kan beveel om sekerheid te verskaf (sien afd 10.2.3). Ingevolge die omskrywing vervat in artikel 128(1)(a), kwalifiseer enige aandeelhouer of skuldeiser van die maatskappy, enige geregistreerde vakbond wat werknemers van die maatskappy verteenwoordig, en enige individuele werknemer wat nie deur ‘n geregistreerde vakbond verteenwoordig word nie, as geaffekteerde persone en mag dus so ‘n aansoek by die hof indien.

9.3 Hofbevel om met ondernemingreddingsverrigtinge te begin

Afdeling 10.3 van die handboek

Artikels 31(3), 131-132 van die Maatskappywet

Die Maatskappywet sluit die moontlikheid in dat ondernemingreddingsverrigtinge op grond van 'n hofbevel 'n aanvang kan neem. Enige geaffekteerde persoon mag aansoek doen om so 'n bevel, maar die maatskappy of sy direkteure mag nie aansoek doen nie.

Let op die twee alternatiewe gronde waarop 'n applikant kan steun, in plaas daarvan om finansiële nood te bewys (afd 10.3.2). Verder moet u let op die bepalings van artikel 31(3) ingevolge waarvan 'n vakbond toegang tot 'n maatskappy se finansiële state mag eis met die doel om 'n ondernemingreddingsproses te inisieer.

Aktiwiteit 9.1

Delectable (Edms) Bpk is 'n klein, maar suksesvolle spysenieringsmaatskappy, wat vir skadevergoeding gedagvaar word deur 'n kliënt wie se gaste voedselvergiftiging opgedoen het nadat hulle kos van dié maatskappy geëet het. Indien die kliënt suksesvol is, sal Delectable (Edms) Bpk nie al sy skulde kan betaal nie.

Adviseer die direkteure daaroor of die maatskappy se omstandighede sodanig is dat hy vir ondernemingreddingsverrigtinge kwalifiseer en indien wel, hoe dit geïnisieer kan word.

→ Terugvoering

Raadpleeg die vereistes vir 'n direksiebesluit om met ondernemingreddingsverrigtinge te begin (afd 9.2) aangesien direkteure nie by die hof om 'n bevel in hierdie verband mag aansoek doen nie.

9.4 Die regsgevolge van ondernemingreddingsverrigtinge

Afdeling 10.4 van die handboek

Artikels 133-137 en 144-149 van die Maatskappywet

Twee uiters aanvegbare bepalings oor die regsgevolge van ondernemingreddingsverrigtinge word in die Maatskappywet vervat. Artikel 135 bepaal dat enige eise vir vergoeding of ander betalings wat tydens ondernemingreddingsverrigtinge aan werknemers betaalbaar raak, voorkeur sal geniet bo alle ander eise, selfs dié van skuldeisers wat na-aanvangsfinansiering aan die maatskappy verskaf het. Slegs die eise van die ondernemingreddingspraktisyn vir vergoeding en koste, en ander eise vir koste verbonde aan die ondernemingreddingsverrigtinge, geniet voorkeur bo die eise van werknemers (sien afd 10.4.3.) Dit bly 'n ope vraag of 'n maatskappy in hierdie omstandighede enige finansiering tydens ondernemingreddingsverrigtinge sal kan bekom.

Die tweede, selfs meer aanvegbare bepaling (sien afd 10.4.5) is artikel 136(2) wat, letterlik uitgelê, bepaal dat 'n ondernemingreddingspraktisyn enige klousule vervat in 'n kontrak waarby die maatskappy 'n party is, mag kanselleer of opskort, byvoorbeeld deur die klousule te kanselleer ingevolge waarvan die maatskappy by 'n koopkontrak verplig word om te betaal, maar desnieteenstaande lewering van die betrokke goedere mag eis, of die klousule te kanselleer ingevolge waarvan 'n maatskappy by 'n lening sekerheid moet verskaf, maar nogtans daarop aan te dring dat die lening verskaf word. Hopelik is bogenoemde nie die beoogde resultaat van die bepaling nie, maar 'n hof sal eers hieroor moet beslis voordat ons daarvoor seker kan wees.

🌀 **Aktiwiteit 9.2**

Delectable (Edms) Bpk huur baie duur kombuistoerusting by Rento Bpk. Die maatskappy vind egter uit dat dit veel goedkoper by 'n ander maatskappy gehuur kan word.

Sal ondernemingreddingsverrigtinge die maatskappy in staat stel om die kontrak met Rento Bpk te kanselleer en sal die maatskappy dan aanspreeklik wees op grond van kontrakbreuk?

➔ **Terugvoering**

Sien bogenoemde bespreking en die bepalings van artikel 136(2).

9.5 Die ondernemingreddingspraktisyn

Afdeling 10.5 van die handboek

Artikel 138 van die Maatskappywet

Die bepalings oor die aanstelling van 'n toepaslik gekwalifiseerde professionele ondernemingreddingspraktisyn om die maatskappy gedurende ondernemingreddingsverrigtinge te bestuur en daarvoor toesig te hou, is ook 'n groot verbetering op geregtelike bestuur, waar 'n geregtelike bestuurder sonder enige kwalifikasies daarvoor aangestel kon word.

Ongelukkig sal die kwalifikasies wat vir aanstelling as ondernemingreddingspraktisyn vereis word, eers bekend wees wanneer die regulasies ingevolge die Maatskappywet van 2008 gepubliseer word.

🌀 **Aktiwiteit**

Delectable (Edms) Bpk is bekommerd daaroor dat 'n ander persoon die bestuur van hul maatskappy gaan oorneem as hulle ondernemingreddingsverrigtinge inisieer. Hulle wil weet of hulle die maatskappy se ouditeur as ondernemingreddingspraktisyn mag aanstel.

➔ **Terugvoering**

Bestudeer die kwalifikasies gelys in afdeling 10.5.1 van die handboek en adviseer die direkteure.

9.6 Die regte van skuldeisers tydens ondernemingreddingsverrigtinge

Afdeling 10.6 van die handboek

Artikels 145 en 147 van die Maatskappywet

Let daarop dat, anders as in die insolvensiereg, versekerde skuldeisers ook stemdraende belange het vir die versekerde gedeelte van hul eise sowel as vir die onversekerde gedeelte. (afd 10.6.3).

9.7 Die ondernemingreddingsplan

Afdeling 10.7 van die handboek

Artikels 150-153 van die Maatskappywet

Die feit dat geregtelike bestuur nie voorsiening maak vir die opstel en uitvoering van 'n reddingsplan nie, is ook genoem as een van die redes waarom dit nie 'n doeltreffende reddingsprosedure was nie. Die nuwe Maatskappywet bevat nou breedvoerige vereistes vir 'n ondernemingreddingsplan en goedkeuring deur (hoofsaaklik) die skuldeisers.

9.8 Beëindiging van reddingsverrigtinge

Afdeling 10.8 van die handboek

Artikel 132 van die Maatskappywet

Let daarop dat die praktisyn nie verplig word om aansoek te doen vir uitstel indien die reddingsverrigtinge nie binne drie maande afgehandel is nie. Indien die praktisyn dit nie doen nie, moet hy of sy 'n skriftelike verslag oor die vordering van die ondernemingreddingsplan opstel en maandeliks by die hof of Kommissie indien. Is 'n tydperk van drie maande lank genoeg om die hele proses af te handel?

Studie-eenheid 10

Skikkings

☺ **Bestudeer afdelings 10.9-10.13.5 van u voorgeskrewe handboek!**

☺ **Bestudeer artikel 155 van die Maatskappywet!**

10.1 Inleiding

Afdeling 10.9 van die handboek

Die skikkingsprosedure ingevolge artikel 311 van die Maatskappywet, 1973 is al dikwels gebruik om die redding van 'n maatskappy of besigheid teweeg te bring. Dié prosedure behels 'n aansoek by die hof deur die maatskappy, 'n skuldeiser, lid, die voorlopige of finale likwidadeur as die maatskappy gelikwedeer word, of deur die voorlopige of finale likwidadeur as die maatskappy onder geregtelike bestuur is, om 'n bevel ingevolge waarvan 'n vergadering van die skuldeisers (of klas van skuldeisers) van die maatskappy gereël word om 'n voorgestelde skikking te oorweeg (a 311(1)). Die kennisgewing waarin die vergadering bekend gemaak word, moet vergesel word van 'n verklaring waarin die uitwerking van so 'n skikking uiteengesit word (a 312). Indien die voorgeskrewe meerderheid tot die skikking instem, moet die applikant weer die hof nader om die skikking goed te keur. Daarna bind die skikking alle skuldeisers of die betrokke klas van skuldeisers, asook die maatskappy (en die likwidadeur of geregtelike bestuurder) (a 311(2)).

Die hof beskik oor die diskresie om die skikking goed of af te keur, al het die vereiste meerderheid ten gunste daarvan gestem. By die uitoefening van hierdie diskresie, moet die hof die aantal teenwoordige skuldeisers in ag neem wat ten gunste van die voorstelle gestem het (a 311(5)).

'n Artikel 311-skema word dikwels gebruik om die beheer van 'n insolvente maatskappy oor te dra aan 'n buitestaander aan wie die skuldeisers se eise geag word oorgedra te wees in ruil vir hul betaling van 'n gedeelte van hul eise teen die maatskappy

Hoofstuk 6 van die Maatskappywet van 2008 bevat die nuwe ondernemingreddingsverrigtinge, asook 'n nuwe prosedure vir 'n skikking tussen 'n maatskappy en sy skuldeisers (a 155). Laasgenoemde prosedure word vervolgens in besonderhede bespreek.

U sal weet dat u hierdie studie-eenheid verstaan as u die volgende sleutelvrae kan beantwoord:

- Wie mag 'n skikking voorstel?
- Wat is die struktuur van 'n voorstel met betrekking tot 'n skikking?
- Watter inligting moet in 'n skikkingvoorstel vervat word?
- Wat is die vereistes vir die aanvaarding en goedkeuring van 'n skikking?
- Wat is die gevolge van 'n goedgekeurde skikking?

10.2 Skikking tussen 'n maatskappy en sy skuldeisers

Afdelings 10.10-10.11 van die handboek

Artikel 155 van die Maatskappywet van 2008 maak voorsiening vir 'n nuwe prosedure om skikkings teweeg te bring. Ingevolge hiervan mag 'n maatskappy 'n skikking met sy skuldeisers reël, ongeag of hy in finansiële nood verkeer (soos omskryf in a 128(1)(f)), behalwe as die maatskappy betrokke is by ander ondernemingreddingsverrigtinge ingevolge Hoofstuk 6.

Ingevolge artikel 155(2) kan die direksie van 'n maatskappy of sy likwidateur (indien die maatskappy gelikwideer word) 'n reëling of 'n skikking van sy finansiële verpligtinge aan al sy skuldeisers, of aan al die lede van enige klas van sy skuldeisers voorstel. Let daarop dat, anders as by 'n skikking ingevolge artikel 311 van die Maatskappywet van 1973, hierdie skikkingsprosedure tot skuldeisers beperk word, en nie voorsiening maak vir 'n skikking met aandeelhouers nie (sien studie-eenheid 8 vir die bepalings van 'n reëling tussen die maatskappy en sy aandeelhouers, wat een van die fundamentele transaksies is).

'n Voorstel vir 'n skikking moet plaasvind deurdat 'n kopie van die voorstel en kennis van 'n vergadering vir die oorweging daarvan, aan die Kommissie en aan elke skuldeiser van die maatskappy, of elke lid van die tersaaklike klas van skuldeisers wie se naam en adres bekend is aan of redelikerwys verkry kan word deur die maatskappy (a 155(2)).

10.3 Voorgeskrewe inhoud van 'n voorstel

Afdeling 10.12-10.13.2 van die handboek

Let op die ooreenkomste tussen die voorgeskrewe inhoud van 'n skikkingsvoorstel en dié van 'n ondernemingsreddingsplan.

10.4 Aanvaarding en goedkeuring van die voorstel

Afdelings 10.13.3-10.13.4

Let daarop dat die voorstel eerstens deur die vereiste meerderheid van skuldeisers aanvaar moet word en dat daarna by die hof aansoek gedoen moet word om 'n bevel wat die skikking goedkeur.

Anders as in die geval van die artikel 311-skikking, vereis die nuwe skikkingsprosedure net een aansoek by die hof, naamlik om die skikking goed te keur nadat die voorstel in verband daarmee deur die vereiste meerderheid van skuldeisers aanvaar is. Ingevolge die nuwe Wet is dit nie meer nodig om by die hof aansoek te doen om toestemming om die vergadering te reël nie, waar die voorgestelde skikking bespreek en daaroor gestem gaan word.

10.5 Gevolge van goedkeuring

Afdeling 10.13.5 van die handboek

Indien die skikking deur die hof goedgekeur word, moet 'n kopie van die hofbevel binne vyf sakedae deur die maatskappy by die Kommissie ingedien word (a 155(8)(a)). 'n Kopie van die hofbevel moet aangeheg word aan elke kopie van die maatskappy se Akte van Inkorporasie wat by die maatskappy se geregistreerde kantoor of elders bewaar word, ingevolge artikel 25 (a 155(8)(b)). Van uiterste belang is dat 'n hofbevel wat 'n skikking goedkeur, finaal en bindend is vir al die maatskappy se skuldeisers of alle lede van die tersaaklike klas krediteure, na gelang van die geval, vanaf die datum waarop dit ingedien word (a 155(8)(c)). 'n Skikking goedgekeur ingevolge artikel 155 raak egter nie die aanspreeklikheid van enige persoon wat 'n borg van die maatskappy is nie (a 155(9)).

'n Likwidateur kan ook ingevolge die nuwe artikel 155 'n skikking met skuldeisers aangaan. Artikel 311, wat tans 'n skikking tussen 'n maatskappy en sy skuldeisers reël, verwys in die besonder na die moontlikheid dat 'n skikking tot die opheffing van die likwidatiebevel aanleiding kan gee (a 311(4)). Artikel 155 bevat nie 'n soortgelyke bepaling nie, maar uit ander bepalings blyk duidelik dat dit beoog word, veral omdat daar geen ander rede sou wees waarom 'n maatskappy wat gelikwideer word, 'n skikking met skuldeisers sou aangaan nie.

🌀 **Aktiwiteit 10.1**

Oorweeg die verskille in die prosedures voorgestel in die gemenerereg, a 311 van die Maatskappywet en a 155 van die Maatskappywet van 2008 met betrekking tot skikkings tussen 'n maatskappy en sy skuldeisers. Oorweeg krities of die verskillende artikels voldoende beskerming bied aan maatskappyskuldeisers.

➔ **Terugvoer**

In die gemenerereg kon 'n skikking slegs met die skuldeisers bereik word wat ingestem het om gebonde te wees aan die skikking. Selfs al het die meerderheid van skuldeisers tot die skikking ingestem, kon skuldeisers wat teen die skikking gekant was verrigtinge teen die maatskappy instel.

Artikel 311 en 312 van die Maatskappywet 1973:

Ingevolge die Maatskappywet 61 van 1973 word skikkings met skuldeisers gereël deur artikels 311 en 312. Artikels 311 en 312 van die Maatskappywet reguleer beide reëlinskemas tussen die maatskappy en sy lede en tussen die maatskappy en sy skuldeisers. Skikkingskemas kan verskeie vorms inneem. Skuldeisers mag gevra word om 'n deel van hul eise af te skryf. Hulle mag ook gevra word om 'n deel van hul belange te abandoneer. Skuldeisers kan ook gevra word om eenvoudig die datum waarop die skulde betaalbaar raak, aan te skuif. Skikkingskemas kan met betrekking tot al drie klasse van skuldeisers geskied (voorkeur, versekerd en konkurrent) of slegs met betrekking tot een klas, sodat die ander klasse nie daardeur geraak word nie. 'n Vergelyking word gewoonlik getref tussen die bedrag wat die klas skuldeiser sou ontvang ingevolge die skikkingskema en die bedrag wat hulle sou ontvang indien die maatskappy gelikwedeer word.

'n Skikking kan afdwing word op skuldeisers wat teen die skikking gekant is deur middel van 'n skikkingskema ingevolge artikel 311 van die Maatskappywet 61 van 1973. 'n Maatskappy mag ingevolge sodanige skema skuldeisers versoek om 'n skikking van hul eise teen die maatskappy te aanvaar. Dit word gedoen gegrond op die feit dat die bedrag wat hulle sou ontvang ingevolge die skema meer sal wees as die bedrag wat die skuldeisers sou ontvang sou die maatskappy gelikwedeer word. Dikwels behels hierdie skemas 'n derde party, die voorsteller, wat die eise onderhorig aan die skikking van die skuldeisers bekom, sowel as die aandele in die maatskappy. Met betrekking tot die inhoud van die voorstel verwys artikel 312(1)(a) in die algemeen na die verklaring, maar die opsteller van die skikkingskema moet bepaal wat vereis word ingevolge ons regspraak oor wat uiteengesit moet word in die skikkingskema. Ingevolge die gemenerereg vereis 'n artikel 312(1)(a)(i) verklaring dat die skikkingskema die fooie van die likwidateur indien die skema afgekeur word en die likwidasie voortgaan, vergelyk moet word met die fooie van die receiver wat aangestel is om die skema te administreer.

'n Skikkingskema ingevolge artikel 311 word ingestel deur 'n maatskappy (of 'n likwidateur van die maatskappy) deur aansoek te doen by die Hoë Hof vir goedkeuring om 'n vergadering van skuldeisers byeen te roep met die doel om die skema aan skuldeisers te verduidelik en om oor die skikking te stem. Die Hof kan op hierdie stadium die terme van die voorgestelde skikkingskema oorweeg. Die Hof kan weier om die vergadering van skuldeisers byeen te roep indien daar kommer is dat die terme van die skema beswarend of teen openbare beleid is. Skikkingskemas kan ook geopper word al is die maatskappy reeds onder likwidasie.

Sodanige skikkingskemas bepaal gewoonlik dat die derde party al die aandele in die maatskappy sal bekom nadat al die skuldeisers aan die skikkingskema gebonde is. Die Hof kan dan, as deel van die goedkeuring van die skikkingskema, die likwidasie van die maatskappy ophef.

Vergaderings van die skuldeisers in elke geaffekteerde klas word voorgesit deur 'n onafhanklike voorsitter. Die skuldeisers moet vir of teen die skema stem. Artikel 311(2)(a) van die Maatskappywet 1973 vereis dat 75% in waarde van die skuldeisers ten gunste van die voorstel moet stem voordat dit aanvaar sal word as aanvaarding deur die skuldeisers.

Dit sou egter baie negatief wees, want dit sou beteken dat 'n paar skuldeisers met hoër eiswaardes kleiner skuldeisers met laer eiswaardes tot hul nadeel kon bind. Ons regspraak handhaaf egter 'n interpretasie wat so 'n interpretasie aan bande lê. Ons regspraak vereis dat 75% van skuldeisers in waarde **en in getal** ten gunste van die skema moet stem om dit goed te keur.

Nadat die 75% goedkeuring ontvang is van die geaffekteerde klas van skuldeisers moet die Hoë Hof die skikkingskema weer eens goedkeur deur middel van 'n hofbevel. Dit is moontlik dat selfs al het 75% van die skuldeisers in waarde en in getal tot die skikkingskema toegestem, die Hoë Hof kan weier om die skikkingskema goed te keur op die basis dat dit onbillik of benadelend tot die skuldeisers se regte is.

Om op te som: alhoewel 'n artikel 311 skikkingskema ingevolge die Maatskappywet 61 van 1973 afkeurende skuldeisers kan dwing om aan 'n skikkingskema gebonde te wees wat moontlik hul eise mag verminder, is daar oorgenoeg beskerming. Die hof mag by die aanvang van die prosedure ingryp deur nie goedkeuring te verleen vir die voorgestelde skema nie of weer wanneer die skema finaal goedgekeur moet, indien dit onbillik benadelend vir sommige of al die skuldeisers sal wees.

Artikel 155 van die Maatskappywet 71 van 2008:

Deel E van hoofstuk 6 van die Maatskappywet 71 van 2008 wat in werking sal tree in middel of laat 2010, reguleer skikkinge tussen 'n maatskappy en sy skuldeisers. Die Maatskappywet 2008 skei reëlinskemas tussen die maatskappy en sy skuldeisers en skikkinge met skuldeisers. Reëlinskemas met betrekking tot 'n maatskappy en sy lede word geregleer in artikel 114 en skikkinge in artikel 155. Die skikkingshoofstuk in die Maatskappywet van 2008 is soortgelyk aan artikels 311 en 312 van die Maatskappywet 1973 deurdat dit 'n maatskappy toelaat (of die likwidateur van die maatskappy) om 'n skikking van die finansiële verpligtinge van die maatskappy voor te stel aan die al die skuldeisers of aan enige klas skuldeisers.

Dit word egter nie vereis dat 'n aansoek tot die Hoë Hof gerig word voordat die skikking aan die skuldeisers voorgelê word nie. Artikel 155(2) van die Maatskappywet 2008 vereis eenvoudig dat die direksie of die likwidateur van die maatskappy die skikking voorstel. Dit word gedoen deur 'n kopie van die voorstel, saam met die kennisgewing van die vergadering waar die voorstel oorweeg sal word, aan die maatskappy en aan al die skuldeisers (of elke skuldeiser van die geaffekteerde klas van skuldesiers) wie se name of adresse bekend is of maklik bekombaar is deur die maatskappy, te stuur.

In teenstelling met die Maatskappywet 1973, kodifiseer artikel 155(3) die detail wat die voorstel moet bevat en sit dit duidelik uiteen. Dit bevat 'n geïtemiseerde lys van die inligting wat in die voorstel vervat moet word. Een van hierdie items is 'n verklaring of die voorstel of die skikking voorstelle insluit wat 'informeel' deur 'n maatskappyskuldeiser gemaak is. Wat die woord 'informeel' beteken is onduidelik. Dit kan beteken dat die opsteller van die voorstel elke enkele skikking van 'n eis deur 'n enkele skuld ten opsigte van sy skuld, ongeag hoe gering of irrelevant ten opsigte van al die ander skuldeisers, moet insluit.

Die lys van inligting wat die voorstel moet bevat sluit verder in besonderhede van al die bates en skuldeisers van die maatskappy, die aard en omvang van die voorgestelde moratorium op eise, die behandeling van voortgesette kontrakte met die maatskappy, die orde van voorgang waarin die opbrengs van die bates van die maatskappy aangewend sal word in die betaling van skuldeisers, enige voorwaardes waaraan voldoen moet word voordat die voorstel in werking tree en geïmplementeer sal word, die aantal werknemers van die maatskappy en die terme en voorwaardes van hul indiensneming, en 'n beraamde balansstaat en inkomste- en uitgawestaat vir die volgende drie jaar.

'n Voorstel moet afgesluit word met 'n sertifikaat deur 'n gemagtigde direkteur of beampte van die maatskappy wat verklaar dat die feitelike inligting wat in die voorstel verskyn akkuraat, volledig en op datum is en dat die beramings verskaf in goeie trou gemaak is.

Artikel 155(6) bepaal dat:

“'n Voorstel ... sal aanvaar wees deur die maatskappy se krediteure ... indien dit gesteun word deur 'n meerderheid in getalle wat minstens 75% in waarde van die krediteure of klas verteenwoordig, na gelang van die geval, wat teenwoordig is en persoonlik of by volmag stem, op 'n vergadering wat vir daardie doel belê is.”

Artikel 155(6) kodifiseer dus die gemenerereg vereiste dat 'n skikkingskema goedgekeur moet word deur 75% van die skuldeisers in waarde en getal in elke geaffekteerde klas. Die bewoording “'n voorstel ... sal aanvaar wees deur die maatskappy se krediteure” is egter dubbelsinning. Dit kan geïnterpreteer word om te beteken dat sodra die vereiste persentasie van die skuldeisers se goedkeuring verkry word, die besluit bindend is op die teenstemmende skuldeisers. Artikel 155(7)(a) bepaal dat 'n maatskappy “mag” aansoek doen vir goedkeuring van die voorstel deur die hof. Dit impliseer dat dit nie 'n vereiste is om goedkeuring by die Hoë Hof te verkry voordat die voorstel bindend is op die teenstemmende skuldeisers nie.

Om op te som: Wanneer die Maatskappywet 2008 in werking tree sal dit nie meer nodig wees om goedkeuring by die Hoë Hof te kry voordat die voorstel vir skikking aan skuldeisers voorgelê word nie. Solank die meerderheid in getal van skuldeisers, wat 75% in waarde van eise en getal van die skuldeisers uitmaak, die voorgestelde skikking goedkeur, word die skikking bindend op die teenstemmende minderheidskuldeisers. Die Hoë Hof sal daarom geen diskresie hê om die billikheid van die voorstel te oorweeg nie.

Studie-eenheid 11

Binnekennistransaksies

☺ **Lees paragraaf 15.5 in Hoofstuk 15 van u voorgeskrewe handboek!**

☺ **Neem kennis dat die voorgeskrewe inligting wat u moet bestudeer vir die eksamen in hierdie deel van die studiegidsbespreek word!**

11.1 Inleiding

Met die invoering van artikel 233 van die Maatskappywet van 1973 het binnekennistransaksies 'n statutêre misdryf geword. As gevolg van 'n sonderlinge gebrek aan sukses in die vervolging van oortreders het die wetgewing in 1989 'n wesentliche transformasie ondergaan. Artikel 440F sou die nuwe verbod op binnekennistransaksies wees. Nog voor hierdie bepaling egter in werking getree het, is dit in 1990 deur 'n ander bepaling vervang. Die Paneel oor Sekuriteiteregulering wat omtrent terselfdertyd opgerig is, is toe getaak met die toesig oor die handel in sekuriteite, insluitend toesig oor die binnekennisbepalings.

Ten spyte daarvan dat die bepalings potensieël 'n wye toepassing gehad het, het geen suksesvolle vervolgings plaasgevind nie. In Januarie 1999 is artikel 440F van die Maatskappywet herroep en het die nuwe bepalings van die Wet op Binnekennistransaksies 135 van 1998 in werking getree om binnekennistransaksies te reguleer. Op 1 Februarie 2005 het die "Securities Services Act" 36 van 2004 (wat slegs in Engels gepubliseer is) in werking getree. Dit vervang die Wet op Beheer van Aandelebeurse 1 van 1985, die Wet op Beheer van Finansiële Markte 55 van 1989, die Wet op die Bewaring en Administrasie van Effekte 85 van 1992, asook die Wet op Binnekennistransaksies.

Die "Securities Services Act" begin met 'n uiteensetting van doelwitte, insluitend die bevordering van vertroue in die Suid-Afrikaanse finansiële markte, die beskerming van gereguleerde persone en kliënte, die verlaging van sistemiese risiko en die bevordering van die internasionale kompetendheid van sekuriteitedienste in die Republiek (a 2). Sistemiese risiko is die gevaar van feiling of ontwrigting van die land se finansiële stelsel as geheel (a 1).

'n Gereguleerde persoon word omskryf as 'n selfregulerende organisasie (maw 'n beurs of sentrale effektebewaarnemer) of enige ander persoon wat sekuriteitedienste verskaf of voorheen verskaf het (a 1). Sekuriteitedienste sluit in die koop en verkoop van sekuriteite, die bewaring en administrasie van sekuriteite en die klaring van transaksies in genoteerde sekuriteite (a 1).

Hoewel die Wet baie wyer strek, word van u slegs verwag om die bepalings oor binnekennistransaksies te bestudeer. Hoofstuk VIII van die "Securities Services Act" het die opskrif "Market Abuse" en reguleer nou binnekennistransaksies en verbied sekere manipulerende praktyke - die twee vernaamste soorte markmisbruik.

Die hoofstuk begin met definisies wat spesifiek relevant is (a 72) en definieer dan die misdaad van binnekennistransaksies (aa 73-74). Artikel 75 bevat 'n algehele verbod op transaksies wat manipulerend, onbehoorlik ("improper"), vals of misleidend is en wat 'n valse of misleidende indruk van die handelsaktiwiteit, of 'n kunsmatige prys, vir die genoteerde effekte op 'n gereguleerde mark mag skep. Sekere gebruike word geag as verbode handelspraktyke ("prohibited trading practices") en die publikasie van valse, misleidende of bedrieglike verklarings, beloftes of voorspellings ten opsigte van genoteerde effekte of ten opsigte van die historiese of toekomstige prestasie van 'n publieke maatskappy word verbied (aa 75- 76). Maatreëls wat siviele aanspreeklikheid vir binnekennistransaksies skep, is ingesluit (a 77).

Die bepalings wat binnekennistransaksies reguleer word hieronder in meer besonderhede oorweeg. (Daar word nie uitgebrei op die bepalings oor verbode handelspraktyke nie.)

11.2 Relevante definisies

“Securities Services Act” aa 72; 74

Kennis van die omskrywings van sekere woorde is noodsaaklik vir ‘n begrip van die bepalings oor binnekennistransaksies.

‘n Kernelement van al die binnekennis-oortredings is dat die persoon moet weet dat hy/sy oor **“binnekennis”** beskik (a 72). Alvorens inligting as binnekennis sal kwalifiseer, moet dit ‘n aantal kriteria bevredig. Die eerste is dat die inligting spesifiek of bepaald moet wees. Spekulasie en gerugte word dus uitgesluit. Tweedens moes die inligting nie openbaar gemaak wees nie. In ‘n poging om duidelik te maak wanneer inligting openbaar gemaak is, het die wetgewer artikel 74 ingesluit wat ‘n nie-omvattende lys bevat van omstandighede waarbinne inligting **geag word** openbaar gemaak te wees (a 74(1)) en ‘n tweede lys van omstandighede waarbinne inligting wat gewoonlik beskou sou wees as openbaar gemaak, **steeds so beskou moet word** ten spyte van die bestaan van hierdie omstandighede (a 74(2)).

Die derde kriterium is dat die inligting van so ‘n aard moet wees dat indien dit openbaargemaak sou word, dit waarskynlik ‘n wesentlike effek op die prys of waarde van enige sekuriteit wat op ‘n geregleerde mark genoteer is, sou hê. Die howe sal moet besluit of inligting prys- of waardesensitief was.

Die vierde kriterium wat nagekom moet word is dat die inligting verkry of te wete gekom moet word deur ‘n binnekenner. ‘n Primêre binnekenner sluit iemand in wat binnekennis besit deurdat hy/sy ‘n direkteur, werknemer of aandeelhouer is (ongegag grootte) van ‘n uitreiker van sekuriteite wat op ‘n geregleerde mark genoteer is en waarop die binnekennis betrekking het. Iemand wat oor binnekennis beskik uit hoofde van haar diens, amp of professie, word ook as ‘n binnekenner geklassifiseer. In hierdie geval hoef daar geen direkte verband tussen die persoon se diens, amp of professie en die uitreiker van die sekuriteite waarop die binnekennis betrekking het, te wees nie. Hierdie kategorie dek ‘n groot aantal persone, byvoorbeeld regsadviseurs, rekenmeesters, bankiers en andere. Verder sal ‘n persoon wat weet dat die regstreekse of onregstreekse bron van die inligting waaroor hy beskik een van die persone hierbo genoem is, ook ‘n binnekenner wees. Hierdie persone word soms “tippees” of sekondêre binnekenners genoem.

Die definisie van “binnekenner” het voorheen verwys na ‘n “individu”. Nou verwys die definisie na ‘n “persoon”. Dit sluit duidelik natuurlike asook regspersone in wat nie die geval was onder die Wet op Binnekennistransaksies nie. Neem ook kennis dat die Wet die woord “persoon” definieer om vennootskappe en enige trust in te sluit (a 72).

Hoewel die begrip **“sake doen”** steeds nie spesifiek omskryf word nie, bepaal die Wet dat dit die gee of oordra van ‘n opdrag om sake te doen insluit (a 72). Daar kan aanvaar word dat dit ook koop en verkoop insluit.

Die verbod op binnekennistransaksies geld ten opsigte van sekuriteite wat op ‘n geregleerde mark genoteer is. Die begrip **“sekuriteite”** word wyd omskryf in artikel 1 van die Wet. Dit sluit aandele, effekte en bewaarnemerskwitansies in publieke maatskappye en ander soortgelyke entiteite, (maar nie aandele in ‘n aandeelblokkemaatskappy nie), note, verbande, skuldbriewe en verskeie ander finansiële instrumente in.

Let egter daarop dat behalwe vir doeleindes van Hoofstuk IV van die Wet (wat oor die bewaarneming en administrasie van sekuriteite handel) die definisie van sekuriteite geldmarkinstrumente uitsluit en dat die definisie ook enige sekuriteit uitsluit wat genoem word in die lys wat die registrateur by kennisgewing in die *Staatskoerant* as uitgesluit spesifiseer.

Die verbod op binnekennistransaksies het betrekking op sekuriteite wat op 'n geregleerde mark genoteer is. Die begrip "**regulated market**" is 'n mark (plaaslik of buitelandse) wat geregleer word ingevolge die wette van die land waarin dit besigheid doen as 'n mark vir die doen van sake in sekuriteite wat daarop genoteer is (a 72). Ongenoteerde sekuriteite word dus nie deur die binnekennisbepalings gedek nie, maar binnekennistransaksies ten opsigte van sekuriteite wat op sowel plaaslike as buitelandse markte genoteer is, word omvat.

11.3 Misdrywe en verwerre

"Securities Services Act" aa 72-73

Die "Securities Services Act" verbied dieselfde drie tipes optrede wat deur die Wet op Binnekennistransaksies verbied is. Die eerste verbod het betrekking op sake doen ("dealing"), die tweede verbod op die onbehoorlike bekendmaking van binnekennis, en die derde op die aanmoediging of ontmoediging om sake te doen.

Die Wet het twee bepalings met betrekking tot **sake doen**. Die eerste is artikel 73(1)(a) wat 'n verbod plaas op sake doen vir eie rekening en die tweede is artikel 73(2)(a) wat die doen van sake vir enige ander persoon verbied.

Dit is 'n misdryf vir 'n binnekenner wat weet dat hy of sy oor binnekennis beskik om regstreeks of onregstreeks, of deur 'n agent, **sake te doen** vir sy of haar **eie rekening** in sekuriteite wat op 'n geregleerde mark genoteer is en waarop sodanige inligting betrekking het of wat waarskynlik deur sodanige inligting geraak sal word (a 73(1)(a)). Die binnekenner kan aanspreeklikheid vryspring deur op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys (sien s 73(1)(b)) dat hy/sy opgetree het in die volvoering van 'n geaffekteerde transaksie (sien a 440A van die Maatskappywet vir die omskrywing van 'n "geaffekteerde transaksie") of dat hy/sy eers 'n binnekenner geword het nadat die instruksie om sake te doen aan 'n gemagtigde gebruiker ("authorised user") gegee is en dat die instruksie in geen opsig gewysig is nadat hy/sy 'n binnekenner geword het nie. It is ook 'n misdryf vir 'n binnekenner wat weet dat hy of sy oor binnekennis beskik om regstreeks of onregstreeks **sake te doen** vir **enige ander persoon** in sekuriteite wat op 'n geregleerde mark genoteer is en waarop sodanige inligting betrekking het of wat waarskynlik deur sodanige inligting geraak sal word (a 73(2)(a)). Die binnekenner kan aanspreeklikheid vryspring deur op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys (sien s 73(2)(b)) dat hy/sy 'n gemagtigde gebruiker is en opgetree het volgens spesifieke opdragte van 'n kliënt, tensy die binnekennis deur daardie kliënt aan hom/haar bekendgemaak is, of dat hy/sy namens 'n openbare sektorliggaam opgetree het ter bereiking van monetêre beleid, wisselkoersbeleid, die bestuur van openbare skuld of buitelandse wisselkoersreserwes, of dat hy/sy opgetree het ter bereiking van die voltooiing of implementering van 'n geaffekteerde transaksie of dat hy/sy eers 'n binnekenner geword het nadat die instruksie om sake te doen aan 'n gemagtigde gebruiker gegee is en dat die instruksie in geen opsig gewysig is nadat hy/sy 'n binnekenner geword het nie. (Sien a 72 onder "public sector body" vir die omskrywing van 'n openbare sektorliggaam en let daarop dat die "Public Investment Commissioners" uitgesluit word.)

Die Wet maak dit 'n misdryf vir 'n binnekenner wat weet dat hy of sy oor binnekennis beskik om daardie inligting aan 'n ander persoon **bekend te maak** (a 73(3)(a)). Dit is 'n verweer as die beskuldigde op 'n oorwig van waarskynlikhede kan bewys dat die inligting by die behoorlike uitoefening van die werksaamhede van sy/haar diens, amp of professie bekendgemaak is in omstandighede wat onverwant is aan die doen van enige sake in enige sekuriteit wat op 'n geregleerde mark genoteer is en dat ook terselfdertyd geopenbaar is dat die inligting binnekennis was (a 73(3)(b)).

Dit is ook 'n misdryf vir 'n binnekenner wat weet dat hy of sy binnekennis het om 'n ander persoon **aan te moedig** om sake te doen, te laat sake doen, te **ontmoedig** of te verhinder om sake te doen in sekuriteite wat op 'n gereguleerde mark genoteer is en waarop die binnekennis betrekking het of wat waarskynlik daardeur geraak sal word (a 73(4)). Die vraag of spesifieke optrede op aanmoediging of ontmoediging neerkom sal deur die howe beslis moet word. Vir die pleeg van die misdryf is dit waarskynlik nie nodig dat die binnekennis as sodanig bekendgemaak hoef te word of dat die persoon sake hoef te doen of versuim om sake te doen nie.

11.4 Beskikbare sanksies

“Securities Services Act” aa 77; 80; 82; 105

Enige persoon wat die binnekennisbepalings wat in artikel 73 vervat is oortree, pleeg 'n **misdryf**. Strawwe wat opgelê kan word is 'n boete van hoogstens R50 miljoen of tot 10 jaar tronkstraf or albei (a 115). Wanneer dit op 'n straf besluit moet die hof enige siviele toekenning wat reeds ingevolge artikel 77 gemaak is en uit dieselfde oorsaak spruit in ag neem (a 80(1)). Let ook daarop dat indien die Direkteur van Openbare Vervolgings weier om ten opsigte van 'n beweerde misdryf te vervolg, die RFD 'n vervolging ten opsigte daarvan kan instel in 'n bevoegde hof (a 82(9)).

Artikel 77 van die Wet handel oor die kwessie van **siviele aanspreeklikheid** wat uit binnekennistransaksies voortspruit.

Die Wet behou die sogenaamde afgeleide **siviele aksie**. Hierdie aksie kan deur die RFD ingestel word teen binnekenner betrokke by 'n oortreding van die binnekennisbepalings (a 77). Dit beteken dat 'n persoon wat skade gely het as gevolg van 'n binnekennistransaksie nie boonop nog sy eie geld op die spel hoef te plaas om die oortreder te probeer vastrek nie. Die RFD is daarvoor verantwoordelik om aangeleenthede wat met binnekennistransaksies verband hou te ondersoek, siviele aksies in te stel en die toekennings onder eisers te verdeel.

Afsonderlike subartikels lê siviele aanspreeklikheid op op 'n binnekenner, wat weet dat sy oor binnekennis beskik, vir die doen van sake vir haar eie rekening (a 77(1)), die doen van sake vir 'n ander persoon (a 77(2)), onbehoorlike bekendmaking van binnekennis (a 77(3)) en die aanmoediging van 'n ander persoon (a 77(4)).

Kragtens artikel 77(1) kan die RFD siviele verrigtinge instel teen 'n binnekenner wat weet dat hy/sy binnekennis het en wat regstreeks of onregstreeks of deur 'n agent vir sy **eie rekening sake doen** in die sekuriteite wat op 'n gereguleerde mark genoteer is en waarop die inligting betrekking het of wat waarskynlik daardeur geraak sal word, en wat 'n wins maak “of sou gemaak het indien hy of sy die sekuriteite op enige tydstip verkoop het” of wat 'n verlies vermy deur die doen van sake. Die frase “of sou gemaak het indien hy of sy die sekuriteite op enige tydstip verkoop het” is ingesluit om die situasie aan te spreek waar die binnekenner sekuriteite koop terwyl hy binnekennis het en dan die sekuriteite behou en nie die wins realiseer nie. Uiteraard sal die RFD nie suksesvol wees indien die betrokke persoon een van die spesifieke verwerpe opper wat op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys word nie.

Die RFD kan hierdie **binnekenner wat vir sy eie rekening sake doen** dagvaar vir betaling van die ekwivalent van die wins of verlies waarna verwys is, 'n boete (vir vergoedende of strafdoeleindes), rente en koste. Die hof het 'n diskresie by die vasstelling van die boete, maar dit mag nie drie maal die wins of verlies hierbo genoem te bowe gaan nie. By die beoordeling van die bedrag wat toegeken moet word moet die hof enige strafregtelike boete wat voorheen opgelê is en wat uit dieselfde oorsaak spruit, in ag neem (a 80(2)).

Kragtens artikel 77(2) kan die RFD siviele verrigtinge instel teen 'n binnekenner wat weet dat hy of sy oor binnekennis beskik en wat regstreeks of onregstreeks **sake doen vir enige ander persoon** in sekuriteite wat op 'n gereguleerde mark genoteer is en waarop sodanige inligting betrekking het of wat waarskynlik deur sodanige inligting geraak sal word, en wat 'n wins vir daardie ander persoon maak of sou gemaak het indien die sekuriteite op enige tydstip verkoop is, of wat deur die doen van sake 'n verlies vermy. Uiteraard sal die RFD nie suksesvol wees indien die betrokke persoon een van die spesifieke verwerre opper en op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys nie.

Die RFD kan hierdie **binnekenner** (kom ons noem haar Babs) **wat vir 'n ander persoon** (kom ons noem hom Zack) **sake doen** dagvaar vir betaling van die ekwivalent van die wins of verlies waarna verwys is, 'n boete (vir vergoedende of strafdoeleindes), van hoogstens drie maal die wins of verlies waarna verwys is, die kommissie of vergoeding wat vir sodanige sake doen ontvang is, rente en koste. Die bedrag van die wins of die wins wat gemaak sou kon word, of die verlies vermy, word in die diskresie van die hof vasgestel. Die hof moet die vergoeding ontvang vir die doen van sake, die tydsverloop tussen die doen van sake en die bekendmaking van die binnekennis en enige ander relevante faktore in ag neem (a 77(6)).

Indien die ander persoon namens wie sake gedoen is (Zack) self ook as binnekenner ingevolge artikel 77(1) aanspreeklik is, is die eerste binnekenner (Babs) gesamentlik en afsonderlik saam met Zack aanspreeklik om die bedrag gelyk aan die wins of verlies, rente en koste van die geding te betaal (a 77(5)). Elke party sal individueel aanspreeklik wees vir die boete wat die hof kan oplê. Voor Zack as binnekenner ingevolge subartikel (1) aanspreeklik kan wees, moes hy geweet het dat hy binnekennis het, hy moes regstreeks of onregstreeks of deur 'n agent vir sy eie rekening sake gedoen het en 'n wins gemaak het of sou kon maak indien hy die sekuriteite op enige stadium verkoop het, of 'n verlies vermy het. (Sien a 77(1) wat hierbo bespreek is.)

Ingevolge artikel 77(3) kan die RFD siviele verrigtinge instel teen 'n binnekenner wat weet dat hy of sy oor binnekennis beskik en wat daardie inligting aan 'n ander persoon **bekendmaak**. Die RFD sal nie slaag indien die binnekenner een van die spesifieke verwerre op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys nie. (a 73(3)(a)).

'n **Binnekenner wat binnekennis bekendmaak** (kom ons noem haar Carly) sal, indien die persoon aan wie die inligting bekendgemaak is (kom ons noem haar Trix) sake gedoen het in die sekuriteite wat op 'n gereguleerde mark genoteer is en waarop die inligting betrekking het of wat waarskynlik daardeur geraak sal word, aanspreeklik wees om aan die RFD die ekwivalent van die wins wat gemaak is of sou kon word indien die sekuriteite op enige tydstip verkoop is, of van die verlies vermy as gevolg van die doen van sake, te betaal, asook 'n boete (vir vergoedende of strafdoeleindes), rente, koste en die kommissie of vergoeding wat ten opsigte van die bekendmaking verdien is.

Hoewel dit reeds 'n strafregtelike oortreding sou wees indien Carly wat weet dat sy binnekennis het dit bloot aan 'n ander bekendmaak (sonder 'n verweer), sou dit nog nie voldoende wees om siviele aanspreeklikheid op te lê nie. Trix moes sake gedoen het in die betrokke sekuriteite en (as gevolg van sodanige doen van sake) 'n wins behaal het of sou kon behaal het indien sy dit op enige tydstip sou verkoop het, of sy moes 'n verlies vermy het, byvoorbeeld deur sekuriteite wat sy reeds besit het te verkoop voor die binnekennis openbaar gemaak is. Aangesien die boete nie meer as drie maal die wins of verlies hierbo genoem mag oorskry nie, blyk dit dat indien Trix nie sake gedoen het nie en nie 'n wins gemaak of verlies vermy het nie, geen boete opgelê kan word nie. Dit wil egter voorkom of selfs indien geen bedrag ten opsigte van wins of verlies of 'n boete geëis kan word nie, die bedrag (indien enige) wat ontvang is as vergoeding vir die bekendmaak van die inligting steeds geëis kan word. Die vereiste dat Trix sake moes gedoen het in die sekuriteite blyk nie hierop van toepassing te wees nie.

Indien Trix (die persoon aan wie binnekennis bekendgemaak is) as 'n binnekenner aanspreeklik is ingevolge artikel 77(1), is Carly gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik saam met Trix om die ekwivalent van die wins of verlies, rente en koste van die aksie te betaal (a 77(5)). Ten opsigte van aanspreeklikheid as 'n binnekenner ingevolge artikel 77(1), kyk hierbo.

Ingevolge artikel 77(4) kan die RFD siviele verrigtinge instel teen 'n binnekenner wat weet dat hy of sy binnekennis het en 'n ander persoon **aanmoedig om sake te doen of laat sake doen** in sekuriteite wat op 'n gereguleerde mark genoteer is en waarop die binnekennis betrekking het of wat waarskynlik daardeur geraak sal word.

'n Binnekenner (kon ons noem haar Simone) wat '**n ander person** (kom ons noem hom Jean-Paul) **aanmoedig** om sake te doen sal, indien Jean-Paul sake gedoen het in die betrokke sekuriteite, aanspreeklik wees om aan die RFD die ekwivalent van die wins wat gemaak is of sou kon word indien die sekuriteite op enige tydstip verkoop is of van die verlies vermy as gevolg van die doen van sake, te betaal, asook 'n boete (vir vergoedende of strafdoeleindes), rente, koste en die kommissie of vergoeding wat ten opsigte van die aanmoediging verdien is.

Hoewel dit 'n strafregtelike oortreding sou wees indien Simone binnekennis het en bloot vir Jean-Paul aanmoedig om sake te doen, is dit nog nie voldoende om siviele aanspreeklikheid op te lê nie. Jean-Paul moes sake gedoen het en as gevolg daarvan 'n wins behaal of verlies vermy het. Aangesien die boete nie meer as drie maal die wins of verlies hierbo genoem mag oorskry nie, blyk dit dat indien Jean-Paul nie sake gedoen het nie en nie 'n wins gemaak of verlies vermy het nie, geen boete opgelê kan word nie.

Indien Jean-Paul as 'n binnekenner aanspreeklik is ingevolge artikel 77(1), is Simone gesamentlik en afsonderlik saam met Jean-Paul aanspreeklik om die ekwivalent van die wins of verlies, rente en koste van die aksie te betaal (a 77(5)).

Ten einde as 'n binnekenner te kwalifiseer moes Jean-Paul (onder andere) geweet het dat hy binnekennis het. Dit kan die geval wees indien Simone hom nie slegs aangemoedig het om sake te doen nie maar ook die binnekennis aan hom bekendgemaak het. Ten opsigte van aanspreeklikheid as 'n binnekenner ingevolge artikel 77(1) en die omskrywing van 'n binnekenner, kyk hierbo.

Hoewel dit 'n misdryf is om iemand te ontmoedig om sake te doen (sien a 73(4)), word geen siviele aanspreeklikheid ten opsigte hiervan opgelê nie.

11.5 Die RFD en die Direkoraat van Markmisbruik

“Securities Services Act” aa 78; 82-83

Die magte en pligte van die **RFD** word in artikel 82 van die Wet vervat. Die RFD is verantwoordelik vir toesig oor die nakoming van die markmisbruikhoofstuk van die Wet wat die binnekennisbepalings en die bepalinge oor verbode handelspraktyke bevat (a 82(1)).

Benewens die instel van siviele aksies wat hierbo bespreek is (sien aa 77 en 82(1)(b)), het die RFD die bevoegdheid om aangeleenthede rakende binnekennistransaksies te ondersoek en om die bewys van eise en die distribusie van betalings te administreer. Die RFD kan persone dagvaar om inligting te verskaf, dokumente voor te lê of om vir ondervraging voor hulle te verskyn. Versuim om te verskyn, getuienis af te lê of enige dokument voor te lê is 'n misdryf (a 82(3)(d)). Die RFD mag persele betree en deursoek, dokumente ondersoek, uittreksels daaruit maak of daarop beslag lê. Dit moet ingevolge 'n lasbrief gedoen word, maar in sekere omstandighede is 'n lasbrief nie nodig nie. Die RFD het die bevoegdheid om 'n ondersoek te delegeer aan 'n persoon wat goedgevind word (a 82(4)).

Die Direkoraat op Binnekennistransaksies wat ingevolge artikel 12 van die Wet op Binnekennistransaksies as 'n komitee van die RFD ingestel is, bly bestaan ten spyte van die herroeping van daardie Wet (a 83(1)(b)). Dit het egter nou die titel van “**Direkoraat van Markmisbruik** (“Directorate of Market Abuse”) (a 83(1)(b)). Die bevoegdheid om siviele aksies ingevolge Hoofstuk VIII van die Wet in te stel en om aangeleenthede te ondersoek wat verband hou met die misdaad van binnekennistransaksies, verbode handelspraktyke (“prohibited trading practices”) en valse, misleidende en bedrieglike verklarings, beloftes en voorspellings word deur die Direkoraat uitgevoer namens die RFD (a 83(1)(c)).

Die Direkoraat is bevoeg om enige siviele verrigtinge wat ingevolge artikel 77 ingestel is terug te trek, te laat vaar, of te skik, maar enige skikkingsooreenkoms moet 'n hofbevel gemaak word en die bedrag wat ingevolge daarvan betaalbaar is, moet bekendgemaak word (a 78(1)). Waar siviele verrigtinge nie ingestel is nie, kan enige skikkingsooreenkoms op aansoek van die RFD 'n hofbevel gemaak word (a 78(2)).

Volgens alle aanduidings in die koerante, blyk dit dat die Direkoraat deeglik gebruik maak van sy bevoegdheid om skikkingsooreenkomste te bereik met persone teen wie dit moontlik 'n siviele eis sou kon bring.

🌀 **Aktiwiteit 11.1**

Pule is die persoonlike assistent van die besturende direkteur van Pro-Toys Bpk, 'n publieke genoteerde maatskappy betrokke by die ontwikkeling, vervaardiging en verspreiding van speelgoed. Sy moet die notule neem van 'n direksievergadering waarop die ontwikkeling van 'n nuwe produk bespreek word. Pule besef dat indien die nuwe produk vrygestel word, dit 'n positiewe invloed op die maatskappy se winsgewendheid sal hê. Sy vertel haar man, Severis, van die vergadering en die nuwe produk. Severis gee dadelik aan sy makelaar opdrag om namens hom aandele in Pro-Toys Bpk te koop. Toe Pule hoor wat haar man gedoen het, raai sy haar vriendin, Thembi, aan om aandele in Pro-Toys Bpk te koop. Toe Thembi haar vra hoekom sy dit moet doen, antwoord Pule bloot “Omdat ek so sê”. Thembi volg egter nie hierdie advies nie. Toe die nuwe produk vrygestel word, styg die prys van aandele in Pro-Toys Bpk aansienlik. Severis verkoop die aandele wat hy in Pro-Toys Bpk gekoop het teen 'n aansienlike wins.

Oorweeg of enige strafregtelike verrigtinge teen Pule en Severis ingestel kan word kragtens die binnekennisbepalings in die “Securities Services Act” van 2004.

➔ **Terugvoer**

U moet verduidelik dat die Wet drie tipes optrede verbied, nl sake doen, aanmoediging (of ontmoediging) en bekendmaking van binnekennis. Die vraag handel oor die moontlikheid om strafregtelike verrigtinge teen Pule en Severis in te stel.

Pule het **binnekennis bekendgemaak** and Severis en het ook vir Thembi **aangemoedig** om sake te doen in die aandele van Pro-Toys Bpk. Gee 'n opsomming van die reg en die omskrywings wat op hierdie twee misdrywe betrekking het. Dit sal aantoon wat die vervolging sal moet bewys om haar suksesvol vir hierdie twee misdrywe te vervolg. Pas die reg toe en kom tot 'n gevolgtrekking.

Severis het **sake gedoen** in die aandele van Pro-Toys Bpk en later sy aandele teen 'n wins verkoop. Som die reg en die definisies met betrekking tot hierdie misdryf op. Pas die reg toe en maak 'n gevolgtrekking.

Let daarop dat indien u 'n soortgelyke vraag in 'n eksamen moet beantwoord, punte aan u toegeken sal word indien u die regsbeginselfs korrek uiteensit en aantoon hoe u dit op die feite toepas, selfs indien die gevolgtrekking wat u uit die feite maak nie heeltemal korrek is nie.